**DIE MOEDER SE BELEWENIS VAN DIE AANPASSINGSPROBLEME VAN DIE KLEUTER NA DIE GEBOORTE VAN `N BABA**

deur

**HESTER MENSINA JOUBERT**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE**
**(SPELTERAPIE-RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. M. DUNN

NOVEMBER 2008

**VERKLARING**

Studentenommer: 478-865-6

Ek verklaar hiermee dat **DIE MOEDER SE BELEWENIS VAN DIE AANPASSINGSPROBLEME VAN DIE KLEUTER NA DIE GEBOORTE VAN `N BABA** my eie werk is en dat alle bronne wat gebruik of aangehaal is, deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is. Dit is `n verhandeling van beperkte omvang en moet sodanig beskou word.

____________________________ ________________________

HANDTEKENING DATUM
(MEV HM JOUBERT)

# BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag, naas my Hemelse Vader, my opregte dank en waardering uitspreek teenoor elkeen wat my ondersteun het en bygedra het om hierdie studie moontlik te maak.

- Dr. Munita Dunn vir bekwame studieleiding, opoffering, geduld, raad en positiewe gesindheid.
- Dr Susan Breytenbach en Suné van Heerden vir die taalkundige versorging.
- Rina Coetzee en Hedwig van der Westhuizen vir ondersteuning en aanmoediging.
- Respondente wat bereid was om hul omstandighede en belewenisse met my te deel.
- Die kundiges vir u belangstelling, ondersteuning en goedgesindheid.
- My man, René, vir begrip, aanmoediging, ondersteuning, geduld en liefde.
- My kinders, Ian en Martin, vir julle opoffering, ondersteuning en liefde.
- Die res van my familie en vriende vir al die belangstelling en ondersteuning.
- My medestudente vir kameraadskap.

# OPSOMMING

Merkbare verandering word soms in die kleuter se gedrag, emosies en verhoudings na die geboorte van `n baba waargeneem. Die doel van die kwalitatiewe studie was om die moeder se persepsie, belewenis en hantering van hierdie aanpassingsprobleme van die kleuter te verken. Semi-gestruktureerde onderhoude is met nege moeders gevoer. Uit die studie het dit duidelik geword dat onkunde ten opsigte van die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme aanleiding tot foutiewe persepsies by die moeder gegee het. Hierdie foutiewe persepsies het `n negatiewe invloed op die moeder se belewenis en hantering van die aanpassingsprobleme gehad. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat moeders betrek moet word vir ouerleiding wanneer aanpassingsprobleme by die kleuter aangemeld word. Verskeie aanbevelings wat van waarde kan wees tydens ouerleiding aan moeders van kleuters is deur die navorser gemaak.

**SLEUTELTERME**

Kleuter
Moeder
Gesin
Sibbe
Persepsie
Belewenis
Hantering
Aanpassingsprobleme

## SUMMARY

The birth of a sibling often results in a toddler displaying changes in behaviour, emotions and relationships. The aim of this qualitative study was to explore the mother's perception, experiences, as well as coping strategies of the toddler's adaptation problems, following the birth of a sibling. Semi-structured interviews were conducted with nine mothers. The study revealed that the mother's lack of knowledge and understanding of the developmental phase of the toddler, as well as the adaptation problems, manifested in misconceptions. These misconceptions affected her experiences of the adaptation problems, as well as how she managed it. The researcher concluded that mothers should be referred for parental guidance when adaptation problems are reported. Various recommendations to be used within parental guidance have been made.



**KEY TERMS**

Toddler
Mother
Family
Siblings
Perception
Experience
Management
Adaptation problems

## VERKLARING OOR GEBRUIKSTAAL

In die konteks van hierdie studie word daar deurlopend van die manlike vorm gebruik gemaak om na die kleuter te verwys, ten einde `n lomp stelwyse te voorkom. Die vroulike vorm sou ook daarmee veronderstel en ingesluit kon word.

Die vroulike vorm word gebruik wanneer daar na die moeder verwys word.

## INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| **VERKLARING** | **i** |
| **BEDANKINGS** | **ii** |
| **OPSOMMING** | **iii** |
| **SUMMARY** | **iv** |
| **VERKLARING OOR GEBRUIKSTAAL** | **v** |

**HOOFSTUK 1** ........ **1**

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **INLEIDING TOT DIE STUDIE** | **1** |
| **1.1** | **Inleiding** | **1** |
| **1.2** | **Rasionaal van die studie en probleemstelling** | **3** |
| **1.3** | **Probleemformulering** | **6** |
| **1.4** | **Navorsingsvraag** | **6** |
| **1.5** | **Doelstelling en doelwitte** | **7** |
| **1.5.1** | **Doelstelling** | **7** |
| **1.5.2** | **Doelwitte** | **8** |
| **1.6** | **Navorsingsbenadering** | **8** |
| **1.7** | **Soort navorsing** | **10** |
| **1.8** | **Navorsingsontwerp** | **11** |
| **1.9** | **Navorsingsprosedures en werkwyse** | **12** |
| **1.10** | **Uitvoerbaarheid van die studie** | **15** |
| **1.10.1** | **Literatuurstudie** | **15** |
| **1.10.2** | **Konsultasie met kundiges** | **16** |
| **1.10.3** | **Omskrywing van universum, populasie en steekproef** | **17** |
| **1.11** | **Etiese aspekte** | **19** |
| **1.11.1** | **Leed aan respondent** | **19** |
| **1.11.2** | **Ingeligte toestemming** | **20** |
| **1.11.3** | **Misleiding van respondente** | **20** |
| **1.11.4** | **Miskenning van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid** | **21** |
| **1.11.5** | **Aksies en bevoegdheid van die navorser** | **21** |
| **1.11.6** | **Publikasie van inligting** | **21** |
| **1.12** | **Definisies van hoofkonsepte** | **22** |
| **1.12.1** | **Kleuter** | **22** |
| **1.12.2** | **Moeder** | **22** |
| **1.12.3** | **Gesin** | **23** |
| **1.12.4** | **Sibbe** | **23** |
| **1.12.5** | **Belewenis** | **24** |
| **1.12.6** | **Voorbereiding** | **25** |
| **1.12.7** | **Aanpassingsprobleme** | **25** |
| **1.13** | **Hoofstuk indeling** | **26** |
| **1.14** | **Samevatting** | **27** |

HOOFSTUK 2 ........ 28
2 KONSEPTUELE RAAMWERK ........ 28
2.1 Inleiding ........ 28
2.2 Die kleuter ........ 28
2.2.1 Emosionele belewenis van die kleuter ........ 29
2.2.2 Kognitiewe funksionering ........ 33
2.2.3 Sosiale ondersteuning ........ 38
2.2.3.1 Die verhouding met die ouers ........ 39
2.2.3.2 Verhouding tussen sibbe ........ 40
2.2.3.3 Verhouding met portuurgroep ........ 42
2.3 Die aanpassingsprobleme by die kleuter ........ 45
2.3.1 Breë kategorieë van aanpassingsprobleme ........ 45
2.3.2 Simptome van stres by die kleuter ........ 47
2.3.3 Faktore wat aanpassing kan beïnvloed ........ 48
2.4 Die moeder se belewenis ........ 51
2.4.1 Verskillende rolle van die vrou ........ 52
2.4.2 Determinante van moederlike belewenis ........ 56
2.4.2.1 Kennis, houding en vaardighede ........ 56
2.4.2.2 Die emosionele volwassenheid van die moeder ........ 57
2.4.2.3 Gesondheid ........ 58
2.4.2.4 Persoonlikheidseienskappe van die kleuter ........ 58
2.4.2.5 Spanning ........ 59
2.4.2.6 Ondersteuning ........ 59
2.4.2.7 Eie ervaring as kind ........ 60
2.4.2.8 Werksbevrediging ........ 63
2.4.2.9 Gesinslewe ........ 63
2.4.2.10 Sosiale Norme ........ 64
2.4.2.11 Uitgestelde moederskap ........ 64
2.4.2.12 Die geboorte van `n tweeling ........ 65
2.4.3 Algemene belewenisse by moeders ........ 65
2.5 Samevatting ........ 67
HOOFSTUK 3 ........ 68
3 EMPIRIESE ONDERSOEK EN NAVORSINGSBEVINDINGS ........ 68
3.1 Inleiding ........ 68
3.2 Navorsingsprosedure en werkswyse ........ 68
3.2.1 Analisering van die probleem en beplanning van die navorsing ........ 68
3.2.2 Navorsingsbenadering ........ 69
3.2.3 Navorsingsontwerp ........ 69
3.2.4 Literatuurstudie ........ 70
3.2.5 Die omskrywing van universum, populasie en steekproefneming ........ 70
3.2.6 Metode van data insameling ........ 72
3.2.7 Hantering van data ........ 73
3.3 Bespreking van die resultate ........ 74
3.3.1 Tema 1: Die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme ........ 74
3.3.2 Tema 2: Die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme ........ 83
3.3.3 Tema 3: Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme ........ 100

**3.4 Samevatting .......... 115**
**HOOFSTUK 4 .......... 116**
**4 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS .......... 116**
**4.1 Inleiding .......... 116**
**4.2 Navorsingsvraag, doelstelling en doelwitte .......... 116**
**4.3 Gevolgtrekkings .......... 118**
**4.3.1 Tema 1 : Die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme .......... 118**
**4.3.2 Tema 2: Die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme .......... 119**
**4.3.3 Tema 3: Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme .......... 122**
**4.4 Aanbevelings .......... 123**
**4.5 Leemtes in die studie .......... 125**
**4.6 Samevatting .......... 126**
**BIBLIOGRAFIE .......... 128**

## LYS VAN TABELLE

| | | |
|---|---|---|
| **Tabel 2.1** | **Die vorme van spel** | **43** |
| **Tabel 2.2** | **Simptome van stres by die kleuter** | **47** |

## LYS VAN ADDENDA

| | |
|---|---|
| **Addendum 1 -** | **Inligtingsbrief** |
| **Addendum 2 -** | **Ingeligte toestemming** |
| **Addendum 3 -** | **Skedule vir die semi-gestruktureerde onderhoud** |

**HOOFSTUK 1**

# 1 INLEIDING TOT DIE STUDIE

## 1.1 Inleiding

Die tydperk na die geboorte van `n baba word deur Volling (2005:542) as spanningsvol vir beide ouers en die kleuter beskryf. Nuwe verantwoordelikhede noodsaak volgens Stewart (1990:82) verskeie aanpassings in die gesin. Daar word soms vir die eerste keer van die vader verwag om by die versorging van die kleuter, asook ander huishoudelike take, betrokke te raak. Die eise wat die baba aan die moeder stel, haar belewenis van `n onvermoë om alles te kan behartig, haar kritiese beoordeling van die wyse waarop die vader die take verrig en haar belewenis van die kleuter se aanpassingsprobleme kan haar funksionering beïnvloed en tot baie spanning lei. Spagnola en Fiese (2007:284-299) wys daarop dat die kleuter se ontwikkeling bevorder word deur `n vaste gesinsroetine, bekende rituele, voorspelbaarheid van ouers se optrede en `n gesonde emosionele klimaat in die gesin. Hulle beklemtoon dat drastiese verandering in die gesin, soos na die geboorte van `n baba, direk verband hou met veranderinge in die kleuter se kognitiewe, taal, emosionele en sosiale ontwikkeling. Die moeder se belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba kan dus `n invloed op die ontwikkeling van die kleuter hê.

Weens die ouers se gebrek aan kennis en insig ten opsigte van die ontwikkelingsfase asook die aanpassingsprobleme van die kleuter, kan hulle onrealistiese verwagtinge aan die kleuter stel. Die kleuter se hele wêreld bestaan volgens Stewart (1992:41) aanvanklik net uit homself as middelpunt en sy ouers wat ter wille van hom bestaan. Richardson (2006:9) sluit hierby aan met die stelling dat die kleuter oor die algemeen net op sy eie behoeftes en begeertes kan konsentreer. Kognitief is sy denke onlogies, onomkeerbaar en egosentries. Die kleuter kan nie empatie met ander toon nie, aangesien hy homself nie in `n ander se posisie kan indink nie. Die kleuter brei sy wêreld volgens Berk (1996:274) geleidelik uit met dit waarvoor hy kans sien, sonder om afstand te doen van iets. Daarom

is dit vir `n kleuter moeilik om skielik aan te pas by `n baba in die gesin wat sy moeder van hom af wegneem. Sy hele wêreld verander en hy probeer op verskeie maniere om die balans weer te herstel. Die navorser is van mening dat die moeder as gevolg van die aanpassingsprobleme by die kleuter talle gevoelens en emosies kan ervaar wat haar funksionering, verhouding met die kleuter en haar hantering van die probleme kan beïnvloed.

Die skeiding tussen die moeder en die kleuter tydens haar verblyf in die hospitaal, asook tydens haar betrokkenheid by die baba kan volgens Stewart (1990:83) baie stresvol vir beide wees en kan `n invloed op hul verhouding hê. Dunn en Kendrick (1982:25) beklemtoon ook dat die verandering in die interaksie patroon tussen moeder en kleuter na die geboorte van `n baba gedragsveranderinge by die kleuter tot gevolg het. Die kleuter wat `n hegte binding met sy moeder gevorm het, sal hierdie verhouding met sy moeder besitlik of jaloers probeer beskerm teen die tussenkoms van die baba. Jaloesie is `n ongemaklike gewaarwording dat `n belangrike verhouding deur `n derde party bedreig word, soos in die geval van `n nuwe baba wat skielik baie van die moeder se tyd en aandag opeis (Claton & Smith in Rossouw, 2003:1). Volgens Hames (Babycentre, 2007), asook Berk en Brendt (in Louw, 2003:301) kan dit vir `n kleuter, wat nog altyd die middelpunt van almal, veral sy moeder, se liefde en aandag was, moeilik wees om die baba met ope arms in sy huis te ontvang. Die moeder kan in hierdie tyd ambivalente gevoelens beleef. Aan die een kant beleef sy vreugde en opgewondenheid oor die geboorte van die baba, maar sy kan ook skuldig, bekommerd, hartseer en raadop voel oor die onverwagse aanpassingsprobleme wat by die kleuter voorkom. Die moeder kan oorweldig voel as gevolg van al die eise wat deur die versorging van die baba en die kleuter aan haar gestel word.

Die navorser het tydens die studie die moeder se belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter verken om vas te stel hoe sy die probleme op emosionele vlak ervaar het. Daar is gekyk na die betekenis wat sy aan die probleem geheg het en hoe dit haar reaksie op die probleem beïnvloed het. Haar kennis en begrip rondom die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme is verken

om vas te stel of dit `n invloed op haar belewenis gehad het. Die invloed van die moeder se belewenis op die moeder-kind-interaksie is ook ondersoek. Daar is verken hoe sy haarself bemagtig en watter invloed die ondersteuning wat sy van die vader en van ander gekry het, op haar belewenis en hantering van die probleme gehad het.

## 1.2 Rasionaal van die studie en probleemstelling

Die navorser, `n maatskaplike werker wat vir tien jaar as onderwyseres by `n kleuterskool gewerk het, was verskeie kere deur ouers geraadpleeg oor aanpassingsprobleme by die kleuter met die geboorte van `n baba. Dit was duidelik dat die aanpassingsprobleme, van kind tot kind verskil het en dat dit ook soms `n invloed op die kleuter se aanpassing by die skool gehad het. Van die moeders was onkundig oor die ontwikkelingsfase van die kleuter en wat van die kleuter verwag kon word. Die navorser het ervaar dat ouers se belewenis en hantering van die probleme verskil het. Sommige moeders het die probleme bloot gesien as `n soeke na aandag of stoutigheid by die kleuter wat met straf reggestel kan word, terwyl ander skuldig gevoel het en hulp wou hê om hul kleuter liefdevol en ongeskonde deur hierdie aanpassing te kon lei. Sommige moeders was bekommerd en het geverbaliseer dat hulle verwerp gevoel het en dat hulle onkundig voel om die probleme te hanteer.

Tydens die literatuurstudie het dit verder duidelik geword dat die geboorte van `n baba vir die meeste kleuters en ouers `n moeilike aanpassing is. Veral die moeder beleef hierdie probleme negatief aangesien sy as primêre versorger die meeste kontak met die kleuter het en die aanpassingsprobleme `n invloed op hul verhouding het. Die invloed van die aanpassingsprobleme van die kleuter behoort nie onderskat te word nie soos duidelik uit onderstaande blyk.

- Chandler (1985:43) het in sy navorsing oor stres by kinders, die twaalf mees algemene stressors geïdentifiseer. Dit is opmerklik dat die geboorte van `n baba tweede op sy lys was met 50.8%. Dit wil dus sê dat die geboorte van `n baba by ongeveer die helfte van sy respondente tot ernstige stres aanleiding gegee het. Die

navorser is van mening dat as daar in ag geneem word dat jongste kinders nie blootgestel was aan `n baba nie, die persentasie dalk veel hoër kon gewees het. Rutter (in Campbell, 1990:122) beskou ook die geboorte van `n baba as een van die grootste oorsake van stres by kleuters.

- Dunn (in Cicirelli, 1995:48) sluit hierby aan dat die geboorte van `n baba `n kritieke lewensgebeurtenis in die lewe van `n kleuter is wat sy wêreld op vele terreine en wyses raak. Die kind se reaksie op hierdie veranderinge kan `n invloed op sy emosies, gedrag, verhoudings en ontwikkeling hê.
- Holmes en Rahe (vergelyk Louw & Edwards, 1998:575; Louw, Van Ede & Louw, 2003:494) wat die uitwerking van stresvolle lewensgebeurtenisse op volwassenes ondersoek het, het `n lys saamgestel volgens die heraanpassing wat vereis word na die gebeurtenis. Verskeie stresvolle lewensgebeurtenisse is geïdentifiseer en op `n lys van mees na minste stresvol geplaas. Die geboorte van `n baba was 10de op die lys van 28 stressors, met `n impakskaal van 39 wat baie hoog is. Dit wil dus sê dat die aanpassing na die geboorte van `n baba baie stresvol vir die ouers is. Die ouers se belewing en reaksie op die spanning en aanpassings kan `n negatiewe effek op die kleuter hê.
- Volkan (vergelyk Akhtar & Kramer, 1999:119; Neubauer, 1999:184) maak melding van die "unconscious womb fantasies" wat by volwassenes tydens psigoanalise beskryf is. Hul traumatiese ervaring as kleuter van hul moeder se swangerskap en die geboorte van die indringer het by hul fantasieë gewek dat hulle in die moeder se baarmoeder met die baba oorlog gemaak het en oorwin het om as alleen inwoner van die baarmoeder oor te bly. Hul fantasie om die baba dood te maak, het die vrees laat ontstaan dat hulle die moeder se liefde kon verloor. Hierdie konflik in hulself het gelei tot angs en hul het met verplasing en vermyding gereageer. Die moeder se baarmoeder het vir hulle `n geslote ruimte soos `n kas geword en hulle vermy dit om in so `n ruimte vasgevang te word. Simptome soos engtevrees kom dan voor.

Volgens Volkan (in Akhtar & Kramer, 1999:117) kan die aanpassing net `n tydelike ontwrigting vir die kleuter wees, mits hy in `n redelike gesonde atmosfeer opgegroei het,

steeds `n hegte binding met sy moeder het en hy bewus gemaak word van die feit dat hy sy moeder met hierdie nuwe baba kan deel sonder vrees vir sy eie oorlewing. Die navorser is van mening dat die kleuter se verhouding met die moeder `n groot rol in die kleuter se aanpassing speel. Indien die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme haar verhouding met die kleuter affekteer en die algemene atmosfeer in die huis beïnvloed kan dit tot ernstige aanpassingsprobleme by die kleuter lei wat sy ontwikkeling kan beïnvloed.

Die navorser het tydens die literatuurstudie bewus geword dat daar `n leemte bestaan aan inligting oor die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter met die geboorte van `n baba. Volgens Birns en Hay (1988:283) bestaan daar `n behoefte aan navorsing oor moeders aangesien daar oor die algemeen `n stereotipe ideale moeder voorgehou word. Die moeder se subjektiewe belewenis van moederskap behoort volgens hulle ondersoek te word. Die outeurs beveel aan dat daar gekyk moet word na faktore wat `n invloed het op die moeder se emosies, denke en reaksies en hoe dit die verhouding tussen moeder en kind beïnvloed.

Daar was wel navorsing gedoen oor die persepsie van ouers aangaande regressiewe gedrag by kleuters, maar daar was `n fokus verskil tussen die studies. In die studie oor die regressiewe gedrag was daar verskeie aanleidende oorsake tot die regressie en slegs ouers wat bewus was van hul kind se regressiewe gedrag is genader. In hierdie studie word na verskeie aanpassingsprobleme verwys, nie net regressie nie en die oorsaak van die aanpassingsprobleme is spesifiek die geboorte van `n baba. Slegs moeders van kleuters wat vanaf September 2007 tot Julie 2008 `n baba gehad het, is by die studie betrek, maar aanpassingsprobleme by die kleuter was nie `n voorvereiste om aan die studie deel te neem nie. Verder het die belewenis van die moeder `n duidelike emosionele komponent wat nie noodwendig by persepsie teenwoordig is nie.

Met die nuwe insigte uit die navorsing kan moeders toegerus word met inligting om `n realistiese persepsie te verkry oor die kleuter se ontwikkelingsfase en aanpassingsprobleme om hom deur die aanpassing met die geboorte van `n baba te

begelei. Dit kan ook van waarde wees vir spelterapeute, maatskaplike werkers, kleuterskool onderwyseresse, sielkundiges en enige professie wat met kleuters werk. Die navorser se bewuswording van die probleem het aanleiding gegee tot die studie en word vervolgens bespreek.

## 1.3 Probleemformulering

Fouché (2005:100) is van mening dat die probleemformulering belangrik is om die navorsing te fokus. Bouma en Ling (2006:vii) beskou probleemformulering as die vernouing en verheldering van die probleem. Volgens Graziano en Raulin (in Fouché, 2005:100) is vae idees nie voldoende nie. Die probleem moet duidelik geformuleer wees. Dit moet verfyn word, sodat dit presies sê wat in die studie ingesluit word en wat uitgesluit is. Hierdie probleem rig in `n groot mate die res van die studie.

In die lig van die beskrywing en die verkenning van die probleem wat in die voorafgaande afdeling as agtergrond geskets is, is die volgende breë vrae gestel:

- Watter aanpassingsprobleme kom voor en hoe word dit deur die moeder beoordeel?
- Hoe beleef die moeder die aanpassingsprobleme? Watter emosies ervaar sy?
- Het haar belewenis van die probleme `n invloed op haar hantering van die aanpassingsprobleme?

Die probleem wat in hierdie ondersoek nagevors is, is die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba.

## 1.4 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag hou verband met die doel van die studie en dui aan wat die fokus van die ondersoek gaan wees (Babbie, 2002:108). Volgens Fouché (2005:100) is die meeste skrywers oor navorsingsmetodologie dit eens dat dit belangrik is om `n spesifieke

probleem, vraag of hipotese te kry, sodra die navorsingsonderwerp bepaal is. Die navorsingsvraag of hipotese is nodig om die navorsing te fokus. Die keuse tussen `n navorsingsvraag of `n hipotese sal volgens Walsh (2001:33) afhang van die tipe navorsing wat gedoen gaan word. Wanneer `n bestaande teorie getoets word, word daar van `n hipotese gebruik gemaak. `n Hipotese is `n stelling of `n voorspelling oor die uitkoms van die navorsing. Tydens die verkennende en beskrywende, kwalitatiewe benadering word `n navorsingsvraag geformuleer om die navorsing te rig ten einde `n beter begrip vir die spesifieke onderwerp te verkry.

Hierdie studie was `n verkennende, sowel as `n beskrywende studie en daarom is die navorsingsvraag vir die doel van hierdie studie soos volg geformuleer: ***Wat is die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba?***

## 1.5 Doelstelling en doelwitte

Vir die doeleindes van hierdie studie word die doelstelling en doelwitte onderskeidelik soos volg geformuleer:

### 1.5.1 Doelstelling

Volgens Fouché en De Vos (2005:104) se interpretasie is die doelstelling die groter doel of droom wat bereik wil word. Dit is dus die einde of doel wat die navorser wil bereik. Monette, Sullivan en De Jong (2005:325) stem saam en beskryf doelstellings as die verlangde einddoel van die program.

Die doelstelling van hierdie studie was om die moeder se belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba te verken en te beskryf.

### 1.5.2 Doelwitte

Doelwitte word deur Fouché en De Vos (2005:104) beskryf as die stappe wat een vir een gevolg gaan word om die doelstelling te bereik. Dit moet spesifiek, duidelik en uitvoerbaar wees. Fouché (2005:116) en Monette, Sullivan en De Jong (2005:325) sien doelstellings as die meetbare kriteria vir sukses.

Ten einde bogenoemde doelstelling te kon bereik, is die volgende doelwitte gestel, naamlik:

- `n Teoretiese verkenning van die literatuur is gedoen ten einde die aspekte in die ontwikkelingsfase van die kleuter wat aanleiding kan gee tot die aanpassingsprobleme, die manifestasie van die aanpassingsprobleme by die kleuter asook die moeder se belewenis, aan die hand van die literatuur te ondersoek en te beskryf.
- Gesprekke met kundiges, wat gereeld in kontak met ouers van kleuters is, is gevoer ten einde vaste stel of ouers hulle al geraadpleeg het oor hul belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba.
- Semi-gestruktureerde onderhoude is met nege moeders gevoer ten einde hul belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba te kon bepaal.
- Temas en subtemas is uit die semi-gestruktureerde onderhoude geïdentifiseer.
- Die data is geanaliseer, gekontroleer en beskryf.
- Gevolgtrekkings en aanbevelings wat van waarde kan wees tydens ouerleiding is gemaak.

## 1.6 Navorsingsbenadering

Volgens Fouché en De Vos (2005:110) gaan dit in die navorsingsbenadering oor die keuse tussen die gebruik van `n kwalitatiewe- of kwantitatiewe benadering.

Marshall en Rossman (in Fouché & De Vos, 2005:110) stel dit as volg: “this involves matching the purpose (goal) of the research with the research question, and eventually not only with a particular approach, but also with design (quantitative) or strategy (qualitative)”. Dit was `n belangrike besluit om te neem, aangesien die navorsingsproses verskillend sou verloop afhangend van die keuse wat gemaak is.

Die verskil tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering sal nou aan die hand van Walsh (2001:7) verduidelik word. Die kwantitatiewe benadering het ten doel om numeriese data in te samel. Meetbare data word versamel deur vrae soos “hoeveel?”, “hoe gereeld?”, “watter persentasie van die proporsie?” of “tot watter mate is daar `n verhouding tussen X en Y?” te vra. Sodra die data versamel is, word statistiese tegnieke gebruik om die numeriese patrone en verhoudings in die data vas te stel en te beskryf. Die kwantitatiewe benadering maak altyd van `n vorm van meting gebruik soos standaard vraelyste terwyl die kwalitatiewe benadering vir `n natuurlike manier van ondersoek na mense se gevoelens, ervarings, gedrag en manier van leef voorsiening maak. Navorsing waarby mense en hul ervarings betrek word, kan nie altyd gemeet word in numeriese waardes nie.

Die kwalitatiewe benadering is volgens De Vos (2005:335) `n logiese strategie om kennis en inligting te bekom. Fortune en Reid (in Fouché & Delport, 2005:74) se siening oor die kwalitatiewe benadering, met spesifieke verwysing na semi-gestruktureerde onderhoude, is dat dit die navorser in staat stel om kennis te verkry van hoe die betrokkenes hul lewe konstrueer. Begrip vir die persoon in die situasie kan tydens die insameling van die inligting deur die navorser verkry word, aangesien dit buigbaar is en waardevolle inligting opgevolg kan word om die hele prentjie te verkry. Daar word van oop vrae gebruik gemaak en hoewel `n skedule opgestel word vir die onderhoud is dit slegs `n gids of `n hulpmiddel en nie iets waarby ten alle koste gehou moet word nie. Die deelnemer deel dus openlik en word as die kenner op die gebied beskou en hanteer (Greeff, 2005:296).

Die navorser het van die kwalitatiewe benadering gebruik gemaak, aangesien dit voorsiening gemaak het om op `n natuurlike manier ondersoek in te stel na die moeder se belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter. Haar gevoelens oor en haar ervaring van die probleme, asook haar hantering daarvan, kon deur middel van oop vrae eksploreer word. Begrip vir die betekenis wat die respondent aan die situasie heg kon tydens die insameling van inligting ontwikkel word. Tydens die semi-gestruktureerde onderhoud kon inligting ingewin word en vrae, waar nodig, aangepas word ten einde die volledige prentjie te kon verkry.

## 1.7 Soort navorsing

Navorsing kan verdeel word in toegepaste en basiese navorsing. Fouché en De Vos (2005:105) stem saam met Arkava en Lane (1983:11-13) dat toegepaste en basiese navorsing, breë doelstellings van navorsing is, terwyl verkennende, beskrywende en verduidelikende ontwerp, doelwitte is.

Toegepaste navorsing word deur Fouché en De Vos (2005:105) beskryf as navorsing wat gerig is om spesifieke beleidsprobleme in die praktyk op te los. Volgens Newman (2003:22) fokus toegepaste navorsing op `n spesifieke saak of verskaf oplossings aan `n spesifieke probleem. Dit dui op `n vinnige, kleinskaalse studie wat praktiese resultate lewer en oor `n korttermyn gebruik kan word. Walsh (2001:5) beskryf toegepaste navorsing as navorsing wat op werklike situasies of probleme gerig is. Die doel daarvan is om oplossings te vind of aanbevelings te maak, om prosedures of beleid te verander of om begrip te ontwikkel vir die probleem of situasie.

Toegepaste navorsing was dus ideaal vir die doel van hierdie studie, omdat dit op klein skaal oor `n kort termyn praktiese resultate kon lewer en `n invloed kan hê op toekomstige dienslewering, aangesien dit help om begrip te ontwikkel vir die spesifieke probleem. Dit help om begrip te ontwikkel vir die moeder se belewenis en hantering van

die kleuter se aanpassingsprobleme en kan `n invloed op toekomstige dienslewering aan moeders van kleuters hê.

Die navorsingsdoelwitte vir hierdie studie is verkennend en beskrywend van aard. `n Verkennende studie word volgens Fouché en De Vos (2005:106) gedoen om insig te verkry in `n situasie, verskynsel, gemeenskap of individu en die vrae "wat?" en "watter?" word gevra ten einde insig te ontwikkel. Die beskrywende studie gaan die vrae "hoe?" en "hoekom?" beantwoord (Fouché & De Vos, 2005:106). Dit gee spesifieke detail van die situasie en verhoudings. Volgens Walsh (2001:5) beskryf die beskrywende studie die situasie of probleem volledig. Beskrywende ontwerp is `n intense ondersoek en skets volgens Fouché en De Vos (2005:106) `n duidelike prentjie van die situasie of verhouding en die betekenis daarvan in die beskrywing. Tydens die studie het die navorser insig ontwikkel in die belewenis van die moeder rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter deur dit te verken en volledig te beskryf.

## 1.8 Navorsingsontwerp

Navorsingsontwerp verwys volgens sommige skrywers na al die besluite wat die navorser neem om sy studie te beplan (Fouché, 2005:268). Dit is die plan, bloudruk of resep van hoe die navorser te werk wil gaan om die navorsing uit te voer. Dit fokus op die eindproduk, met die navorsingsprobleem as vertrekpunt (Fouché & De Vos, 2005:132; Delport 2005:159). Volgens Walsh (2001:2) is die navorsingsontwerp `n gestruktureerde, beplande benadering van ondersoek, wat verseker dat die navorsing op `n logiese, planmatige manier voortgaan.

Die navorsingsontwerp wat gekies word deur die kwalitatiewe navorser sal volgens Fouché en Delport (2005:83) en Strydom (2005:68) afhang van die doel van die studie, die navorsingsvraag, die vaardighede en hulpbronne beskikbaar. Die kwalitatiewe navorser kan volgens Fouché (2005:269) tydens die navorsing die navorsingsontwerp ontwikkel wat die beste sal pas by die navorsingsprojek.

Vir die doel van hierdie studie is daar van kollektiewe gevallestudies en die fenomenologiese benadering gebruik gemaak. Die kollektiewe gevallestudie is volgens Fouché (2005:272) `n ondersoek om `n sosiale kwessie of probleem beter te verstaan of om teorie uit te brei. Vir die doel van hierdie studie is daar nege gevalle bestudeer ten einde begrip vir die probleem te ontwikkel. Nege respondente se belewenisse is dus ondersoek. Daar is nie net op `n geval gefokus ter wille van die geval nie, maar daar is met nege moeders onderhoude gevoer ten einde die sosiale kwessie beter te verstaan. Dit fasiliteer dus die inwinning van kennis oor `n spesifieke probleem. Met die fenomenologiese benadering het die navorser gepoog om haarself in die respondent se skoene te plaas en te verstaan en te beleef wat die respondent beleef. Dit was belangrik dat die respondent moes ervaar dat die navorser opreg belangstel en verstaan sonder om haar te veroordeel.

Tydens die onderhoud met die respondent het die navorser dus `n ondersoek gedoen om kennis in te win en insig te ontwikkel in die respondent se belewenis deur vrae te stel en waarnemings te maak. Die interaksie tussen die navorser en respondent het gereflekteer dat die navorser verstaan wat die respondent beleef sonder om haar te veroordeel.

## 1.9 Navorsingsprosedures en werkwyse

Daar is `n literatuurstudie gedoen om inligting in te samel ten einde die studie te fokus en om insig te ontwikkel in die probleem. Inligting is ingesamel oor die aanpassingsprobleme by kleuters met die geboorte van `n baba, die ontwikkelingsfase van die kleuter en die belewenis van die moeder. Volgens Strydom (2005:206) help die literatuurstudie om die aard en betekenis van die geïdentifiseerde probleem duidelik te verstaan.

Tweedens is daar met kundiges in die veld, wat gereeld met ouers van kleuters te doen kry, onderhoude gevoer ten einde vas te stel of ouers al hul bekommernis oor die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van die baba met hulle bespreek het.

Voordat daar begin kan word om data in te samel is dit volgens De Vos (2005:334) baie belangrik om te besluit hoe die inligting verkry tydens die onderhoude vasgelê sal word. Daar kan nie op geheue alleen staatgemaak word nie en `n navorser wat notas neem tydens die onderhoud kan waardevolle inligting mis en veroorsaak dat die gesprek onnatuurlik verloop. Die navorser het van video-opnames gebruik gemaak en het die respondente vooraf deeglik daaroor ingelig en hul toestemming daarvoor verkry. Die navorser was bewus dat die kamera `n invloed op die respondent se spontane deelname kon gehad het, maar dit was noodsaaklik dat alle inligting beskikbaar moes wees vir analisering.

Afrikaanssprekende moeders met kleuters wie se tweede babas tussen September 2007 en Julie 2008 gebore is, is met die hulp van Kleutergenot kleuterskool geïdentifiseer en by die ondersoek betrek totdat, dieselfde patrone in die data na vore gekom het en `n versadigingspunt bereik is. Daar is van semi-gestruktureerde onderhoude, asook van natuurlike waarneming gebruik gemaak. Hierdie metode is volgens Greeff (2005:291) baie waardevol om `n duidelike beeld van die respondent se situasie te verkry, omdat dit buigsaam is en aanpassings gemaak kan word tydens die onderhoud ten einde die hele beeld te verkry. Nuwe vrae is gestel om onduidelikheid uit die weg te ruim en daar is teruggekeer na onderwerpe waaroor daar steeds onduidelikheid bestaan het. Waarnemings wat gemaak is, is gereflekteer en geëksploreer. Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude is gepoog om te begryp hoe die respondent haar leefwêreld beleef en hoe sy uit gebeure sin maak. `n Skedule as hulpmiddel is tydens die onderhoude gebruik om die onderhoude te rig, maar dit het slegs as riglyn gedien. Die vrae is gerig rondom die respondent se belewenis, gevoelens, oortuigings en reaksies ten opsigte van die tema onder bespreking.

Na afloop van die onderhoude is die data verkry, aan die hand van De Vos (2005:334-339) en Walsh (2001:79-91) se raamwerk geanaliseer. Die data analise was `n tydsame proses en `n belangrike deel van die navorsing. Kwalitatiewe navorsing kan volgens Walsh (2001:79-91) moeilik wees om te analiseer, omdat oop vrae en waarnemings tydens onderhoude gebruik word in plaas van geslote vrae op vraelyste. Die antwoorde

van die respondente kan dus uiteenlopend van aard en moeilik voorspelbaar wees. Sommige inligting en aantekeninge kan neergeskryf wees op die vraelys wat gebruik is om die onderhoud te rig en kan baie van respondent tot respondent verskil wat inhoud en lengte betref. Die navorser het afskrifte van die vraelyste gemaak en die oorspronklike vraelyste bewaar. Die inligting op die videobande wat tydens die onderhoud gemaak is, is neergeskryf. Al die inligting op die vraelyste en notas oor die videobande is ontleed en belangrike inligting is van die onbelangrike inligting geskei. Dit is in `n hanteerbare formaat georganiseer. Temas en sub-temas is gevind en benoem en data is tussen die temas verdeel. Die temas en sub-temas wat in die navorsing geïdentifiseer is, is met bestaande literatuur gekontroleer en beskryf. Die kwalitatiewe data is nie grafies weergegee nie, maar is in `n geskrewe verduideliking van bevindings weergegee.

Volgens De Vos (2005:334) is daar nege stappe in die proses van kwalitatiewe data analisering wat ook deur die navorser gevolg is, naamlik:

- Video opnames van die gesprekke, asook kort aantekeninge van waarnemings tydens gesprekke is gemaak sodat data nie verlore sou gaan nie.
- Die navorser het tydens die data-insameling reeds belangrike waarnemings gemaak. Nie-verbale boodskappe, liggaamshoudings en reaksies het waardevolle inligting verskaf. Hierdie waarnemings is aangeteken en geïnterpreteer.
- Data is georganiseer en afskrifte is gemaak.
- Daar is na die video's van al die onderhoude gekyk en dit is getranskribeer.
- Die getranskribeerde onderhoude is daarna herhaaldelik deurgelees om `n oorsigtelike geheelbeeld te verkry.
- Daar is na temas en sub-temas uit die inligting gesoek.
- Kodering van data by temas en sub-temas is gedoen.
- Die bevindings wat hieruit voortgespruit het, is aan die hand van die bestaande literatuur getoets.
- Alternatiewe verduidelikings is oorweeg.
- Die verslag is geskryf.

## 1.10 Uitvoerbaarheid van die studie

Die navorsingstudie is as uitvoerbaar beskou soos blyk uit die uitgebreide literatuurstudie, konsultasie met kundiges, asook gesprekke met moeders. Sien onder elke afdeling waarom dit as uitvoerbaar beskou is.

### 1.10.1 Literatuurstudie

Die doelstelling van hierdie literatuurstudie kon aan die hand van Lourens (2004:20) soos volg opgesom word:

- Die navorser het met die betrokke areas van belang vir die studie bekend geraak.
- `n Toepaslike navorsingsprobleem is vanuit die literatuur geïdentifiseer.
- Bewyse dat die voorgenome navorsing nodig of relevant is, kon tydens die literatuurstudie gevind word.
- Bevindings en idees in die literatuur is met eie insigte en oordele vergelyk.

Nasionale en internasionale bronne in die biblioteke van die Universiteit van Suid-Afrika, asook Universiteit van Pretoria, is geraadpleeg. Verskeie elektroniese bronne soos na verwys in die bronnelys is geraadpleeg. Uitgebreide navorsing is in die tagtiger en negentiger jare deur Dunn en kollegas oor verskeie aspekte rakende die verhoudings tussen sibbe, asook die moeder se veranderende rol gedoen en verskeie boeke hieroor is gepubliseer. In die resente literatuur word daar steeds na Dunn se navorsing rondom sibbe verwys. Geen navorsing oor die moeder se belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba kon opgespoor word nie. Daar is wel navorsing gedoen oor die persepsie van die ouers aangaande regressiewe gedrag by die kleuter, maar daar is `n fokus verskil tussen die studies. In die studie oor die regressiewe gedrag was daar verskeie aanleidende oorsake tot die regressie en slegs ouers wat bewus was van hul kind se regressiewe gedrag is genader. In hierdie studie word na verskeie aanpassingsprobleme verwys, nie net regressie nie en die oorsaak van die aanpassingsprobleme is spesifiek die geboorte van `n baba. Slegs moeders van kleuters wat vanaf September 2007 tot Julie 2008 `n baba gehad het, is by die studie

betrek en aanpassingsprobleme by die kleuter was nie `n voorvereiste om aan die studie deel te neem nie. Die belewenis van die moeder het `n duidelike emosionele komponent by wat nie noodwendig by persepsie teenwoordig is nie.

Hierdie studie is vanuit die velde van sielkunde, maatskaplike werk, verpleging en onderwys gedoen. Tydens die literatuurstudie van toepaslike literatuur, joernale, vaktydskrifte, navorsingsresultate en elektroniese bronne is die volgende verken:

- Die ontwikkelingsfase van die kleuter.
- Voorbereiding van kleuters op die geboorte van `n nuwe baba.
- Aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba.
- Verhoudings wat dien as sosiale ondersteuning vir die kleuter.
- Die invloed van `n tweede baba op die gesinsfunksionering.
- Die moeder se veranderende rol.
- Die moeder se belewenis van moederskap en haar eie kinderjare.
- Determinante van die moeder se belewenis.

### 1.10.2 Konsultasie met kundiges

Konsultasie met verskeie kundiges, wat uit die aard van hul werk baie met ouers en kleuters te doen kry, is gevoer ten einde die uitvoerbaarheid van die studie te bepaal. Die kundiges is almal reeds etlike jare in die praktyk betrokke by ouers en kleuters. `n Semi-gestruktureerde onderhoud is met hulle gevoer en `n vraelys is as hulpmiddel gebruik.

Die volgende kundiges is geraadpleeg:

- **Mev. Franci Heyman:** Hoof en eienaar van Kleutergenot Kleuterskool. Die kleuterskool bestaan reeds twee-en-twintig jaar en is een van die grootste kleuterskole in die Ooste van Pretoria met ongeveer 300 kleuters. Sy is reeds 32 jaar betrokke by kleuters en ouers.

- **Ds Jannie Du Plessis**: Leraar by NG Gemeente Elarduspark. Hy is spesifiek betrokke by die kleuter- en kinderkerk en die Sondagskool van die gemeente. Hy doen die voorbereiding van voornemende doopouers. Saam met sy vrou bied hulle gereeld naweke aan vir ouers van die gemeente waartydens ouerleiding gegee word. Hy is dus betrokke by ouers en kleuters.

- **Mev. Karien Camphor:** Verpleegkundige in privaat praktyk. Sy bied reeds 24 jaar voor- en nageboorte klasse aan. Sy bied ook die volgende baba konsultasies aan: hulp met borsvoeding en ander voeding, immunisering, baba massering, siek babas, weeg van babas, algemene advies ens. Sy werk elke dag met ouers van babas en kleuters en word gereeld deur ouers oor probleme met die kleuter na die geboorte van `n baba geraadpleeg.

Die doel van die konsultasie met die kundiges was om vas te stel of ouers hul bekommernis rondom die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba met hulle bespreek het.

Al die kundiges was reeds verskeie kere deur ouers oor aanpassingsprobleme van kleuters na die geboorte van `n baba geraadpleeg . Hulle was van mening dat daar `n behoefte bestaan by ouers aan kennis en insig oor die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook aanpassingsprobleme wat deur kleuters ervaar word. Die kundiges was van mening dat die ouers bekommerd, onseker en soms ontoereikend voel en dat dit hul funksionering kan beïnvloed.

### 1.10.3 Omskrywing van universum, populasie en steekproef

Die universum word volgens Strydom en Venter (2002:198) beskryf as alle potensiële respondente wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. Vir die doel van hierdie navorsing het die universum verwys na alle Afrikaanssprekende moeders van kleuters in Gauteng wat tussen September 2007 en Julie 2008 `n baba gehad het.

Populasie word deur Strydom en Venter (2002:198) beskryf as `n term wat aan die navorsingsveld grense stel. Dit wil sê, individue binne die universum wat oor spesifieke eienskappe beskik. Die populasie vir die doel van hierdie studie verwys na Afrikaanssprekende moeders van kleuters wat in die Ooste van Pretoria woonagtig is en wat tussen September 2007 en Julie 2008 `n baba gehad het.

Daar moet gewoonlik `n steekproef van die populasie bekom word, omdat dit onmoontlik is om almal te betrek. Daar bestaan volgens Strydom en Delport (2005:327) twee hoofgroepe steekproewe, naamlik: waarskynlikheidseleksie steekproewe en nie-waarskynlikheidseleksie steekproewe. Die navorser het in die studie van die nie-waarskynlikheidseleksie steekproef, naamlik: die doelbewuste steekproefneming gebruik maak. Volgens Walsh (2001:46) het die kandidate wat aan die kriteria voldoen `n 100% kans om gekies te word om aan die navorsing deel te neem. Kleutergenot Kleuterskool in Pretoria wat die naaste en bekendste kleuterskool vir die navorser is, het ouers geïdentifiseer wat aan die kriteria voldoen het. Daar is onderhoude gevoer, totdat dieselfde patrone in die data na vore gekom het en `n versadigingspunt bereik is. Strydom en Delport (2002:334) noem dat dit van die uiterste belang is dat daar vir die seleksie van respondente duidelike kriteria gestel word. Die volgende kriteria is gebruik in die seleksie van respondente:

- Taal: Afrikaanssprekende blanke moeders, gebaseer op die samestelling van die skool.
- Ouderdom: Die oudste kind moes in sy kleuterfase tussen twee- en sesjarige ouderdom gewees het en die baba moes tussen September 2007 en Julie 2008 gebore gewees het. Daar was geen perk aan die moeder se ouderdom gestel nie.
- Geslag: Die kleuters en babas kon manlik of vroulik wees. Die moeder was die respondent gewees.
- Enkelouer gesinne was nie oorweeg nie omdat ander probleme in die gesin ook `n invloed op die kleuter se aanpassing kon uitoefen.

- Respondente was genader, totdat dieselfde patroon van data na vore gekom het en `n versadigingspunt bereik is. Daar was dus nie voor aanvang bepaal hoeveel respondente betrek sou word nie.

## 1.11 Etiese aspekte

Dit is belangrik dat die navorser te alle tye etiese oorweginge in gedagte hou. Strydom (2005:57) omskryf etiek as `n stel morele beginsels wat deur `n individu of groep voorgestel is en wat algemeen aanvaar is as gedragsreëls waarvolgens navorsers hul navorsing moet rig en waarvolgens hulle met die respondente, werkgewers, borge, ander navorsers, assistente en studente moet omgaan.

Walsh (2001:70) verduidelik navorsingsetiek as die standaard van gedrag en die praktiese prosedures waarby `n navorser te alle tye moet hou. Strydom (2005:57) tref `n onderskeid tussen waardes en etiek en beskou waardes as dit wat goed, gewens en gepas is, terwyl die etiese en morele meer te make het met wat reg en verkeerd is. Die volgende etiese aspekte soos beskryf deur Strydom is gedurende die studie in gedagte gehou:

### 1.11.1 Leed aan respondent

Die feit dat mense die objek van die navorsing was, kon daartoe lei dat fisiese en emosionele leed ervaar kon word as die data ten koste van die mens verkry word. Volgens Babbie in Wilson (2006:12) mag die navorser op geen manier die mens wat bestudeer word skade aandoen nie. Walsh (2001:72) beklemtoon dat die navorser alles moontlik moet doen om die moontlikheid van leed aan die respondent uit te skakel. Die respondente moet vooraf deeglik ingelig word indien daar enige moontlikheid bestaan dat die navorsing hulle kan affekteer.

Die navorser het gepoog om die respondente te ondersteun en op geen wyse aan fisiese of emosionele leed bloot te stel nie. Geen data is ten koste van die respondent verkry nie. Waar daar onverwerkte emosies tydens die onderhoude na vore gekom het, is die

respondente aangemoedig om vir terapie te gaan. Die navorser het `n verwysings stratgie in plek gehad voor die onderhoude.

### 1.11.2 Ingeligte toestemming

Ingeligte toestemming behels volgens Strydom (2005:59) dat alle moontlike inligting in verband met die doel van die ondersoek, die prosedures wat gevolg gaan word en die voor- en nadele aan die respondent bekend gemaak moet word. Ellis (1994:368) definieer ingeligte toestemming as die instemming om deel te neem aan `n navorsingsprojek, nadat die aard van die studie, asook moontlike nadele of risiko's as gevolg van die deelname verduidelik is. Walsh (2001:71) beklemtoon ook dat respondente vooraf deeglik ingelig moet wees oor wat van hulle verwag gaan word. Alle respondente moet vrywillig deelneem. (Sien addendum 1 en 2)

Die respondente is ingelig oor die doel van die studie, wat van hulle verwag sou word, die prosedures wat gevolg sou word en moontlike voor- en nadele van deelname is uitgelig, voordat hul toestemming verkry is. Deelname was vrywillig en slegs respondente wat skriftelik ingestem het, is by die studie betrek.

### 1.11.3 Misleiding van respondente

Geen navorser mag `n respondent mislei om hom te laat deelneem aan die navorsing nie, of onwetend by die navorsing betrek nie. Die respondente moet bewus wees daarvan dat hulle waargeneem word en hul toestemming moet verkry word (Walsh, 2001:71).

Geen inligting is van die respondente weerhou nie en geen wanvoorstellings is gemaak ten einde hul deelname te verseker nie. Alle respondent het skriftelike toestemming gegee om by die navorsing betrek te word. Geen inligting verkry vanaf die respondente is op enige manier verdraai om die navorsing te pas nie.

#### 1.11.4 Miskenning van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Volgens Strydom (2005:61) verwys privaatheid na die element van persoonlike privaatheid, terwyl vertroulikheid die hantering van inligting behels. Dit is noodsaaklik dat respondente se privaatheid en identiteit beskerm moet word. Walsh (2001:72) sien privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid as die respondent se reg.

Tydens die navorsing is alle inligting soos verskaf deur die respondent vertroulik hanteer. Die meeste onderhoude is in die privaatheid van hul huise gevoer, maar die navorser het nie inbreek op hul privaatheid gemaak nie. Geen name van respondente is bekend gemaak nie. Die inligting is anoniem hanteer in die bespreking met die studieleier, asook in die navorsingsverslag. Die videobande en notas sal te alle tye toegesluit bewaar word, sodat niemand anders die respondente kan identifiseer nie.

#### 1.11.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser

Dit is belangrik dat die navorser bevoeg, bekwaam en toegerus sal wees om die studie te kan doen en eties korrek te kan optree. Die navorser moet heeltyd bewus bly van sy/haar etiese verantwoordelikheid.

Die betroubaarheid en bekwaamheid van die navorser is bevestig aan die respondente deur hulle die versekering te gee dat die navorser onder leiding van `n studieleier soos benoem deur die Sentrum vir Spelterapie en Opleiding, verbonde aan Hugenote Kollege, funksioneer wat omsien na die navorser se bevoegdheid en aksies.

#### 1.11.6 Publikasie van inligting

Strydom (2005:65) beklemtoon dat al die bevindings akkuraat in die navorsingsverslag weergegee moet word. Die hele verslag moet akkuraat, duidelik en objektief saamgestel word. Dit is in orde as die bevindings die hipotese weerspreek. Erkenning moet gegee word aan alle bronne wat geraadpleeg is ten einde plagiaat te voorkom (Lourens 2004:89).

Die navorser het daarna gestreef om objektief alle bevindings en inligting duidelik en akkuraat in die navorsingsverslag weer te gee. Erkenning is gegee aan alle bronne wat geraadpleeg is.

## 1.12 Definisies van hoofkonsepte

Hoofkonsepte van belang wat deurgans in die studie gebruik is, sal nou ter wille van duidelikheid, bespreek word.

### 1.12.1 Kleuter

Die begrip kleuter word deur De Villiers, Smuts en Eksteen (1982:253) omskryf as `n kind tussen suigeling- en skoolleeftyd. Volgens die Odendaal en Gouws (1994:537) is `n kleuter `n kind bo die leeftyd van `n suigeling en onder dié van `n skoolkind.

Volgens Botha, Van Ede, Louw, Louw en Ferns (2003:238), asook Plug , Louw, Gouws en Meyer (1997:180), is die kleuterfase ook bekend as die vroeë kinderjare en strek vanaf ongeveer twee- tot sesjarige ouderdom. Tydens hierdie fase vind aansienlike ontwikkeling in al die domeine plaas. Nuwe vaardighede word aangeleer en dit word beïnvloed deur die onmiddellike huishouding, sosiale invloede en die kultuur waarin die kind opgroei. Bee (1999:323) noem dit die voorskoolse fase wat strek vanaf twee tot ses jaar. Sy beskou dit as die oorgangsfase van baba na kind waartydens baie belangrike ontwikkeling plaasvind. Vir die doeleindes van die studie word kleuter soos volg gedefinieer: `n Kleuter is `n kind tussen die ouderdom van 2 en 6 jaar.

### 1.12.2 Moeder

Hawkins (2003:285) beskryf `n moeder as `n vroulike ouer. `n Ouer word beskryf as `n lewende wese wat `n soortgelyke wese voortgebring het. `n Moeder is `n vroulike mens wat `n baba gebaar het en die kind versorg. Moeder verwys vir die doel van hierdie studie na die primêre versorger, veral tydens die kind se eerste lewensjaar.

Volgens Birns en Hay (1988:1) word die ervaring van moederskap beïnvloed deur die moeder se agtergrond, haar rol in die samelewing, sosio-ekonomiesefaktore, haar gesondheid, huidige omstandighede, die kwaliteit van haar verhoudinge met familie en vriende, asook deur haar kinders se karaktereienskappe. Die samelewing stel sekere verwagtinge aan moeders waaraan hulle moet voldoen ten einde `n goeie moeder te wees.

### 1.12.3 Gesin

`n Gesin word deur Wallace en Wallace in De Jager (1998:32) gedefinieer as persone van een of meer generasie wat verwant is aan mekaar as gevolg van `n huwelik, geboorte of aanneming en wat saamleef, in voortdurende interaksie met mekaar en bronne deel. Binne die gesin behoort die kind veiligheid, sekuriteit, liefde, opvoeding, versorging en positiewe verhoudings te ervaar waarbinne hy sosiale vaardighede kan inoefen en sy persoonlikheid kan ontwikkel (Basson, 2001:4).

Die gesin bestaan tradisioneel uit `n vader, `n moeder en kind of kinders. Daar kan egter ook ander vorme van gesinne wees soos uitgebreide gesinne, enkelouergesinne, stiefouergesinne asook pleeggesinne. Die ouers se optrede en houding is verantwoordelik vir die opvoedingsklimaat in die ouerhuis, waarbinne die kind deur steungewing tot volwassenheid gelei word. Die belangrikheid van die gesin as primêre opvoeder word deur verskeie skrywers beklemtoon. Volgens Zaayman (2002:17) het die gesinsituasie die diepste, blywendste en magtigste invloed op die lewe van `n kind.

### 1.12.4 Sibbe

`n Sib is `n boetie of `n sussie (Hawkins, 2003:408). Sibbe kan gedefinieer word as boeties en sussies wat in dieselfde huis grootword en deur dieselfde ouers versorg word. Sibbe kan volgens Louw (2006:18) ook stief- en/of halfboeties en/of -sussies wees. Die verhouding tussen sibbe is die een verhouding wat die langste duur van alle verhoudings

en wat net soos die verhouding met die ouers `n belangrike invloed op die kleuter se ontwikkeling het.

### 1.12.5 Belewenis

Die Sielkundewoordeboek beskou belewing as `n ervaring van `n besonderse aard wat met heelwat emosie gepaard gaan (Plug *et al.* 1997:39). Volgens Kritzinger en Eksteen (2002:52) is ondervinding en ervaring sinonieme vir belewenis. Vrey in Basson (2001:9) beskryf belewenis as iets wat `n persoon self ondervind het of `n getuie van was. Die belewenis word geëvalueer as aangenaam of onaangenaam. Die betekenis wat die persoon aan die situasie gee, bepaal sy belewenis.

Louw (1998: 427) beskryf ervaring as die verband tussen die emosie wat beleef word en die betekenis wat daaraan geheg word op grond van oortuigings, takserings en attribute. Emosies is `n integrale deel van daaglikse situasies wat op vele subtiele wyses tot uitdrukking kom en wat aanleiding gee tot die persoon se optrede. In `n persoon se interaksie met ander beleef hy volgens Crous (in Liversage, 2003:39) ervarings waaraan hy telkens subjektiewe betekenis toeken en wat dan sy hantering en beoordeling van die situasie en latere situasies beïnvloed.

Van Loggerenberg en Roets in Basson (2001:10) maak die volgende algemene opmerkings oor belewenis wat die belang daarvan verder uitwys:

- Die situasie en die betekenis wat die persoon daaraan heg bepaal die persoon se belewenis.
- Die belewing van `n situasie hou verband met begrip van die situasie. Kennis van die situasie kan die belewenis en reaksie daarop bepaal.
- Intense belewenis van `n situasie kan die feitelikheid van die situasie oorskadu.
- Belewing kan verdere betrokkenheid strem of daartoe aanleiding gee.
- Belewing bepaal die kwaliteit en uniekheid van die verhouding.
- Die persoon se selfagting en selfaanvaarding kan deur sy belewing geraak word.

- Belewing word op geïntegreerde wyse in die brein geregistreer en dien dan as `n verwysingsbron vir die interpretasie en betekenisgewing van toekomstige ervarings.

Urbani in Zaayman (2002:13) beskou menslike belewenis as waar die mens bewus raak van en in kontak kom met sy omgewing of ander. Belewenis hou direk verband met emosies of gevoelens en gedagtes. Belewenis bepaal optrede en die interaksie met die omgewing en ander.

Vir die doel van hierdie studie is belewenis beskou as die moeder se emosionele ervaring van die probleme en die betekenis wat sy daaraan heg wat tot haar hantering van die probleme lei. Dit wil sê hoe sy daaroor voel, daaroor dink en dan daarop reageer. Dit is haar individuele, persoonlike, unieke betrokkenheid by die probleem.

### 1.12.6 Voorbereiding

Kritzinger en Eksteen (2002:586) definieer voorbereiding as gereedmaak of behoedsaam en gaandeweg op hoogte bring van iets. Volgens Hawkins (2003:343) moet iemand wat voorbereid is, gereed en ook gewillig wees. Vir die doeleindes van die studie het voorbereiding verwys na die manier hoe die ouers, die kleuter ingelig en gereed gemaak het op die koms van `n baba. Hoe die ouer die kleuter vertel het, betrek het en voorberei het op moontlike veranderinge in die huis wat teweeggebring kon word deur die teenwoordigheid van die baba. Dit verwys ook na die manier wat ouers hulself gereed gemaak het op die veranderinge wat `n tweede baba teweeg kon bring.

### 1.12.7 Aanpassingsprobleme

Aanpassing kan volgens Kritzinger en Eksteen (2002:5) beskryf word as: “om jou na omstandighede te skik”. Hawkins (2003:6) sien aanpassing as om iets in sy behoorlike posisie of orde te plaas of om te verander ten einde te pas. Om bruikbaar te word in `n nuwe posisie of rol. Volgens Gramezy in Booysen (1993:7) verwys aanpassing na die

aktiewe proses wat met verloop van tyd plaasvind in `n poging om omgewingsomstandighede wat stres veroorsaak, te verwerk.

Probleme word deur Kritzinger en Eksteen (2002:390) as `n vraagstuk of `n strydvraag beskryf terwyl Hawkins (2003:347) probleme beskryf as:
1) iets moeilik om te hanteer of te verstaan;
2) iets wat gedoen of beantwoord moet word.

Dunn (in Cicirelli, 1995:48) beskou kritieke lewenservarings in die lewe van die kleuter as rede vir aanpassingsprobleme, omdat dit die wêreld van die kleuter so verander dat dit tot verandering in die kleuter se reaksies, emosies, geloof in ander, manier van optrede teenoor ander en verhouding met ander lei. Sy beskou die geboorte van `n baba as `n kritieke lewenservaring in die lewe van `n kleuter.

Vir die doel van hierdie studie word aanpassingsprobleme gesien as die verandering in die kleuter se gedrag, emosies en verhoudinge as gevolg van die geboorte van die baba. Dit is gesien as die kleuter se poging om tot organismiese selfregulering te kom. Die verandering van die kleuter se veld veroorsaak `n wanbalans wat die kleuter probeer herstel. Aanpassingsprobleme dui dus op die poging van die kleuter om hom na die nuwe omstandighede te probeer skik, terwyl hy ook probeer om nie te veel van die bekende prys te gee nie. Daar word soms van verskeie hanteringswyses gebruik gemaak soos regressie, oormatige volwassenheid, aggressie, gedragsprobleme en emosionele uitbarstings, ensovoorts om die probleem te probeer hanteer.

## 1.13 Hoofstuk indeling

**Hoofstuk 1:** Dien as inleiding tot die studie. Dit sluit die motivering vir die studie en probleemformulering in. Die doelstellings en doelwitte is geformuleer en daar is verduidelik watter navorsingsbenadering gevolg gaan word. Die soort navorsing wat gebruik gaan word, die navorsingstrategie, die navorsingsprosedure en werkswyse is ook

verduidelik. Die belangrikste konsepte wat van belang is vir die studie is in hoofstuk een beskryf.

**Hoofstuk 2:** Dit is `n literatuuroorsig oor die belewenis van die moeder, die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme wat by kleuters na die geboorte van `n baba kan voorkom. Hierdie hoofstuk dien as `n konseptuele raamwerk om inligting, as agtergrond van wat die navorser in die studie wil ondersoek, aan die leser te verskaf.

**Hoofstuk 3:** Empiriese gegewens en navorsingsbevindinge. Die doelwit van hierdie hoofstuk is om die resultate van die studie weer te gee, te analiseer en met toepaslike literatuur te kontroleer.

**Hoofstuk 4:** Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 1.14 Samevatting

Hoofstuk 1 het gedien as `n inleidende oriëntering tot die navorsing. In die hoofstuk is gemotiveer waarom die ondersoek nodig geag is, die navoringsprobleem is geformuleer en afgebaken en die doel van die studie en metode van ondersoek is bespreek. Daar is ook op etiese aspekte gelet en die hoofkonsepte is bespreek ten einde duidelikheid te verseker.

In die volgende hoofstuk sal konsepte in verband met die onderwerp bespreek word aan die hand van bestaande literatuur. Die ontwikkelingsfase van die kleuter, aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba, asook die moeder se belewenis sal beskryf word.

**HOOFSTUK 2**

# 2 KONSEPTUELE RAAMWERK

## 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk dien as `n konseptuele raamwerk om inligting aan die leser te verskaf en die agtergrond te skets van wat die navorser in die studie wil ondersoek. Volgens De Vos (2005:35) is die funksie van die konseptuele raamwerk om verskillende konsepte in die studie, asook die verhouding tussen die konsepte te ondersoek en te verduidelik ten einde begrip by die leser te ontwikkel. Daar sal aan die hand van literatuur `n oorsigtelike beskrywing gegee word van die drie konsepte van belang in die studie, asook die wedersydse invloed wat die konsepte op mekaar het.

Die drie konsepte van belang is die volgende:
1)Die ontwikkelingsfase van die kleuter wat tot die aanpassingsprobleme kan lei.
2) Die aanpassingsprobleme wat kan voorkom by die kleuter na die geboorte van `n baba.
3) Die moeder se belewenis.

In die eerste afdeling van die hoofstuk sal aandag geskenk word aan die ontwikkelingsfase van die kleuter wat aanleiding kan gee tot die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van die baba.

## 2.2 Die kleuter

Die navorser is van mening dat kennis oor die ontwikkelingsfase van die kleuter noodsaaklik is om begrip te ontwikkel vir die aanpassingsprobleme na die geboorte van `n baba. Kennis en begrip vir die kleuter kan die belewenis en reaksie van die moeder beïnvloed. Kennis by die moeder kan dus tot `n empatiese, realistiese en ouderdoms toepaslike hantering van die aanpassingsprobleme van die kleuter lei, sodat ontwikkelingsagterstande voorkom kan word. Ten einde `n sinvolle waarneming,

ondersoek en beskrywing te kan doen, is die kleuterfase vir die doel van hierdie studie afgebaken as `n kind tussen twee- en sesjarige ouderdom soos wat in Plug *et al.* (1997:180) en Meyer (2003:16) beskryf word. (Vergelyk 1.12.1)

Volgens Booysen (1993:60) word die kleuter se aanpassing by `n baba beïnvloed deur sy ervaring van die veranderende gesinsituasie, asook die sosiale ondersteuning wat hy ontvang tydens die aanpassing. Die kleuter se emosionele ervaring van die veranderinge in die gesin word beïnvloed deur sy kognitiewe ontwikkeling, aangesien sy denke nog onlogies is. Die kleuter ontwikkel volgens Bekker (2003:41) `n sterk gevoel oor wat hy in die gesin beleef. Die gevoel kom tot sy bewussyn en `n bepaalde fisiese en emosionele reaksie volg. Die emosies lei tot gedrag ten einde aan te pas by die veranderende situasie of om die situasie te probeer verander. In hierdie afdeling sal daar dus gefokus word op die invloed van die emosionele belewenis van die kleuter, sy kognitiewe ontwikkeling, asook sy sosiale ondersteuning op die aanpassing by die baba.

Aangesien die kleuter se gedrag en sy motivering vir sy gedrag volgens Swanepoel (2004:41) deur sy emosionele belewenis bepaal word, kan dit `n rol speel by die aanpassingsprobleme rondom die geboorte van `n baba. Rowe (2007:18) verduidelik dat emosie altyd in verhoudings tussen sibbe betrokke is. Daarom is dit belangrik om te let op die emosionele belewenis van die kleuter wat vervolgens kortliks bespreek sal word.

### 2.2.1 Emosionele belewenis van die kleuter

Louw (1998:399) beskryf emosie as `n gevoel wat vinnig opwel, intens word en dan afkoel. Dit is dus nie blywend soos `n gemoedstoestand nie. Dit is gerig op `n objek en beïnvloed die kleuter se belewenis. Eksman (in Louw, 1998:400) meld dat dit met identifiseerbare gesigsuitdrukkings gepaard gaan. Emosies word deur Booysen (1993:30) beskryf as die interaksie tussen `n stimulus van buite, die persoon se persepsie van die stimulus en die reaksie daarop. Die hele organisme is by `n emosie betrokke, aangesien die sentrale en outonome senuweestelsels daardeur geaktiveer word. Fisiologiese reaksies

soos versnelde harttempo, verhoogde bloeddruk en die afskeiding van sweet of trane kan volg.

Die kleuter beleef volgens Berk (1996:274) ambivalente gevoelens oor die baba wat wissel van onsekerheid, frustrasie, woede, jaloesie, maar ook liefde, verwondering en trots. Hierdie emosies kan in sy gesigsuitdrukking, liggaamshouding, beweging, stemtoon asook, verbale en nie-verbale uitdrukkings waargeneem word. Reeds op tweejarige ouderdom word spontaan uiting aan emosies wat intens beleef word en mekaar vinnig afwissel gegee (Hurlock in Booysen, 1993:31). Volgens Sanders (2004:214) is dit nodig dat ouers erkenning aan die kleuter se negatiewe gevoelens oor die baba gee en hom help om dit op `n aanvaarbare kreatiewe manier uit te druk. Die kleuter oefen volgens Botha (in Louw, Van Eden & Louw, 2003:271) geleidelik meer beheer oor sy emosies uit en raak eers later bewus van ander se emosies daarom kan hy homself nog nie in iemand anders soos die baba of sy moeder se posisie indink nie.

In die Westerse kulture word kleuters geleer om hul emosies te onderdruk, te ontken of te vermy, ten einde aan te pas by sosiale norme (Botha *et al.* 2003:272). Emosionele beheer is noodsaaklik vir sosiale ontwikkeling en kleuters leer volgens Swanepoel (2004:54) om hulle emosies te beheer ten einde verleentheid te voorkom. Hulle begin om situasies te vermy wat tot negatiewe emosies aanleiding kan gee en om situasies te handhaaf wat tot positiewe emosies lei. Die navorser is van mening dat kleuters om hierdie rede soms onttrek na die geboorte van `n baba of oormatig volwasse optree ten einde negatiewe emosies te vermy. Hulle leer strategieë aan om hulself te beskerm teen die gevolge van hul emosies. Volgens Booysen (1993:30) word soms van kleuters verwag om emosies voor te gee wat hul nie ervaar nie. Hulle moet byvoorbeeld maak of hulle van die persent hou en hulle mag nie huil nie, al het hul seergekry. Hulle verloor dus kontak met hul eie emosies. Emosies wat onderdruk word, kan aanleiding gee tot psigosomatiese siektes by kleuters (Louw, 1998:618).

Roets (2003:28) wys daarop dat `n gebrek aan slaap soos wanneer die kleuter snags gewek word deur die baba, aanleiding kan gee tot verhoogde emosionaliteit. Verskeie

emosies wat deur die kleuter ervaar kan word rondom die geboorte van `n baba sal nou kortliks beskryf word.

- Woede

Woede verwys volgens Botha *et al*. (2003:276) na `n sterk emosionele reaksie wat ontlok word deur eksterne stimuli soos: konflik met ander; as hy nie sy sin kry nie; sy spel onderbreek word; of beperking op sy beweging geplaas word. Woedeuitbarstings kom algemeen by kleuters tussen twee en vierjarige ouderdom voor omdat hulle nog nie hul emosies kan beheer en verbaliseer nie. Volgens Booysen (1993:31) en Bekker (2003:41) druk kleuters hul woede deur middel van `n fisiese reaksie uit en kan dit waargeneem word wanneer die kleuter huil, skree, skop, voete stamp, op en af spring, of op die grond neerval. Vanaf vierjarige ouderdom begin `n kleuter om beter emosionele beheer toe te pas en dan neem woedeuitbarstings gewoonlik af. Woedeuitbarstings kom algemeen voor tydens die kleuter se aanpassing by `n baba en kan gerig word op die baba, die moeder, portuur, of selfs troeteldiere of besittings. Vandalistiese gedrag kan ook voorkom (Dunn & Kendrick, 1982:32). Volgens Roets (2003:26) verskil woede van aggressie aangesien aggressie die fisiese of verbale gedrag is wat daarop gemik is om iets of iemand te benadeel of leed aan te doen.

- Vrees en angs

De Vries (2003:54) is van mening dat vrees in verskillende vorme en intensiteite by alle kleuters teenwoordig is. Volgens Louw (2005:30) word daar onderskei tussen vrees en angs. Vrees word deur spesifieke objekte of situasies veroorsaak, terwyl angs deur vae gevoelens veroorsaak word. Jonger kleuters is geneig om vir spesifieke objekte soos honde bang te wees, terwyl ouer kleuters vir denkbeeldige dinge soos spoke, die donker, monsters of skelms bang is. In die kleuterfase kom skeidingsangs voor wanneer die kleuter van die moeder geskei word, soos wanneer sy gehospitaliseer word met die geboorte van `n baba. Baie kleuters beleef hierdie skeiding as traumaties wat aanleiding kan gee tot aanpassingsprobleme by die kleuter. Volgens Bowlby (in Botha *et al.* 2003:273) kom skeidingsangs meer by kleuters onder vyf jaar voor. Die kleuter sal soms by die hereniging met die moeder ambivalente gevoelens openbaar deur haar te ignoreer of vas te klou. `n Vrees vir verwerping kan volgens Bekker (2003:42) by die kleuter ontwikkel.

- Geluk

Dit is `n aangename emosie wat in wisselende intensiteit deur die kleuter ervaar word. Wanneer geluk ervaar word, word negatiewe gevoelens op die agtergrond geskuif en word die kleuter geesdriftig om nuwe take aan te pak (Bekker, 2003:42). Aangesien kleuters op spontane wyse uitdrukking gee aan hul emosies, is dit maklik om te sien wanneer hulle gelukkig is. Hulle leer egter deur sosialisering dat dit in sekere situasies onvanpas is om spontaan en uitbundig te wees. Volgens Roets (2003:23) sal `n kleuter wat geborge voel en gesond is selfs onder moeilike omstandighede vrolik, opgewek en gelukkig wees. Daar moet na oorsake gesoek word indien neerslagtigheid by kleuters voorkom.

- Jaloesie

Volgens Hurlock (in Booysen, 1993:31) begin jaloesie rondom tweejarige ouderdom en vererger dit soos wat die kleuter ouer word. Kleuters raak jaloers wanneer hulle ervaar dat hul ouers se liefde en aandag na die baba verskuif. Louw (1998:427) verduidelik dat jaloesie by die kleuter ontstaan wanneer hulle verlies ervaar en word waargeneem in sy poging om iets daaromtrent te doen. Direkte manifestasie van jaloesie is wanneer die kleuter aggressief reageer om die aandag weer op homself te probeer vestig. Die aggressie kan teen die baba of teen die ouer gerig wees. Indirekte manifestasie van jaloesie sluit gedrag soos: enurese, duimsuig, nagmerries en regressie in (Booysen, 1993:31).

- Liefde

Kleuters is besonder liefdevol teenoor ander mense en objekte wat aan hulle plesier verskaf. Hulle kan ook baie liefdevol teenoor die baba wees. Hierdie liefde word volgens Booysen (1993:32) meer nie-verbaal as verbaal uitgedruk deur te druk, te soen of te streel. Swanepoel (2004:46) verduidelik dat die kleuter `n behoefte aan liefde en erkenning het, veral vanaf die belangrike persone in sy lewe soos sy ouers, familie, maats, opvoeder en so meer. Volgens Bekker (2003:42) verskaf die ervaring van liefde, `n kalmte en ontspanne optrede wat tot die samewerking van die kleuter lei. Die kleuter ervaar liefde as gevolg van die binding met sy ouers en hul aanvaarding.

- Hartseer

Die gevoel van hartseer veroorsaak volgens Bekker (2003:42) dat die kleuter energie verloor en sy geesdrif vertraag word. Volgens Booysen (1993:32) huil kleuters wanneer hulle hartseer raak en dan verloor hulle soms belangstelling in alledaagse aktiwiteite. Hulle raak hartseer as hulle iets verloor wat vir hulle van waarde was. Hartseer is `n emosie wat algemeen voorkom tydens die aanpassing by `n baba, omdat die kleuter voel dat hulle die liefde van hul moeder verloor het. In die westerse samelewing word daar volgens Swanepoel (2004:54) van seuns verwag om nie te huil as hulle hartseer is nie. Seuns word dus geleer om hul emosie te onderdruk. Wanneer hul wel die emosie ervaar, kan dit lei tot onttrekking, ontkenning of regressie. Louw en Edwards (1998:429) noem dat hartseer soms deur seuns as aggressie uitgedruk kan word.

Die emosionele belewenis, asook die kognitiewe betekenis wat die kleuter aan die situasie gee, bepaal volgens Booysen (1993:60) hoe hy op die situasie sal reageer. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die kognitiewe funksionering van die kleuter, aangesien dit sy persepsie van die veranderende gesinsituasie en dus ook sy aanpassing by die baba kan beïnvloed.

### 2.2.2 Kognitiewe funksionering

Die navorser is van mening dat die kognitiewe funksionering van die kleuter `n deurslaggewende rol speel in sy vermoë om by die baba aan te pas en dat dit daarom van belang vir die studie is. Kognitiewe ontwikkeling verwys volgens Louw en Edwards (1998:459) na die ontplooiing van waarneming, leer, geheue en denke. Kleuters beskik aanvanklik oor `n beperkte kognitiewe vermoë, maar namate hulle ouer word, word hulle toenemend in staat om inligting effektief te verwerk. Charlesworth (2008:49) verduidelik dat die kleuter nog oneffektief in memorisering, interpretasie en weergee van inligting is. Alhoewel kleuters jonger as drie oordrewe reageer op stresvolle ervarings, vergeet hulle redelik maklik weens hul nie-verbale kodering van inligting. Ouer kleuters onthou inligting beter, maar soos dit deur hulle waargeneem is (Booysen, 1993:50).

Aanpassingsprobleme na die geboorte van `n baba kom volgens Sanders (2004:38) by meer as 90% van kinders in die kleuterfase voor weens die kleuter se kognitiewe ontwikkeling. Volgens Johnson (in Booysen, 1993:69) beskik kleuters nie oor die kognitiewe vaardighede om die veranderinge wat met stressors, soos by die geboorte van `n baba, gepaardgaan, te herken, te verstaan en op te los nie. Foutiewe aannames omtrent die situasie word gemaak en hulle is kwesbaar as gevolg van hul onvermoë om hulself van die situasie te distansieer. Chandler (1985:25) beklemtoon dat die kleuter as gevolg van sy taalontwikkeling nie sy gevoelens kan verbaliseer nie en nie verduidelikings kan verstaan nie. Hy kan dus nog nie deur redenering `n oplossing beding nie.

Volgens Booysen (1993:68) is daar `n sterk kognitiewe komponent aan stres gekoppel. Hoe die kleuter die situasie sien en daaroor dink, bepaal dus hoe stresvol dit vir hom sal wees. Volgens Chandler (1985:2) reageer die kleuter ook onbewustelik op stressors wat buite sy beheer is en is die kleuter se reaksie op stres gewoonlik oneffektief en benadeel dit homself. Booysen (1993:6) wys daarop dat stres by die kleuter gewoonlik deur veranderinge in die gesin veroorsaak word. Eksterne faktore gee aanleiding tot die stres, maar sy innerlike gedagtes vererger die stres soos sy vermoede dat sy moeder hom nie meer lief het nie. Die bron van stres raak dus onbeperk as gevolg van sy denke en onvermoë om dit uit te klaar.

Soos reeds genoem, maak die kleuter foutiewe aannames in sy beoordeling van die veranderende gesinsituasies. Die kleuter se denke is nie op logika gebaseer nie, maar gevolgtrekkings word op grond van sy eie waarnemings gemaak (Vergelyk Meyer & Van Ede, 2003:79; Bee, 1999:263; Berk, 1996:317; Charlesworth, 2008:385, en Shaffer 2005:57). Ten einde insig vir die kleuter se aanpassingsprobleme na die geboorte van `n baba te ontwikkel, is dit nodig om kennis te neem van die onlogiese denkpatrone by die kleuter wat in die volgende kognitiewe kenmerke van die kleuter verduidelik word.

- Rudimentêre konsepformasie

Kleuters begaan foute wanneer objekte geklassifiseer word op grond van sekere ooreenkomste. Die kleuter sal aanvaar dat alle speelgoed as “myne” beskou kan word. `n Koekie is net `n koekie as dit `n sjokoladekoekie is. Die prekonsepte lê dus tussen die

konsep van `n individuele objek en die konsep van `n algemene klas (Booysen, 1993:23). Die navorser is van mening dat die kleuter dus nie kan verstaan dat hy sy moeder met die baba moet deel nie.

- Simboliese funksionering

Die kleuterfase word volgens Meyer en Van Ede (2003:79) gekenmerk deur die begin van simboliese voorstelling, waar die kleuter begin om `n prentjie in sy kop te vorm van objekte wat aan hom bekend is. Die navorser vermoed dat die kleuter tydens die voorbereiding op die geboorte van die baba, `n simboliese voorstelling van `n maat, kan maak indien hy nie bekend is met `n baba nie. Hy sukkel dan om aan te pas by `n baba wat nie met hom kan speel nie. Die kleuter begin ook simbolies te speel en simboliese handelinge kom voor waarmee die kleuter na `n ander handeling verwys, soos om met toe oë te lê en te maak asof hy slaap. Die navorser is van mening dat regressiewe gedrag simbolies kan wees, indien die kleuter poog om weer `n baba te wees om sodoende die aandag van sy moeder te verkry.

- Oorveralgemening

Volgens Charlesworth (2008:378) kom oorveralgemening voor waar `n kind iets teëkom en dit dan in sy brein by iets soortgelyk wat reeds aan hom bekend is, plaas. `n Kleuter sal soms alle klein diertjies met hare, `n stert en vier bene, as `n kat beskou, hoewel hulle nie heeltemal soos sy kat lyk nie. Die navorser is van mening dat die kleuter wat `n gunsteling kombersie gehad het, nou alle babakombersies as sy eiendom kan beskou en weier dat dit vir die baba gebruik mag word.

- Fantasie en realiteit

Fantasie en realiteit kom volgens Ariganjoye en Diagneault (2007:5) afwisselend in die kleuter se denke voor en hy besef nog nie dat dit mekaar uitskakel nie. Dagdromery en fantasieë kom algemeen voor waarmee die kleuter oplossings vir die stres probeer vind. Deur fantasie of verbeeldingsvlugte probeer hy die afloop van gebeure verander om dit minder pynlik vir hom te maak. Die kleuter kan fantaseer dat die baba weer teruggeneem word na die hospitaal toe.

- Konservasie

Volgens Shaffer (2005:58) kan die kleuter nie verstaan dat seker eienskappe van `n stof, soos sy hoeveelheid en massa, onveranderd bly ten spyte van die houer se vorm nie.

Wanneer water vanaf `n kort wye houer na `n lang nouer houer oorgegooi word, sal die kleuter aanvaar dat daar meer water in die nouer houer is, omdat die watervlak hoër is. Hulle sentreer hul aandag op slegs een aspek van `n objek. As `n hoop sente voor `n kleuter geplaas word en die sente word daarna met die hand uitgesprei, sal die kleuter aanvoer dat die sente nou meer is, omdat `n groter oppervlak daardeur bedek word (Charlesworth, 2008:388). Die kleuter sal moontlik nie kan verstaan dat sy moeder se liefde vir hom onveranderd gebly het ten spyte van die teenwoordigheid van die baba nie.

- Egosentrisme

Die kleuter is egosentries wat beteken dat hulle alles wat met hulle gebeur persoonlik opneem. Hy sien die wêreld volgens Shaffer (2005:57) vanuit sy eie perspektief en aanvaar dat almal dit soos hy sien. Hy kan hom nie in die moeder of die baba se posisie indink nie (Bee, 1999:263). Hy dink dat alles en almal ter wille van hom bestaan en as hy sy oë toemaak en niemand sien nie, hulle hom ook nie kan sien nie (Weeks in Roets 2003:18). Die kleuter dink dat dit sy skuld is as sy ouers skei of as iemand iets oorkom. Hy aanvaar dat hy iets verkeerd gedoen het en dat die moeder daarom `n ander baba kry. Die kleuter neem volgens Blom (2006:23) maklik die moeder se emosies oor. As die moeder hartseer is hy ook hartseer en blameer homself vir sy moeder se emosie. Hierdie selfblamering het `n vernietigende effek op die kleuter se selfbeeld aangesien introjekte vorm, byvoorbeeld: "dit is my skuld; ek is nie belangrik nie; ek is nie werd om liefgehê te word nie," ensovoorts. Hierdie introjekte beroof die kleuter van lewensgeluk en vorm dikwels permanent deel van sy lewe, omdat hy nog nie oor die denkvermoë beskik om homself daarvan te distansieer nie. Volgens Shaffer (in De Vries, 2003:50) neem die egosentrisme drasties af na die ouderdom van vier jaar.

- Animisme

Animisme kom voor wanneer lewende eienskappe aan lewelose objekte gegee word. Die objek word deur die kleuter beskou en behandel asof hy bewussyn, wense, gedagtes en gevoelens het (Charlesworth, 2008:392). Animisme kom voor wanneer die kleuter se pop net soos die regte baba deur die moeder gebad en gevoed moet word.

- Transduktiewe redenering

Die kleuter dink volgens Roets (2003:17) nie van die besondere na die algemene (induktief) of van die algemene na die besondere (deduktief) nie, maar van die besondere

na die besondere. Volgens Schoeman (2005:8) redeneer die kleuter onlogies, soos die kleuterdogtertjie wat vir haar moeder vra hoekom die verestoffer wat vere het, nie kan vlieg nie. Die kleuter dink dat as hy “superman” klere dra, hy “superman” sal wees. Werklike verbande wat bestaan, word nie gesien nie. Die kleuter kan dit byvoorbeeld vreemd vind dat die baba wat voete het, nie kan loop nie.

- Klassifikasie

Volgens Booysen (1993:23) kan die kleuter nog nie meervoudige klassifikasie maak nie. De Vries (2003:51) sluit hierby aan met die stelling dat die kleuter `n hoop blokkies net op grond van kleur of vorm kan klassifiseer, maar nie op grond van beide nie. Tydens hierdie fase raak die kleuter volgens Charlesworth (2008:386) geleidelik daarvan bewus dat `n item aan meer as een versameling kan behoort. Die navorser is van mening dat die kleuter dus nie kan verstaan dat sy moeder ook die baba se moeder is nie.

- Getalbegrip

Hoewel die kind kan tel, beteken dit volgens Booysen (1993:25) nie dat die kind `n getalbegrip het nie. Hulle verstaan dus nog nie hoeveelhede nie en heg nie waarde aan getal nie. Hy weet nie noodwendig dat vier meer as drie is nie. Wanneer hy tel, slaan hy soms getalle oor of noem dit in verkeerde volgorde. Volgens Weeks (in Roets, 2005:17) hou die onomkeerbaarheid van denke verband met sy getalbegrip. Die kleuter weet nie wat die moeder bedoel as hy gevra word om vyf minute te wag nie.

- Onomkeerbaarheid van denke

Die kleuter kan volgens Roets (2003:17) nie logies deur `n reeks van stappe in `n probleem gaan en dan weer terugkeer na die beginpunt nie. Dit hou verband met konservasie. As die kleuter se denke omkeerbaar was, sou hy byvoorbeeld kon dink om die water weer terug te gooi in die wyer bottel en dit weer te vergelyk (Shaffer, 2005:58). Die kleuter kan nie dink dat hy ook al die aandag gekry het toe hy `n baba was, of dat sy moeder aan hom aandag sal gee, sodra sy klaar met die baba is nie.

- Sinkretisme

Die kleuter bring soms volgens Booysen (1993:24) verskillende nie-verwante idees met mekaar in verband. `n Voorbeeld hiervan is `n kleuter se stelling dat `n sekere dogtertjie nie `n naam het nie, omdat sy nie kan praat nie. Daar kan dus nie `n betekenis geheg word

aan alle idees van die kleuter nie. Sinkretisme kom voor waar die kleuter sê dat die baba nie van hom hou nie, omdat hy altyd huil as hy hom sien.

- Jukstaposisie

Die kleuter ervaar soms probleme om feite wat werklik met mekaar in verband staan, met mekaar in verband te bring. Oorsaak en gevolg word soms verwar. Die kleuter sal byvoorbeeld sê hy is siek omdat hy nie kleuterskool toe gegaan het nie, in plaas van om te sê dat hy nie kleuterskool toe gegaan het nie, omdat hy siek was (Booysen, 1993:24).

- Konsep van tyd

Die kleuter het volgens Roets (2003:18) nog nie `n konsep van tyd nie. Hy kan nog nie gebeure in `n kronologiese volgorde onthou nie en kan daarom as `n onbetroubare getuie gesien word. `n Kort tydjie kan soms vir `n kleuter baie lank voel, veral wanneer sy behoeftes uitgestel moet word terwyl sy moeder met die baba besig is. Ook die tydperk wat die moeder in die hospitaal is, kan vir die kleuter baie lank wees. Selfs by die voorbereiding van die kleuter op die geboorte van die baba moet hierdie aspek in gedagte gehou word, aangesien nege maande `n baie lang tyd vir `n kleuter kan wees.

Soos reeds genoem is, is daar volgens Booysen (1993:60) twee belangrike faktore wat `n bepalende rol in die kleuter se aanpassing by stresvolle omstandighede soos die geboorte van `n baba speel. Die eerste is die kleuter se persepsie van die probleem wat beïnvloed word deur sy kognitiewe eienskappe soos hierbo beskryf en dan die sosiale ondersteuning wat hy ontvang vanaf belangrike persone in sy lewe wat vervolgens beskryf sal word.

### 2.2.3 Sosiale ondersteuning

Johnson (in Booysen, 1993:60) beskou die kleuter se persepsie van die stressor en die sosiale ondersteuning wat hy kry, as bemiddelaars wat die impak van `n gebeurtenis vir die kleuter kan versag of vererger. Die ondersteuning wat die kleuter vanaf die belangrike persone in sy lewe ervaar, speel `n rol by sy aanpassing asook die tydsduur van sy aanpassing. Deur die kontak met ander persone soos sy ouers, sibbe, portuur, familie en ander volwassenes leer hy sosiaal aanvaarbare en toepaslike gedrag aan wat `n invloed op

sy ontwikkeling en aanpassing het (Botha *et al.* 2003:300). Die kleuter se wêreld word geleidelik groter en sluit geleidelik meer mense in.

Die belangrike persone in die kleuter se lewe kan volgens die navorser `n invloed op sy aanpassingsprobleme uitoefen. Deur hulle verhouding met die kleuter en hul reaksie op sy aanpassingsprobleme kan hulle hom ondersteun en help met sy aanpassing of die probleme vererger. Die invloed van verskillende verhoudings in die kleuter se lewe sal nou vervolgens bespreek word.

#### 2.2.3.1 Die verhouding met die ouers

Die ouers is die kleuter se belangrikste sosiale ondersteuningstelsel. In die voorafgaande babafase was die belangrikste ontwikkelingstaak om `n hegte binding met die moeder te vorm. Die gehalte van die binding bepaal tot `n groot mate hoe die kind ander mense in die toekoms gaan vertrou of wantrou. Die rol van die vader kan egter nooit onderskat word nie en veral na die geboorte van die baba kan die verhouding met die vader die kleuter deur die aanpassingsperiode help (Mendelson, 1990:77). Myers (1998:1) beklemtoon dat ouers tyd moet maak om op die kleuter se vlak met hulle te speel. Die spel moet egter die spel beheer en nie die ouer nie.

Bee (1999:292) beskou die verhouding tussen die kleuter en sy ouer as die stensil waarmee alle ander verhoudings aangepak word. Ouers modelleer ook pro-sosiale gedrag vir die kleuter deur dit wat hy in hul gedrag waarneem en nie net deur dit wat hulle vir hom voorsê nie (vergelyk De Vries, 2003:58 en Richardson 2006:94). Volgens Botha *et al.* (2003:300) het geborge gehegtheid, tydens die babajare, `n uitwerking op verskeie aspekte van `n kleuter se aanpassing. `n Kleuter wat `n hegte binding met veral sy moeder het, toon meer deursettingsvermoë en entoesiasme met probleemoplossing. Dit het `n positiewe invloed op sy verhouding met sy portuurgroep, dit stel hom in staat om leiding te neem, spel te inisieer en meer sensitief vir ander se behoeftes te wees. Dit kan dus ook `n positiewe uitwerking op sy aanpassing by en verhouding met die baba hê.

Hoewel die kleuter tydens die kleuterfase begin om geleidelik minder afhanklik van sy ouers se ondersteuning te wees, neem die verhouding met sy ouers steeds `n sentrale plek in sy lewe in. Die kleuter se belangrikste ontwikkelingstaak is om na onafhanklikheid van sy ouers te beweeg. Alleen binne die veiligheid en sekuriteit van `n hegte verhouding met sy ouers kan die kleuter sy ontwikkelingstaak van onafhanklikwording suksesvol bemeester. Vanaf driejarige ouderdom is die kleuter minder angstig as voorheen wanneer hy van sy ouers geskei word. Dit kan volgens Botha *et al.* (2003:300) verband hou met sy kognitiewe ontwikkeling waar hy nou besef dat hulle sal terugkom of met sy taalontwikkeling waar hy nou hul rede vir afwesigheid kan verstaan.

Booysen (1993:3) is van mening dat kleuters op `n vroeër ouderdom met al minder ouerlike ondersteuning, tyd in ouers se teenwoordigheid, goedkeuring en liefde van die ouer moet klaarkom. Die outeur het bevind dat die intensiteit van stres onder kleuters toegeneem het as gevolg van die eise wat die ouer aan die kleuter stel in die gejaagde, kompeterende wêreld, ten opsigte van sogenaamde stimulerende aktiwiteite wat al hoe vroeër aan kleuters gestel word. Enige veranderinge in die gesin soos die geboorte van `n baba, kan die kleuter dus nog meer kwesbaar vir die belewing van stres maak. Volgens Chandler (in Booysen, 1993:3) hou oormatige of langdurige stres nadelige gevolge, vir die ontwikkeling van die kleuter in, indien hy nie die nodige ondersteuning van sy ouers of sy gesin kry nie.

Die navorser is van mening dat die ander gesinslede ook `n rol in die lewe van `n kleuter speel. Die sibbe kan ondersteuning aan mekaar verskaf, veral in die afwesigheid van die ouer. Daar sal dus nou kortliks op die belangrikheid van die verhouding tussen sibbe gelet word.

#### 2.2.3.2 Verhouding tussen sibbe

Vir die doel van hierdie studie is die verhouding tussen sibbe belangrik, omdat die studie handel oor die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba. Die navorser is van mening dat jaloesie tussen sibbe kan ontwikkel, indien die kleuter nie

deeglik voorberei was op die koms van die baba nie en sy aanpassingsprobleme nie empaties en ouderdomstoepaslik hanteer word nie. Boer en Dunn (1992:xiii) beskryf die verhouding tussen sibbe as `n unieke verhouding waar kleuters, met behulp van die liefdevolle ondersteuning van hul ouers, sosiale vaardighede aanleer wat `n positiewe invloed op hul verhouding met hul portuurgroep kan hê. Botha *et al.* (2003:316) sluit hierby aan met die stelling dat ouer sibbe `n belangrike rol in die sosialisering van die jongeres speel. In sommige gevalle speel hulle selfs `n groter rol as die ouers. Sibbe dien as identifikasiemodelle vir mekaar wat betref sosiaal aanvaarbare gedrag en geslagsrolle. Die onderlinge ondersteuning, aanvaarding, kameraadskap, beskerming, liefde en waardering kan waardevol in moeilike tye wees (Myers, 2007:3). Boer en Dunn (1992:10) voeg by dat kinders uit gebroke huise soms as gevolg van `n hegte verhouding tussen die sibbe, minder probleme ondervind as wat verwag sou word. Hierdie onderlinge verhouding waar ondersteuning gegee en ontvang word, strek dan tot beide se voordeel en versag die gevolge vir mekaar.

Volgens Dunn (in Botha *et al.*,2003:302) kan die verhouding tussen sibbe as wederkerig of komplimentêr geklassifiseer word. Sibbe wie se ouderdomme min verskil, het gewoonlik `n wederkerige verhouding deurdat hulle vir mekaar soortgelyke ervarings skep en gedeelde belangstellings het. Hulle speel saam, leer om beurte te maak, leer om te wen en te verloor en om mekaar te help. In `n komplimentêre verhouding is die sibbe gewoonlik in verskillende ontwikkelingsfases en het hulle verskillende belange en vaardighede. Die ouer sib is geneig om leiding te neem, die jonger sib te help, te ondersteun, te leer en te versorg. Die jonger sib raak soms afhanklik van die ouer kind se hulp. Ouer sibbe dien as rolmodelle wat deur jonger sibbe nageboots kan word.

Buhrmester (in Boer & Dunn, 1992:19) verduidelik dat die verhouding tussen sibbe voortdurend verander soos wat die kinders deur verskillende ontwikkelingsfases beweeg. Die mate van gehegtheid tydens kinderjare bepaal in `n groot mate hoe geheg broers en susters in hul volwasse lewe sal wees. Die verhouding tussen sibbe is die een verhouding wat `n leeftyd duur. Daarom is dit belangrik dat ouers van die begin af sal meewerk om hierdie verhouding positief te probeer bou.

Die verhouding tussen sibbe het ook `n invloed op die verhouding met die portuurgroep. Die interaksie met die portuurgroep kan ook die kleuter voorberei op die aanpassing by die baba. Daar sal nou in kort gelet word op die verhouding en ondersteuning van die portuurgroep.

#### 2.2.3.3 Verhouding met portuurgroep

Die navorser is van mening dat die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba die verhouding met sy portuurgroep negatief kan beïnvloed. By die kleuterskool is opgemerk dat die kleuters soms aggressief teenoor hul maats reageer na die geboorte van `n baba. Die verhouding met sy portuurgroep kan in sommige gevalle egter die enigste verhouding wees wat bestendig bly tydens die aanpassing rondom die geboorte van `n baba. Al die ander belangrike persone in die kleuter se lewe het gewoonlik ook `n verhouding met die baba. Die kleuter het nie nodig om in die verhouding met sy portuurgroep met die baba te kompeteer vir hul aandag nie. Dit kan dus as ondersteuning vir die kleuter dien en sy aandag tydelik van die aanpassingsprobleme aftrek. Dit kan ook sy emosionele belewenis positief beïnvloed.

Kleuters se interaksie met hul portuurgroep neem geleidelik toe namate hulle ouer word. Volgens Charlesworth (2008:545) is die kleuter se belangrikste taak om minder afhanklik van sy ouers te raak en verhoudings met ander te vorm. Hoewel die kleuter egosentries is, word die samesyn met die portuurgroep baie geniet. Spel is volgens Botha *et al.* (2003:303) een van die belangrikste wyses waarop interaksie tussen die kleuter en sy portuurgroep plaasvind en sosiale vaardighede aangeleer word. Die kleuter se spel verander namate hy sosiale vaardighede aanleer en hy homself teenoor sy portuur kan handhaaf. Die ses soorte spel wat deur Parten in `n klasieke studie waargeneem en volgens kompleksiteit gerangskik is, gee `n goeie aanduiding van hoe die kleuter se spel uitbrei namate hy ouer word. Die vorm van spel waarvoor `n kleuter kans sien, kan `n aanduiding wees van die mate van veiligheid wat `n kleuter beleef in `n situasie. Vergelyk die beskrywing van die studie van Parten in: Shaffer (2005:427); Booysen (2003:36); Botha *et al.* (2003:304) en Berk (1994:363).

**Tabel 2.1 Die vorme van spel**

| | |
|---|---|
| Alleenspel (veral by babas) | Die kind speel alleen met speelgoed sonder om kontak met ander kinders te maak. Babas speel die meeste van die tyd alleen. Hulle ontdek hul omgewing sensories deur na alles te kyk, te voel, te proe en te luister. Ouer kleuters verkies soms ook om by geleentheid alleen te speel, veral as hul onseker voel. |
| Onbetrokke spel | Die kleuter speel nie met iets of iemand nie. Hy hou dinge wat vir hom interessant is dop, speel met sy eie liggaam of klouter op goed en klim weer af. |
| Toeskouerspel | Die kleuter kyk hoe ander speel maar speel nie saam nie. Hy sal soms met die ander kleuters praat, maar neem nie aan die spel deel nie. Hy hou \`n spesifieke groep kinders dop, maar bly op \`n afstand, sodat hy alles kan sien en hoor wat hulle doen. Dit verskil van onbetrokke spel, deurdat die kleuter ander kinders dophou. |
| Parallellespel ( 2-jariges) | Die kleuters speel langs mekaar, maar sonder dat daar interaksie tussen hulle is. Elke kind speel onafhanklik sonder om die ander een se spel te beïnvloed. Hulle speel dus langs mekaar, maar nie met mekaar nie. |
| Assosiatiewe spel ( vanaf 3 jaar) | Die kinders speel met dieselfde speelgoed en praat met mekaar. Hulle deel speelgoed en boots mekaar na en lewer volgens Berks (1994:363) kommentaar op mekaar se spel. Hulle het egter nog nie \`n gesamentlike doel nie en werk nog nie saam nie, hoewel daar interaksie is. |
| Samewerkingspel (vanaf 4-5 jaar) | Die spel raak meer doelgerig, sosiaal en ingewikkeld. Hulle bou saam aan \`n toring of speel verskillende rolle soos mamma en baba. Op vyfjarige ouderdom word spel deur samewerking, organisering en doelgerigtheid gekenmerk. Hulle begin nou in klein groepe saam te speel. |

Volgens Berk (1994:363) kom al die bogenoemde vorme van spel by die kleuter tot op ses jaar voor. Die nie-sosiale vorme van spel word nie vervang deur meer sosiale vorme van spel nie dit kom net geleidelik minder voor. Daar is \`n definitiewe vermeerdering in

assosiatiewe en samewerkende spel soos wat die kleuter ouer word. Dit is volgens Myers (1998:1) nie abnormaal dat `n sesjarige kleuter soms verkies om alleen te speel of net ander dop te hou nie, solank hy wel oor sosiaal aanvaarbare vaardighede beskik wanneer hy met sy portuurgroep speel. Indien `n kleuter egter skielik ontrek kan dit op `n probleem dui.

Die navorser is van mening dat die moeder kennis moet neem van die soort spel waartoe die kleuter in staat is en waarvoor hy kans sien tydens die aanpassingsperiode en dit in gedagte moet hou wanneer sy hom by die versorging van die baba wil betrek. Sommige kleuters sal vir eers net wil dophou, ander sal met `n pop wil naboots wat die moeder met die baba doen, terwyl ander die moeder met die baba sal wil help. Die ouderdom van die kleuter, sowel as die ontwrigting wat die baba vir hom inhou, kan hier `n bepalende rol speel en die moeder sal haar hier deur die kleuter moet laat lei.

Spel is `n weerspieëling van die kleuter se sosiale ontwikkeling, maar dit dra ook by tot sy sosiale ontwikkeling. Tydens spel leer hulle sosiaal aanvaarbare gedrag aan, om te domineer en gedomineer te word, om te beskerm en hulself te verdedig, om verantwoordelikheid te aanvaar, `n ander se standpunt te respekteer en om tot `n realistiese siening van sy eie vaardighede te kom. Hulle leer van reëls en verskillende rolle (Booysen, 1993:34). Die navorser is van mening dat spel `n belangrike hulpmiddel kan wees in die kleuter se aanpassing na die geboorte van `n baba.

In die eerste deel van die hoofstuk was daar gelet op die kleuter se emosionele belewenis, kenmerkende kognitiewe denkpatroon, asook sy sosiale ondersteuningstelsel wat `n invloed kan hê op sy aanpassing by die veranderinge in die gesin as gevolg van die geboorte van die baba. In die tweede deel van die hoofstuk sal daar vervolgens aandag gegee word aan die aanpassingsprobleme wat kan voorkom by die kleuter na die geboorte van `n baba.

## 2.3 Die aanpassingsprobleme by die kleuter

Die beskrywing van die aanpassingsprobleme by die kleuter behoort by te dra tot begrip en empatie vir die kleuter, asook die moeder se hantering en belewenis van die probleme. Ten spyte van deeglike voorbereiding op die geboorte van `n sib, is dit volgens Mendelson (1990:78) baie moeilik om te voorspel hoe `n kleuter na die geboorte sal reageer. Vanuit die literatuurstudie is dit duidelik dat daar oor die algemeen `n merkbare verandering in kleuters se gedrag na vore tree. Berk (1996:274) bevestig dat die meeste kleuters hierdie aanpassing moeilik vind.

Ten einde `n idee te kry van wat die aard van die probleme is, sal daar nou gekyk word na breë kategorieë van aanpassingsprobleme wat by kleuters kan voorkom na die geboorte van `n baba.

### 2.3.1 Breë kategorieë van aanpassingsprobleme

Griffin en De la Torre (in Sawicki, 1997:1) verdeel die reaksie van die sib na die geboorte van `n baba in vier breë kategorieë wat gelyktydig kan voorkom.

- Aggressiewe gedrag

Sawicki (1997:1) verduidelik dat aggressie `n algemene verskynsel by kleuters na die geboorte van `n baba is. Die aggressie kan openlik in verbale of fisiese aanvalle op die baba, die moeder, troeteldiere of maats by die skool uitgedruk word. Sommige kleuters breek speelgoed of ander se besittings weens die frustrasie wat hulle ervaar. Hierdie aggressie neem soms toe of kom eers later tot uitdrukking namate die baba ouer word en in die kleuter se ruimte inbeweeg soos wanneer hy begin kruip en loop (Dunn in Douglas 1989:65). Volgens Sanders (2004:47) bestaan daar `n verband tussen die kleuter se aggressie en die konflik tussen hom en sy ouers as gevolg van die aanpassingsprobleme. Die ouers se hantering van die aggressie, kan die aggressie laat toeneem. Aggressie kan ook volgens Volling (2005:542) ontstaan wanneer die moeder oormatige beheer op die kleuter uitoefen of wanneer die binding tussen die kleuter en die moeder nie `n hegte binding was nie.

- Regressie

Regressie kom voor wanneer `n kleuter terugkeer na `n vorige fase waarin hy veilig gevoel het en dan weer gedrag openbaar wat gepas was in daardie stadium ten einde spanning te probeer verminder (Dunn & Kendrick, 1982:17). Regressie kom meer by kleuters jonger as drie jaar voor, aangesien hul nog konstante goedkeuring, leiding en ondersteuning van hul ouers benodig en hulle nie in staat is om hul behoefte uit te stel nie. Mendelson (1990:135) beskou regressie as `n nabootsing van die baba om die ouers se aandag te kry of om spanning te verlig, maar dit kan ook `n positiewe teken wees dat die kleuter met die baba op die baba se vlak probeer identifiseer. Die navorser is van mening dat die kleuter ook op `n simboliese wyse van regressie gebruik maak, omdat hy dink dat hy weer sy moeder se aandag sal kry, indien hy `n baba is.

- Aandagsoekende gedrag

Kleuters sal soms van aanvaarbare, sowel as onaanvaarbare gedrag gebruik maak om die moeder se aandag op homself te probeer vestig, wanneer die moeder met die baba besig is (Dunn, State of the art Siblings:244). Deur die moeder se reaksie kan introjekte soos "ek is stout" of "ek is nie belangrik genoeg nie" by die kleuter vasgelê word. Die ouer moet daarvan bewus wees dat hul reaksie op hierdie aandagsoekende gedrag, juis die gedrag van die kleuter kan versterk, indien dit verkeerd hanteer word.

- Verhoogde onafhanklikheid

Sommige kleuters tree meer volwasse en onafhanklik op na die geboorte van die baba. Hulle beleef hulself as groot en hul vaardighede soos aantrek, self eet en toiletroetine brei aansienlik uit. Dit kom voor asof hulle soms skielik vaardighede bemeester waarmee hulle voorheen gesukkel het (Dunn & Kendrick, 1981:336). Die ouer dra lank voor die geboorte van die baba, volgens Mendelson (1990:39), die boodskap oor dat daar van die kleuter verwag gaan word om meer volwasse op te tree. Die kleuter tree soms oormatig volwasse op ten einde negatiewe emosies te vermy. Dit kan `n strategie wees om hulself te beskerm teen die gevolge van hul emosies en om positiewe terugvoer te verseker. Die kleuter kan ook deur hierdie gedrag aan homself `n mate van beheer in die situasie gee.

`n Verskeidenheid simptome van aanpassingsprobleme kan by die kleuter na die geboorte van `n baba voorkom. Die kleuter se gedrag is soms oneffektief en kontraproduktief,

deurdat dit die kleuter benadeel in plaas van help om aan te pas. Die simptome word deur Booysen (1993:65) verdeel in fisiologiese-, emosionele-, kognitiewe- en gedragsresponse. Hier volg `n oorsig van verskeie simptome van stres wat by kleuters met aanpassingsprobleme teenwoordig kan wees soos saamgestel deur Booysen (1993:71).

### 2.3.2 Simptome van stres by die kleuter

**Tabel 2.2 Simptome van stres by die kleuter**

| **Sisteem geraak** | **Simptome van stres** |
|---|---|
| Fisiologiese simptome | Psigosomatiese siektes soos: hoofpyn; naarheid; maagpyn; asemnood; kroep; asma; onverklaarbare pyne.<br>Lomplheid; ongeluksvatbaarheid; moegheid. |
| Emosionele simptome | Onttrekking; oorsensitiwiteit; ongeduldigheid; buierigheid; huilerig; geïrreteerdheid; frustrasie; aggressie; woedebuie; destruktiwiteit; regressie; skuldgevoelens; afknouerigheid; oorafhanklikheid; verlies aan selfvertroue; skeidingsangs; verhoudingsprobleme; vrese en fobies; depressie; negatiwiteit; oormatige volwassenheid; ongehoorsaamheid en senuweeagtigheid. |
| Kognitiewe simptome | Verwardheid; vergeetagtigheid; foutiewe persepsie t.o.v. situasie; konsentrasie-verlies; dagdromery; onrealistiese fantasieë; ontkenning. |

| | |
|---|---|
| Gedragsresponse | Vermydingsgedrag; afgetrokkenheid; eetversteurings (eet te veel of te min); slaapsteurnisse (te veel of te min, wil by ouers slaap, nagmerries, nagvrese, sukkel om aan die slaap te raak.); eliminasieversteurings (enurese, enkoprese); kners op tande; kompulsiewe gedrag; spraakprobleme (hakkel, elektiewe mutisme, praat onduidelik); impulsiwiteit; hiperaktiwiteit; steel; naelsbyt; krap en vroetel; vertel leuens en verdraai feite; vermy oogkontak; huilerig en klaerig; weier enige toenadering van moeder; verlies aan lewenslus; depressiewe gedrag; selfstimulering (duimsuig, maturbasie, wieg vorentoe en agtertoe); self besering deur bv. kop te stamp. |

Alle kleuters word egter nie op dieselfde wyse deur die geboorte van die baba geaffekteer nie en almal reageer nie op dieselfde wyse nie. Vervolgens sal daar gekyk word na faktore wat `n invloed op die aanpassing kan hê.

### 2.3.3 Faktore wat aanpassing kan beïnvloed

Volgens Boyse (2007:2) en Sawicki (1997:3) kan die volgende faktore die kleuter se aanpassing by `n baba beïnvloed, naamlik:

- Die kleuter se persoonlikheid en temperament

Booysen (1993:60) verduidelik dat sommige kleuters oor `n temperament beskik wat hulle in staat stel om stres beter as ander te kan hanteer. Kleuters wat voor die geboorte van die baba, vanweë hul intense emosionele reaksies op stres deur hul moeders as moeilik beskryf is, ondervind meer ernstige aanpassingsprobleme na die geboorte van die baba (Dunn & Kendrick, 1982:190). Sensitiewe kleuters het `n langer tyd nodig om by veranderinge aan te pas, terwyl psigosomatiese probleme by kleuters wat normaalweg meer gespanne is, kan ontwikkel. Ooraktiewe kleuters toon, volgens Sawicki (1997:3),

meer rustelose gedrag na die geboorte van `n baba en aggressiewe gedrag of ander probleme kan voorkom indien ouers hulle meer inperk ten einde die baba te probeer beskerm. Kleuters wat as introverte beskou word, is geneig om te onttrek, terwyl ekstroverte meer geneig is tot humeur-uitbarstings en uitreagerende gedrag.

- Verhouding met die moeder

Kleuters wat `n hegte verhouding met die moeder gehad het, toon die meeste ontwrigting kort na die geboorte. Javaid en Kestenberg (in Sanders, 2004:42) beskou die verandering in die verhouding tussen die kleuter en die moeder as gevolg van die moeder se betrokkenheid en liefde vir die baba as `n oorsaak vir die aanpassingsprobleme. Volgens `n studie deur Dunn en Kendrick (1982:197) was daar `n merkbare toename in konfrontasie tussen die moeder en die kleuter na die geboorte van die baba. Daar was `n afname in oogkontak en gedeelde aktiwiteite, asook aandag vanaf die moeder wat deur die kleuter as verwerping beleef kon word en wat tot aanpassingsprobleme aanleiding kan gee. Die aanpassingsprobleme kan egter van korte duur wees indien die kleuter ervaar dat hy steeds die nodige liefde en aandag vanaf die moeder ontvang en dat die baba nie hulle verhouding bedreig nie. Kleuters wat nie `n hegte binding met die moeder het nie se aanpassingsprobleme kan soms meer ernstig en meer permanent van aard wees. Die kleuter se aanpassing en die tydsduur van aanpassing sal volgens Booysen (1993:60) afhang van die hoeveelheid ondersteuning wat hy van die belangrike persone, wat opreg omgee, in sy lewe kry om hom te help om uit die veranderinge in sy lewe sin te maak.

- Verhouding met die vader

Kleuters wat reeds `n hegte verhouding met die vader gehad het voor die geboorte van die baba, pas makliker by die veranderinge in die gesin aan. Stewart (1990:82) verduidelik dat indien die vader vir die eerste keer na die geboorte van die baba betrokke raak by die kleuter se versorging, dit tot verhoogde stres by die kleuter kan lei, aangesien die vader dinge op sy eie manier doen en dit deur die kleuter as verkeerd beskou kan word. Die vader se betrokkenheid kan die kleuter se aanpassing by die baba vergemaklik.

- Die ouderdom van die kleuter

Kleuters tot op tweejarige ouderdom wat self nog baie afhanklik van die moeder is, toon soms die meeste aanpassingsprobleme. Weens hul kognitiewe ontwikkeling toon hulle geen insig in die behoeftes van die baba nie. Volgens Sawicki (1997:4) kom regressie

veral tot op driejarige ouderdom voor, terwyl die meeste kleuters tot op vyfjarige ouderdom verskeie aanpassingsprobleme na die geboorte van `n baba toon. Booysen (1993:61) is van mening dat kleuters ouer as vyf jaar minder kwesbaar is vanweë hul kognitiewe ontwikkeling en dat hul selfkonsep bevorder word, aangesien hulle op `n verantwoordelike wyse hulp ten opsigte van die baba kan verskaf.

- Die geslag van die kleuter

Dit blyk volgens Anselmo (in Booysen, 1993:61) dat seuns meer regressiewe- en gedragsprobleme openbaar na die geboorte van `n baba as `n dogter. Volgens navorsing deur Nadelman en Begun in Sawicki (1997:2) toon jong kleuterseuns meer regressiewe gedrag as dogters. Seuns sal eerder onttrek of aggressief reageer, terwyl dogters klouerig sal raak en die moeder oral sal volg. Dunn en Kendrick (in Mendelson, 1990:136) het tydens `n studie bevind dat twee- en driejarige kleuters makliker aanpas, indien die baba van dieselfde geslag is as die kleuter, terwyl vier- en vyfjariges ongeag hul eie geslag `n babasussie verkies en makliker aanpas na die geboorte van `n dogtertjie.

- Die ouers se hantering van die aanpassingsperiode

Die ouers se voorbereiding van die kleuter op die geboorte van die baba, sowel as die hantering van aanpassingsprobleme kan deurslaggewend wees. Murphy (in Sawicki, 1997:4) verduidelik dat indien die ouers die kleuter bewus maak van die baba se behoeftes, gedrag en gevoelens en nie net fokus op die evaluering van die kleuter se gedrag en optrede nie, die ouers reeds `n positiewe verhouding tussen die sibbe vestig. Mendelson (1990:136) beskryf hoe die ouers die kleuter kan help om positiewe gevoelens teenoor die baba te ontwikkel. Voortdurende konflik tussen die ouers en die kleuter kan die aanpassing strem.

- Veranderinge in die gesin

Volgens Stewart (1990:82) kan die verandering in die ouers se rolle, roetine in die gesin en die verhouding met die ouers tot baie onsekerheid en spanning by die kleuter lei, wat die aanpassing bemoeilik. Indien die roetine in die gesin, rondom die kleuter se program onveranderd bly, gee dit volgens Rowe (2007:23) aan die kleuter `n gevoel van beheer oor die veranderende situasie. Verandering in die roetine laat die kleuter egter verlies aan beheer ervaar, wat tot aanpassingsprobleme kan lei. Indien daar ook nog verdere spanning in die gesin teenwoordig is soos nageboortelike depressie by die moeder,

huweliksprobleme, finansiële probleme of siekte by die baba, kan dit tot meer aanpassingsprobleme by die kleuter lei. Volgens Chandler (1985:21) word kleuters met `n laer sosio-ekonomiese agtergrond aan meer stres blootgestel en word die probleme ook dikwels swakker deur die ouers hanteer.

Die vreugde en opgewondenheid oor die geboorte van `n baba kan soms vinnig oorskadu word deur die onverwagse aanpassingsprobleme wat by die kleuter voorkom. Dunn en Kendrick (1982:2) stel dit dat die kleuter se hele sosiale wêreld verander na die geboorte van `n baba. Sy verhouding met sy vader en moeder verander en hy word deur iemand, wat met hom meeding om sy ouers se liefde en aandag, gekonfronteer. Dit word van die kleuter verwag om hierdie vreemde mensie in sy lewe te verwelkom en by hom aan te pas ten spyte daarvan dat die baba onsensitief is vir die kleuter se behoeftes en nie positief op hom reageer nie.

Die navorser is van mening dat dit uit die bogenoemde duidelik is dat verskeie aanpassingsprobleme by `n kleuter rondom die geboorte van `n baba kan voorkom wat `n invloed op die kleuter se ontwikkeling kan hê, indien die ouers weens `n gebrek aan insig dit nie op `n empatiese en ouderdom-toepaslike manier kan hanteer nie. Hierdie aanpassingsprobleme by die kleuter het ook `n invloed op die moeder se belewenis van haar rol as moeder en beïnvloed die moeder se hantering van die probleme. In die derde deel van hierdie hoofstuk word daar vervolgens aandag gegee aan die fokus van die studie, naamlik: die moeder se belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba. Daar word veral gelet op faktore wat `n bydraende rol kan speel in die belewenis van die moeder.

## 2.4 Die moeder se belewenis

In hoofstuk 1 is verduidelik wat met belewenis bedoel word. (Vergelyk 1.12.5). Kortliks kan belewenis beskryf word as die verband tussen die emosie wat beleef word en die betekenis wat daaraan geheg word, wat aanleiding tot die persoon se optrede gee. Louw

en Edwards (1998:493) kom tot die gevolgtrekking dat die moeder se emosionele reaksie afhanklik is van haar waarneming, oordeel, oortuiging en gevolgtrekkings met betrekking tot die spesifieke situasie.

Parker (1995:27) is van mening dat die moeder se betrokkenheid by die kleuter en die baba haar emosies soos trots, vreugde, angs, geïrriteerdheid, frustrasie, mislukking, magteloosheid, bekommernis, besorgdheid, skuldgevoelens, ensovoorts kan laat beleef. Die moeder se belewenis van die kleuter se aanpassingsprobleme gee `n aanduiding van haar evaluering van die situasie. Hierdie evaluering vind plaas op `n kontinuum van aangenaam tot onaangenaam en beïnvloed die kwaliteit van haar betekenisgewing aan en haar betrokkenheid by die kleuter. Vir die doel van hierdie studie word daar spesifiek na die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba gekyk. Birns en Hay (1988:281) het in hul studie oor die moeder se subjektiewe belewenis van moederskap bewus geword dat daar min inligting oor die moeder se belewenis bekend is. Die meeste empiriese studies fokus volgens die outeurs op kinders en nie op hul moeders nie. Daar blyk dus min literatuur beskikbaar te wees oor die belewenis van die moeder.

Die navorser is van mening dat wanneer daar gekyk word na die belewenis van die moeder, dit van belang is om al haar ander rolle in gedagte te hou, aangesien die verskillende rolle `n wedersydse invloed op mekaar het. Daar sal vervolgens gekyk word na die verskillende rolle van die moeder en die invloed wat dit op haar belewenis kan hê.

### 2.4.1 Verskillende rolle van die vrou

Die verskillende rolle van die vrou, as mede-broodwinner, eggenoot en moeder stel volgens De Vaus (1992:121) verskeie eise, waaraan die moeder onmoontlik op dieselfde tyd ewe goed kan voldoen. Volgens Vosloo (2002:1) is daar `n toenemende getal gesinne waar beide eggenote veeleisende loopbane volg. Dit laat die potensiaal vir konflik tussen die verskillende rolle van die moeder, wat `n bepaalde invloed het op die verhouding tussen haar en haar gesin, haar verhouding met haar eggenoot, asook die verhouding

tussen haar en haar werkgewer verhoog. Dit kan tot frustrasie en skuldgevoelens by die moeder aanleiding gee. Venter (2003:52) meld dat moeders se prioriteite en siening oor rolle verskil. Die navorser is van mening dat probleme ten opsigte van een rol ook `n invloed op die ander rolle kan hê. Die moeder se belewenis van haar onderskeie rolle kan haar belewenis van die aanpassingsprobleme by die kleuter ook beïnvloed.

- Rol as mede-broodwinner

Weens hoë lewenskoste is `n toenemende getal moeders volgens Venter (2003:53) genoodsaak om mede-broodwinners te wees. Everingham (1994:4) wys daarop dat die rol as broodwinner soms ten koste van die versorging, vertroeteling en verhouding met die kleuter is. Venter (2003:53) is van mening dat werkende moeders min tyd saam met hul kleuters het en dat hulle daarom deeglik sal moet kan beplan om kwaliteit tyd aan hul kinders te kan spandeer. Die integrering van die twee rolle stel volgens Birns en Hay (1988:273) baie eise aan die moeder wat haar emosioneel kan dreineer. Sommige moeders beleef dat haar werk haar weerhou om aan die eise van moederskap te voldoen en dit kan aanleiding gee tot opstandigheid, skuldgevoelens en spanning wat haar hantering van die aanpassingsprobleme kan beïnvloed. Die navorser voorsien dat indien die moeder weens haar werk, nie die nodige aandag aan die kleuter gee nie, kan die geboorte van `n baba haar nog minder beskikbaar vir die kleuter maak en dit kan tot aanpassingsprobleme lei.

Beroepsarbeid kan egter ook `n positiewe belewenis vir die vrou wees, aangesien die ervaring van sukses in haar werk tot identiteitsondersteuning lei. Duidelike aanwysings van wat van haar verwag word en onmiddellike terugvoer, maak dit vir haar moontlik om haarself te skik ten einde sukses te verseker. Beloning vir sukses soos salaris, bevordering en positiewe terugvoer, dien as aansporing. Indien die vrou suksesvol in haar werk is, sal haar selfwaarde verhoog word en dit kan positief op die verhouding met die kleuter inwerk (De Vaus, 1992:129). Die teenstelling is ook waar, dat indien sy haar rol as mede-broodwinner negatief ervaar of probleme by die werk ondervind dit haar kan frustreer en dit ook in haar verhouding met haar kleuter na vore kan kom. Die rol kan haar minder beskikbaar maak vir haar gesin en kleuter (Birns en Hay, 1988:286).

- Die rol as moeder

Die rol as moeder maak volgens Langley, Carpenter en Brittz (2007:3) `n aanslag op die vrou se identiteit. Die moeder meet haarself aan ander se maatstawwe en indien sy met die praktiese versorging van die baba en die kleuter sukkel, kan sy haarself as `n mislukking ervaar. Die rol as moeder word gebaseer op die verhouding tussen moeder en kind en reflekteer tot `n mate die moeder se ervaring van haar verhouding met haar eie moeder (De Vaus, 1992:7 Vergelyk 2.4.2.7). Daar is nie duidelike aanwysings vir die moeder van wat verwag word nie, asook `n gebrek aan terugvoer en beloning wat volgens Birns en Hay (1988:269) tot onsekerheid by die moeder kan lei. De Vaus (1992:125) stem saam dat moeders dus nie identiteitsondersteuning in hul rol as moeder ervaar nie. Onkunde by die moeder lei tot spanning en angstigheid wat haar rolvervulling en belewenis van haar rol beïnvloed. Murphy (1993:277) en Sawicki (1997:1) het gevind dat moeders baie vrae en bekommernisse het wat daartoe lei dat hulle professionele hulp soek om die aanpassingsprobleme van kleuters na die geboorte van `n baba te kan hanteer.

Parker (1995:1,55) beskryf die belewenis van moederskap as `n mengsel van ambivalente gevoelens. Die moeder beleef soms ingewikkelde teenstrydige gevoelens van liefde en haat teenoor die kind. Die moeder voel soms ook in twee geskeur tussen haar eie behoeftes en die behoeftes van die kleuter. Die kleuter se foute en ongehoorsaamheid word soms volgens De Vaus (1992:127) deur die moeder gesien as `n refleksie op haar rol as moeder. Weens die eise wat die baba aan die moeder stel, is die moeder volgens Sanders (2004:39) minder toeganklik vir die kleuter en skuldgevoelens kan by die moeder ontwikkel. Die navorser se mening is dat die moeder se belewenis rondom moederskap en die aanpassingsprobleme haar minder sensitief en simpatiek vir die kleuter se behoeftes kan maak en in haar hantering van die aanpassingsprobleme waargeneem kan word.

`n Persoon se waarde word deur sommige mense gemeet aan die inkomste wat verdien word en daarom word moeders soms as onbelangrik beskou. Volgens De Vaus (1992:129) beleef moeders hulself soms ook as waardeloos en soek dan beloning in die take wat hulle vir ander doen. `n Gebrek aan positiewe terugvoer vir die take wat deur

hulle verrig word, beïnvloed hul selfwaarde negatief. Sommige moeders se afhanklikheid van terugvoer en erkenning, wat nie deur die kleuter voorsien kan word nie, lei daartoe dat die kleuter as ondankbaar beleef word. Die moeder fokus soms op ander se behoeftes ten koste van haar eie. Ander moeders raak weer so bewus van hul eie behoeftes, wat nie deur moederskap vervul word nie, dat hulle net op hul eie behoeftes begin fokus (De Vaus, 1992:133). Die navorser is van mening dat dit vir sommige moeders `n ontvlugting is om terug te keer na beroepsarbeid waar hulle beleef dat hulle van waarde is.

Moeders wat by kleuters betrokke is beleef oor die algemeen `n behoefte aan ondersteuning. Hier is die rol van die vader onontbeerlik veral ook ten opsigte van terugvoer. Moeders van kleuters, kan volgens Parker (1995:1), waardevolle ondersteuning aan mekaar bied. Nuwe wyses van hantering kan by mekaar geleer word en erkenning kan aan mekaar verskaf word. Ongelukkig gebruik onseker en onvolwasse moeders juis ander se probleme om beter te voel oor hul eie situasie en gee nie die nodige ondersteuning en terugvoer aan mekaar nie.

- Die rol as eggenoot

Die navorser is van mening dat die veranderinge in die gesin as gevolg van die geboorte van `n baba aanleiding gee tot spanning by al die gesinslede. Die spanning het `n invloed op al die verhoudings in die gesin, ook die huweliksverhouding. Volgens Langley *et al.* (2007:4) kan die eise wat aan die moeder gestel word so oorweldigend en uitputtend wees dat sy `n verlies aan libido ervaar en die eggenoot afgeskeep voel. Dit kan tot huweliksprobleme aanleiding gee.

Verskillende ouerskapstyle en maniere om probleme aan te spreek kan ook tot huweliksprobleme lei, indien die egpaar mekaar nie ondersteun in die hantering van probleme nie. Die gebrek aan ondersteuning lei dikwels tot `n toename in spanning en `n afname in selfagting by die ouer (Harvey in Van Wyk, 2004:29). Die gebrekkige ondersteuning deur die vader, kan `n invloed op die huweliksverhouding, die moeder-kind verhouding, asook die moeder se belewenis van haar rol as moeder hê. Volgens Langley *et al.* (2007:3) ervaar sommige moeders dat die vader se identiteit en rolle onveranderd gebly het en dat hy kan voortgaan met sy werk, roetine, sport en

ontspanning, terwyl sy al die aanpassings moet maak. Dit gee aanleiding tot spanning tussen die egpaar. Sanders (2004:95) het bevind dat `n positiewe huweliksverhouding en `n sterk alliansie tussen ouers aanleiding gee tot `n positiewe verhouding tussen sibbe.

Die aard van die huweliksverhouding kan dus `n determinant wees wat die moeder se belewenis van haar rol as moeder kan bepaal. Net soos by kinderontwikkeling is daar verskeie determinante wat moederlike gedrag kan motiveer. Daar sal nou vervolgens aandag geskenk word aan hierdie determinante wat `n invloed op die moeder se belewenis kan uitoefen.

### 2.4.2 Determinante van moederlike belewenis

Determinante word deur Meyer (2003:33) beskryf as faktore wat `n bepalende invloed op ontwikkeling het. Dit bepaal dus in `n groot mate die uitkoms wat bereik gaan word. Determinante wat moontlik `n invloed op die belewenis van die moeder kan hê en wat haar belewenis van die situasie asook haar hantering van die situasie kan bepaal sal nou kortliks bespreek word.

#### 2.4.2.1 Kennis, houding en vaardighede

`n Moeder se kennis, houding en vaardighede het volgens Venter (2003:57) `n invloed op die wyse waarop die moeder haar rol sien en vervul. Die navorser is van mening dat kennis rondom die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme wat by die kleuter mag voorkom, die moeder in staat sal stel om dit realisties te beoordeel en empaties te hanteer. Kennis stel die moeder in staat om probleme raak te sien en aan te spreek om sodoende agterstande by die kleuter te voorkom. Volgens Van Loggerenberg en Roets (in Basson, 2001:10) kan kennis van `n situasie die belewenis en reaksie daarop bepaal.

`n Moeder wat oor effektiewe vaardighede in kommunikasie, besluitnemings en probleemoplossing beskik sal probleme by die kleuter minder negatief beleef en beter hanteer (Venter, 2003:57). Die moeder se positiewe houding ten opsigte van die kleuter

en sy probleme kan `n aangename atmosfeer in die gesin skep wat die tydsduur en intensitiet van die aanpassingsprobleme kan beïnvloed. Die atmosfeer in die gesin word volgens De Vaus (1992:67) grootliks deur die moeder se betrokkenheid en houding bepaal. Volgens Stewart (1992:43) speel hierdie atmosfeer in die gesin `n belangrike rol by die ontwikkeling van die kleuter se persoonlikheid. Die navorser is van mening dat `n positiewe gesindheid by die moeder, `n positiewe uitwerking op die hele gesin het. Die moeder se emosionele volwassenheid speel hier `n rol.

**2.4.2.2 Die emosionele volwassenheid van die moeder**

Volgens Everingham (1994:20) dien `n standvastige, betekenisvolle, gelukkige verhouding tussen die kleuter en sy moeder as die basis, vanwaar die kleuter die wêreld kan aandurf. Emosionele volwassenheid maak dit vir die moeder moontlik om so `n verhouding in stand te hou en aan die emosionele en fisiese behoeftes van die kleuter te voldoen, sonder om dit negatief te beleef as probleme opduik. `n Emosioneel volwasse moeder word nie deur haar eie behoeftes gedryf as besluite geneem word nie, maar ander se behoeftes word in ag geneem. So `n moeder verstaan die kind se gevoelens en denke so goed soos haar eie. Sy is stabiel, vol selfvertroue, en voel nie maklik bedreig deur probleme nie. Die navorser is van mening dat die emosioneel volwasse moeder begrip sal toon vir die aanpassingsprobleme van die kleuter wat ook in haar hantering van die probleme sal blyk.

`n Emosioneel onvolwasse moeder is bang vir mislukking. Haar belewenis word deur die aanpassingsprobleme by die kleuter beïnvloed. `n Soet kind laat haar suksesvol voel en sy is soms onbewus van die kind se gevoelens en behoeftes. Kleuters mag volgens haar nie aggressie toon nie en sy poog om aggressie weg te straf. Sy kan haarself nie in die kleuter se posisie indink en empatie met hom of sy situasie hê nie. Sy beleef verwerping deur die kleuter, indien hy gedrag, wat vir haar onaanvaarbaar is, openbaar. Sy is bang vir mislukking en ervaar moederskap as nog `n terrein waarop sy kan misluk. Sy is dus voortdurend angstig oor haar rol as moeder en vind nie genot in moederskap nie. Indien sy die kleuter straf, grens dit dikwels aan mishandeling, omdat sy die oortreding

persoonlik opneem en die straf nie by die oortreding of ouderdom van die kleuter aanpas nie. Die navorser is van mening dat die moeder se belewenis en hantering van die aanpassingsprobleme by die kleuter verband hou met haar emosionele volwassenheid.

### 2.4.2.3 Gesondheid

`n Moeder se gesondheid kan volgens Venter (2003:58) `n invloed op haar belewenis, asook op haar vermoë om positief as moeder op te tree, hê. `n Siek, depressiewe of uitgeputte moeder kan minder ernstige probleme as krisisse beleef en dit kan die verhouding tussen haar en haar kleuter skaad.

Die gesondheid van die baba kan ook as `n determinant van die moeder se belewenis gesien word. Indien die baba siek of gestremd is, sal dit die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme by die kleuter nog meer negatief maak. Volgens Schoeman (2007:32) is die meeste ouers bekommerd en onseker oor `n gestremde baba, omdat hulle nie weet wat vir hulle voorlê nie. Die ouers gaan soms deur `n rou proses oor die probleme by die baba, soos by die dood van `n geliefde en min aandag word aan die kleuter en sy behoeftes gegee.

### 2.4.2.4 Persoonlikheidseienskappe van die kleuter

Kleuters se unieke biologiese en psigologiese karaktereienskappe lewer ook `n bydrae tot die wyse waarop hul moeder hulle beleef en teenoor hulle optree. Kleuters wat geneig is om baie aktief te wees, sal byvoorbeeld meer negatief deur die moeder beleef word, veral wanneer sy uitgeput is. Kleuters se temperamente kan soms bots met dié van die moeder. Die bemeestering van ouerskapsvaardighede is `n voortdurende uitdaging vir die moeder soos wat die kleuter opgroei. Die wyse waarop die moeder probleme hanteer, word deur die kleuter se bereidwilligheid tot ouerlike leiding beïnvloed (Venter, 2003:58).

#### 2.4.2.5 Spanning

Spanning by die moeder as gevolg van verskeie faktore kan volgens Alvy (in Venter, 2003:59) `n invloed op haar belewenis, gedrag en funksionering hê. Spanning kan uit nageboortelike depressie, sosiale isolasie, verlies aan inkomste weens die swangerskap, siekte by die baba of kleuter of moeder, finansiële probleme, onbetaalde doktersrekeninge en uitputting weens min slaap voortvloei. Volgens Wolfe (in Venter, 2003:59) is simptome van langdurige spanning of oormatige stresvolle periodes dikwels die oorsaak van kindermishandeling.

#### 2.4.2.6 Ondersteuning

Volgens Venter (2003:59) sal `n moeder wat genoegsame ondersteuning van haar eggenoot, familie, vriende en kollegas kry en wat betrokke by kerklike aktiwiteite is, meer geneig wees om psigologies en fisies gesond te wees. Laasgenoemde sal ook meer positief wees in hul belewenis en benadering van probleme by die kleuter. Volgens Birns en Hay (1988:178) ervaar moeders nie altyd die nodige ondersteuning van die vaders nie. Moeders se skuldgevoelens oor hul gebrekkige inkomste of min tyd wat hulle met hul kinders spandeer maak dat hulle alle verantwoordelikheid vir die kinders aanvaar en nie die vaders betrek nie. Die vader se betrokkenheid en ondersteuning aan die moeder het volgens Dunn en Kendrick (1982:204) `n positiewe effek op die moeder se gemoedstoestand en hantering van die aanpassingsprobleme by die kleuter. Everingham (1994:22) stem saam dat moeders wat heeltyd betrokke is by kleuters, afhanklik is van eksterne ondersteuning soos deur die vader en ander persone. Gebrek aan ondersteuning en isolasie kan volgens Langley *et al.* (2007:3) tot depressie en kindermishandeling lei, veral as die moeder ervaar dat sy alleen vir die versorging van die kinders en die hantering van die aanpassingsprobleme by die kleuter verantwoordelik is. Moeders met ondersteuning kan stresvolle situasies beter hanteer.

Volgens De Vaus (1992:125) lê die waarde van ondersteuning aan die moeder daarin dat sy

- Erkenning kry wat haar belewenis positief beïnvloed.
- Advies kan vra wanneer sy onseker voel, asook hulp en ondersteuning wanneer nodig.
- Ervaar dat sy nie in isolasie is nie, maar dat sy belangrik is, ander vir haar omgee en wil help.

Volgens Langley *et al.* (2007:3) kan die ongevraagde, teenstrydige raad wat moeders dikwels van ander ontvang, as kritiek beleef word en hulle kan onseker wees oor watter raad om te volg. Die navorser is egter van mening dat `n moeder met `n ondersteuningsnetwerk, die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba meer positief sal beleef en kan hanteer. Die moeder se eie moeder kan in dié verband `n waardevolle bydrae lewer, indien daar `n goeie verhouding tussen hulle bestaan.

**2.4.2.7 Eie ervaring as kind**

Langley *et al.* (2007:3) is van mening dat die intense emosionele ervaring van die geboorte, asook die aanpassingsprobleme van die kleuter onopgeloste kindertyd ervarings van die moeder na die voorgrond kan bring en dus die moeder se belewenis kan beïnvloed. Venter (2003:58) verduidelik dat die moeder se eie geskiedenis en opvoeding, asook haar verhouding met haar sibbe `n bepalende rol in die opvoeding en verhouding met haar eie kinders speel. De Vaus (1992:13) beskou die moeder se eie opvoeding as rede vir die probleme word in die belewenis van moederskap ondervind word. Vier verskillende moederskapstyle op grond van die moeder se eie ervaring as kind, volgens De Vaus, sal nou kortliks verduidelik word.

- Die voorwaardelike moeder

Die voorwaardelike moeder het volgens De Vaus (1992:14) opgegroei met die idee dat sy haar ouers tevrede moet stel om liefde te verkry en verwerping te voorkom. Sy voel steeds sy moet suksesvol wees en mislukking ten alle koste probeer vermy om ander tevrede te stel en om erkenning te verkry. Indien sy volgens haar eie standaarde onsuksesvol is, word haar identiteit bedreig en voel sy depressief en kwaad. Sy verwag van haar kinders spesifieke gedrag soos positiewe terugvoer en dankbaarheid om haar te

laat goed voel oor haarself. Indien sy nie positiewe terugvoer kry nie, beleef sy dit as verwerping. As moeder onderdruk sy steeds haar eie behoeftes en gee voorkeur aan haar kinders en ander se behoeftes.

- Die verwerpende moeder

Die voorwaardelike moeder wat hierbo beskryf is, het hoopvol gebly en kon liefde verkry deur harder te probeer en haar ouers tevrede te stel, terwyl die verwerpende moeder, volgens De Vaus (1992:44), alle hoop verloor het dat sy ooit in staat sou wees om aan haar ouers se verwagtinge te voldoen. Haar ouers se onrealistiese eise was onmoontlik om aan te voldoen aangesien, sy op grond van haar geslag, voorkoms of verstandelike vermoë verwerp was. Sy kon op geen manier haar ouers se siening verander en hulle goedkeuring of liefde verkry nie en was herhaaldelik verwerp. Dit lei tot kroniese aggressie, depressie, onttrekking en `n onvermoë om verhoudings te vorm. Omdat hulle nie `n binding met hul ouers gevorm het nie, kan hulle ook nie `n binding met hul eie kinders vorm nie. Hulle onttrek dus of word gewelddadig en mishandel hul kinders. Volgens De Vaus (1992:53) het hulle nooit empatie ervaar nie en daarom kan hulle nie empatie aan hul kinders toon nie. Hulle verwerp hul eie kinders, omdat hulself verwerping as kind beleef het. Volgens Louw en Edwards (1998:540) voel die kind van die verwerpende moeder ongeliefd, bang, verlate, kwaad en bitter.

- Die onbelangrike moeder

Onbelangrike moeders het in gesinne opgegroei waar baie spanning voorgekom het. Volgens De Vaus (1992:63) was daar nie verwagtings aan hulle gestel waaraan hulle moes voldoen nie en daarom het hulle het ook nie verwerping beleef nie. Hulle het nie bindingsprobleme ondervind nie en het die agting van hul ouers verkry. Daar was egter `n onsekerheid in die gesin wat tot vrees vir konflik gelei het en wat hulle verhinder het om hul behoeftes uit te spreek. Hierdie spanning in die gesin kon veroorsaak gewees het deur ouers wat altyd gewerk het, rusies tussen ouers, alkoholisme in die huis, `n gestremde ouer, armoede, bejaarde ouers of `n sib met `n gestremdheid. Onder hierdie spanningsvolle gesinsomstandighede het die kinders geleer om stil te bly en selfopofferend te wees en om konflik ten alle koste te vermy. Omdat hulle ouers besig is met ander sake, leer hulle om vir hulself te sorg sonder om enige eise te stel of behoeftes te verbaliseer.

As moeders vermy hulle steeds konflik al beteken dit dat hul behoeftes nie bevredig word nie. Hulle word die slawe van hul kinders en verloor hulself in die rol as moeder. Hulle sal aanpas by ander sonder om enige eise te stel en konflik te alle tye probeer vermy. Hulle is totaal magteloos weens hul eie manier van optrede. Volgens De Vaus (1992:77) sukkel hulle om dissipline toe te pas en reëls te maak, omdat hulle bang is om hul kinders se liefde te verloor. Vir hulle is dit nie die moeite werd om te baklei oor dinge wat kinders nie doen nie hulle doen dit liewer self. Indien daar probleme by die kind voorkom, sal die onbelangrike ouer optree asof dit nie gebeur nie en haar wens uitspreek dat haar kind net gelukkig moet wees. Sy sal ook nie die situasie met die kind bespreek nie weens haar vrees vir konflik.

- Die kontrolerende moeder

Hierdie tipe moeders het ook met onsekerheid in die huis groot geword. Duidelike vrese is deur hulle ervaar dat die gesin sonder hulle hulp in duie sou stort. Die hoofstrategie vir oorlewing was om totale kontrole te hê. Hierdie kinders moes dikwels van vroeg af verantwoordelikhede dra as gevolg van die gesinsomstandighede, byvoorbeeld `n gestremde moeder. Weens die eise wat aan hulle gestel is, moes hulle in beheer wees ten einde die gesin se voortbestaan te verseker, en het hulle dus in kontrolerende moeders ontwikkel. Paniekaanvalle kom voor indien hulle verlies aan beheer ervaar. Hulle gee hulself dus die mag om almal en alles te kontroleer en te beheer. Onmiddellike gehoorsaamheid word van hul kinders vereis, anders raak hulle angstig omdat hulle verlies aan beheer ervaar (De Vaus, 1992:87).

Alhoewel hulle voortdurend instruksies aan hul kinders gee, deel hulle nie die kontrole nie en bly die verantwoordelikheid van wat gedoen moet word hul eie. Hulle bly voortdurend in beheer en leer nie die kinders om self verantwoordelikheid te neem nie. Die kinders ignoreer gewoonlik die instruksies, totdat die moeder hulle dreig of totdat sy `n angsaanval kry, voordat die instruksies uitgevoer word. Dit kan emosioneel baie uitputtend vir die moeder wees, omdat sy angstig is dat sy die kontrole gaan verloor. Die vrese wat hulle in hul kinderjare ervaar het en die strategieë wat hulle aangeleer het om die vrese te hanteer kan steeds in hul volwasse lewe hul lewens beheer, al bestaan die vrese lankal nie meer nie. Volgens De Vaus (1992:92) kan dit tot oormatige

betrokkenheid by en kontrole oor die kind en die kind se verlengde afhanklikheid van die moeder lei. Hulle sal ook nie geredelik hulp of ondersteuning aanvaar nie, omdat dit hulle `n gevoel van magteloosheid laat ervaar.

Die moeder se eie opvoeding kan dus haar belewenis en hantering van haar rol as moeder beïnvloed.

**2.4.2.8 Werksbevrediging**

Werksbevrediging kan moederskap, volgens De Vaus (1992:125) op vele maniere beïnvloed. `n Stimulerende beroep kan aan `n moeder `n gevoel van bekwaamheid gee wat kalmte, rustigheid en genotvolle interaksie met die kleuters tot gevolg kan hê. Moeders wat `n veeleisende loopbaan het en voortdurend deur hul werk geabsorbeer word, kan volgens Vosloo (2002:1) werksbevrediging ervaar, maar kan prikkelbaar en onbeskikbaar vir hul kinders wees. Die werksituasie waarin die moeder haar bevind, kan dus die moeder se effektiwiteit ten opsigte van haar gesin bevorder of inhibeer. Probleme in die werksplek kan die gees en energie van die moeder verteer en haar belewenis van haar rol as moeder benadeel (Alvy in Venter, 2003:60). Die navorser is van mening dat werksbevrediging `n positiewe invloed op die moeder se belewenis kan hê, maar dat sommige moeders ten spyte van werksbevrediging steeds skuldgevoelens rondom hulle rol as moeder kan beleef.

**2.4.2.9 Gesinslewe**

Die grootte van die gesin beïnvloed individuele ouer-kind-verhoudings. Groot gesinne kan bykomende spanning op die moeder plaas of haar taak kan verlig word deur die ouer kinders wat betrokke is by huishoudelike take. Van die groter kinders kan, volgens Buhrmester (in Boer & Dunn 1992:21) ook bepaalde rolle ten opsigte van die jonger kinders inneem en sodoende die moeder ondersteun. Moeders beleef ook dat hulle by die geboorte van die derde kind minder gespanne oor hul rol is weens die ervaring wat hulle ten opsigte van moederskap het. Enkelouergesinne het `n ander dinamika as gesinne waar albei ouers teenwoordig is. In stiefgesinne kan verskeie probleme en behoeftes na vore

kom wat ook volgens Rowe (2007:153) die moeder, sowel as die kleuter se belewenis kan raak. Selfs die grootte en ligging van die woning kan die belewenis van die moeder beïnvloed (Venter, 2003:61). Bykomende spanning in die gesin soos alkoholisme, werkloosheid, gestremdhede, ensovoorts kan volgens Sanders (2004:113) die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme beïnvloed.

**2.4.2.10 Sosiale Norme**

Die samelewing stel, volgens Parker (1995:122), sekere verwagtinge aan die moeder se gedrag en optrede. Daar bestaan kinderwette asook kinderregte, wat verklaar wat regtelik toelaatbaar in `n ouer-kind verhouding is. Sosiale norme beïnvloed die wyse waarop moeders hul kleuters opvoed en versorg. In sommige samelewings word die rol van die moeder, volgens Birns en Hay (1988:7,58), duidelik afgebaken en word sy veroordeel indien sy daarvan afwyk of indien daar enige afwyking by die kind voorkom. Die samelewing se verwagtinge en eise aan die moeder kan haar belewenis van haar rol as moeder beïnvloed (Venter 2003:61). Volgens Langley *et al.* (2007:3) is die samelewing soms krities teenoor moeders oor persoonlike keuses soos wanneer `n keisersnit in plaas van normale kraam verkies word of wanneer die moeder van bottelvoeding in plaas van borsvoeding gebruik maak of wanneer sy die baba by haar in die bed laat slaap inplaas van in `n wiegie. Elke moeder behoort op grond van haar eie omstandighede en oortuigings toegelaat te word om self besluite in die verband te neem sonder veroordeling van buite.

**2.4.2.11 Uitgestelde moederskap**

Vrouens wat moederskap uitgestel het, is volgens Birns en Hay (1988:156) gewoonlik goed opgeleide, professionele vroue wat finansieel onafhanklik is. Dit lei onafwendbaar tot groot veranderinge in die vrou se lewe. Daar bestaan `n verhoogde risiko van gesondheidsprobleme by die moeder en die baba wat tot angstigheid aanleiding kan gee. `n Gevoel van isolasie kan ontstaan omdat, vriende en familie nie meer klein kindertjies het nie. Hierdie moeders vind die aanpassing by die afhanklike baba moeilik. Volgens Walter (in Birns en Hay, 1988:270) vind hulle dit veral moeilik, omdat hulle nie meer

soveel tyd aan hulself kan spandeer as waaraan hulle gewoond was nie. Hulle ervaar `n verlies aan beheer oor hul eie lewens. Hierteenoor sien jong moeders `n baba soms as `n verlengstuk van hulself.

#### 2.4.2.12 Die geboorte van `n tweeling

Die navorser is van mening dat die geboorte van `n tweeling `n invloed op die moeder se belewenis van haar rol as moeder sal hê. Die eise ten opsigte van die voeding en versorging van die babas kan die moeder oorweldig en sy sal baie ondersteuning benodig. Volgens Sander (2004:164) is dit algemeen dat die moeder sukkel om altwee tegelyk te hanteer. Sy vergelyk die tweeling baie met mekaar en begin die een baba voor die ander te help wanneer albei gelyk huil as gevolg van haar belewenis van die babas. Die een mag dalk kleiner wees as die ander en daarom voel sy meer simpatie vir hom. Aangesien sy reeds sukkel om haar tyd en aandag tussen die tweeling te verdeel, kan die kleuter nog meer afgeskeep voel. Weens die moeder se betrokkenheid by die babas kan die kleuter verwerping beleef en jaloesie teenoor die babas ontwikkel. Hierdie aanpassingsprobleme van die kleuter kan dan besonder negatief deur die moeder beleef word, aangesien sy magteloos en skuldig teenoor die kleuter kan voel. Die moeder kan selfs die kleuter verwyt en skuldig laat voel, indien hy sy behoeftes verbaliseer. Chafin (2008:2) beklemtoon dat die moeder ten spyte daarvan dat sy emosioneel en fisies uitgeput is, tyd moet maak, terwyl die babas slaap, om aandag en liefde aan die kleuter te gee.

Daar sal nou gekyk word na die algemene belewenis van die moeder rondom die verhouding tussen haar en die kleuter.

### 2.4.3 Algemene belewenisse by moeders

Sommige belewenisse kom algemeen by moederskap voor. Dit hou gewoonlik verband met die verhouding tussen die moeder en die kind. Die navorser is van mening dat hierdie belewenisse selfs kan vererger tydens die kleuter se aanpassingsprobleme na die geboorte van `n baba.

- Magteloosheid

In die moeder-kind verhouding is die moeder die persoon wat oor die vermoë beskik om albei partye se standpunt in te sien en om `n oplossing uit te werk wat tot albei se voordeel sal wees. Die moeder is verantwoordelik vir albei se behoeftes, het sy ook die mag. Wanneer die moeder egter onder druk verkeer weens probleme wat sy nie kan hanteer nie, kan sy `n gevoel van magteloosheid ervaar. Die moeder voel en tree dan soos `n slagoffer op en begin om die kind as die onderdrukker te beskou en te hanteer (De Vaus 1992:103).

- Simbiose tussen moeder en kind

Dit word beskou as `n identiteitsverwarring tussen moeder en kind as gevolg van onvoldoende grense. Elkeen is afhanklik van die ander vir hul geluk en is verantwoordelik vir die ander se geluk. Indien die kind ongelukkig is, voel die moeder ongelukkig en bekommerd. Sy voel dat sy iets verkeerd gedoen het of `n slegte moeder is en dat sy verantwoordelik is om die kind weer beter te laat voel. Wanneer die moeder ongelukkig is ervaar die kind spanning en glo dat hy gefouteer het en probeer dan kompenseer deur sy gedrag (De Vaus 1992:111). Volgens Almaas (2006:1) kan hierdie simbiose veroorsaak dat `n slapende kleuter soms die angstigheid van die moeder aanvoel en wakker word van die ongemak wat hy beleef. Wanneer die moeder hom dan troos vind selfregulering ook by die moeder plaas en voel sy ook meer ontspanne en rustig.

- Skuldgevoelens by die moeder

Skuldgevoelens kom algemeen om verskeie redes by moeders voor. Die aard van skuldgevoelens word volgens Louw en Edwards (1998:427) deur die persoonlike evaluering van die situasie bepaal. Volgens Louw en Edwards (1998:44) ontstaan skuldgevoelens wanneer die moeder deur ander beskuldig word of sy haar verbeel dat ander haar sal beskuldig. Volgens Langley *et al*. (2007:2000) sien die moeder die probleme wat voorkom soms as haar straf op dinge wat sy verkeerd gedoen het.

De Vaus (1992:116) onderskei tussen opregte skuldgevoelens en valse skuldgevoelens. Opregte skuldgevoelens kom by die persoon voor wat berou het oor sy optrede en wat dan tot aksie oorgaan om die saak reg te stel. Valse skuldgevoelens hou verband met introjekte en keer dat verandering oorweeg word. Die meeste skuldgevoelens wat by

moeders teenwoordig is, is valse skuldgevoelens wat spruit uit hul kinderdae. Moeders wat sedert hul kinderdae angstig was om ander altyd tevrede te stel, sal eie behoefte bevrediging uitstel, omdat hulle skuldgevoelens ervaar wanneer hulle iets vir hulself doen. Sommige moeders voel skuldig wanneer hulle, hul kinders teë gaan uit vrees dat hulle die kinders se liefde sal verloor. Die vrees vir verwerping strek uit hul kinderdae en word as skuldgevoelens ervaar. Skuldgevoelens hou dus verband met vrese wat by die moeder voorkom. Skuldgevoelens kom ook volgens Parker (1995:120) voor as gevolg van die moeder se ambivalente gevoelens van liefde en haat teenoor haar kind.

## 2.5 Samevatting

In hoofstuk twee was `n literatuurstudie onderneem. Eerstens was aandag geskenk aan aspekte van die ontwikkelingsfase van die kleuter, ten einde die kleuter se aanpassingsprobleme beter te kan verstaan. Tweedens was `n oorsig gegee oor die aanpassingsprobleme wat by die kleuter na die geboorte van `n baba kan voorkom. Laastens was aandag aan die moeder se belewenis geskenk. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat daar min inligting in die literatuur beskikbaar is ten opsigte van die belewenis van die moeder rondom die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba. Hoofstuk drie sal handel oor die empiriese ondersoek wat die navorser onderneem het en wat handel oor die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba.

**HOOFSTUK 3**

# 3 EMPIRIESE ONDERSOEK EN NAVORSINGSBEVINDINGS

## 3.1 Inleiding

Hoofstuk twee het as `n konseptuele raamwerk gedien waar die konsepte van belang vir die studie vanuit die literatuur verduidelik is. Dit het as agtergrond vir die studie gedien. Eerstens is op die ontwikkelingsfase van die kleuter, wat aanleiding kan gee tot die aanpassingsprobleme, gelet. Daarna is inligting oor aanpassingsprobleme wat by die kleuter kan voorkom, aan die hand van die literatuur beskryf. Laastens is faktore bespreek wat `n invloed kan hê op die moeder se belewenis.

In hierdie hoofstuk word die resultate van die studie weergegee, geanaliseer en met toepaslike literatuur gekontroleer. Ten einde die deursigtigheid van die studie te verseker en om die agtergrond te verskaf, word die omstandighede en prosedure rondom die insameling van data eers beskryf.

## 3.2 Navorsingsprosedure en werkswyse

Die prosedure wat gevolg is, sal nou kortliks beskryf word, voordat die empiriese data weergegee sal word.

### 3.2.1 Analisering van die probleem en beplanning van die navorsing

Daar is begin met die identifisering van `n navorsingsonderwerp en die formulering van `n voorlopige navorsingsvraag. Die navorsingsvraag moes volgens Babbie (2002:108) verband hou met die doel van die studie en aandui wat die fokus van die ondersoek gaan wees. Daarom is die navorsingsvraag vir die doel van hierdie studie soos volg geformuleer: ***Wat is die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba?*** Die navorser moes vervolgens besluit tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering wat die navorsingsproses verder sou bepaal.

### 3.2.2 Navorsingsbenadering

Die navorsingsbenadering wat gevolg is, is kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsing lê volgens Walsh (2001:7) klem op `n natuurlike manier van ondersoek na mense se emosies, ervarings, gedrag en manier van leef. Volgens die navorser was dit die aangewese benadering om `n begrip vir die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme en haar hantering daarvan te verkry.

Hierdie studie was `n verkennende, sowel as `n beskrywende studie. `n Verkennende studie word volgens Fouché en De Vos (2005:106) gedoen om insig te ontwikkel in `n situasie, verskynsel of individu, terwyl `n beskrywende studie `n duidelike prentjie skets van die inligting wat ingewin is, asook nuwe insigte wat uit die studie ontwikkel is. Dit kan as `n ondersoek en beskrywing van die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba beskou word. Begrip vir die moeder se belewenis is ontwikkel wat `n invloed op toekomstige dienslewering aan moeders van kleuters kan hê. Ten einde begrip te ontwikkel vir die moeder se belewenis, was dit nodig om gevallestudies te doen, sodat verskillende respondente se ervarings vergelyk kon word.

### 3.2.3 Navorsingsontwerp

Navorsingsontwerp verwys volgens sommige skrywers na al die besluite wat die navorser neem om die studie te beplan (Fouché, 2005:268). Volgens Walsh (2001:2) is dit `n gestruktureerde, beplande, benadering van ondersoek, wat verseker dat die navorsing op `n logiese planmatige manier geskied. Vir die doel van hierdie studie is daar van kollektiewe gevallestudies en die fenomenologiese benadering gebruik gemaak.

Die kollektiewe gevallestudie is volgens Fouché (2005:272) `n ondersoek om `n sosiale kwessie of probleem beter te verstaan of om teorie uit te brei. Ten einde die doel van hierdie studie te bereik, is daar nege gevallestudies gedoen. Semi-gestruktureerde onderhoude is met die respondente gevoer waartydens hul belewenisse ondersoek is.

Respondente se situasies en belewenisse verskil, daarom is ooreenstemmende patrone gesoek en beskryf ten einde insig te ontwikkel en meer akkurate gevolgtrekkings te kan maak.

Volgens Creswell (in Liversage, 2003:46) beskryf `n fenomenologiese studie die betekenis van individue se geleefde ervarings rakende `n bepaalde verskynsel. Met die fenomenologiese benadering het die navorser gepoog om haarself in die respondent se skoene te plaas en te probeer verstaan wat die respondent beleef. Dit was belangrik dat die respondent moes ervaar dat die navorser opreg belangstel en verstaan sonder om haar te veroordeel. Dit het daartoe bygedra dat die respondente vrymoediglik oor hul ervarings kon praat en persoonlike inligting met die navorser kon deel. Ten einde al die nodige vrae te kon vra, was dit nodig om `n literatuurstudie te doen en `n skedule op te stel voor die aanvang van die empiriese ondersoek.

### 3.2.4 Literatuurstudie

Die literatuurstudie soos beskryf in hoofstuk twee, het oor die ontwikkelingfase van die kleuter, die aanpassingsprobleme by die kleuter, asook faktore wat `n invloed op die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme kon hê, gehandel. Die navorser het tydens die literatuurstudie bewus geword dat daar min inligting oor die moeder se belewenis bekend is. Die meeste empiriese studies fokus op kinders en nie op hul moeders nie. Die doel van die literatuurstudie was om inligting in te samel ten einde die studie te fokus en om insig te ontwikkel in die probleem. Dit het ook as kennisbasis gedien waaruit die skedule vir die semi-gestruktureerde onderhoude opgestel en die onderhoude beplan is. Die keuse van respondente sal nou vervolgens behandel word.

### 3.2.5 Die omskrywing van universum, populasie en steekproefneming

Die universum word deur Strydom en Venter (2002:198) beskryf as alle potensiële respondente wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. Vir die doel van hierdie navorsing het die universum verwys na alle Afrikaanssprekende moeders van kleuters in Gauteng wat tussen September 2007 en Julie 2008 `n baba gehad het. Die

populasie stel volgens Strydom en Venter (2002:198) grense aan die navorsingsveld. Dit verwys dus na individue in die universum wat oor bepaalde eienskappe beskik. Die populasie vir die doel van hierdie studie verwys na Afrikaanssprekende moeders van kleuters wat in die Ooste van Pretoria woonagtig is en wat tussen September 2007 en Julie 2008 `n baba gehad het.

Daar is van doelbewuste steekproefneming gebruik gemaak (Vergelyk Strydom & Delport 2005:327). Volgens Walsh (2001:46) het die kandidate wat aan die kriteria voldoen, `n 100% kans om gekies te word om aan die navorsing deel te neem. `n Steekproef van moeders wat aan die kriteria voldoen, is by Kleutergenot Kleuterskool in die ooste van Pretoria, geïdentifiseer. Inligtingsbriewe en ingeligte toestemmingsvorms is aan die moeders uitgedeel.(Sien addenda 1 en 2)

Die volgende kriteria is gebruik in die seleksie van respondente:

- Taal: Afrikaanssprekende blanke moeders, gebaseer op die samestelling van die skool. Dit is `n Afrikaanse kleuterskool en daarom is die leerders ook oorwegend blank. Die navorser is Afrikaanssprekend en het `n Afrikaanse kleuterskool gekies om te verseker dat die presiese belewenis van die respondente gekommunikeer en gereflekteer sou word.
- Ouderdom: Die oudste kind moes in sy kleuterfase tussen twee- en sesjarige ouderdom wees en die baba moes tussen September 2007 en Julie 2008 gebore wees. Daar was geen perk aan die moeder se ouderdom gestel nie.
- Geslag: Die kleuters en babas kon manlik of vroulik wees. Die moeder was die respondent.
- Enkelouergesinne was nie oorweeg nie, omdat ander probleme in die gesin ook `n invloed op die kleuter se aanpassing kon uitoefen asook die moeder se belewenis kon beïnvloed. Geen ongetroude of geskeide moeders met `n kleuter en `n baba wat in die bepaalde tydperk gebore was, was egter by die skool beskikbaar nie.

Nadat die respondente met die hulp van die kleuterskool geselekteer en die voltooide toestemmingsvorms terug ontvang is, is die onderhoude met die respondente geskeduleer ten einde die data te kon insamel.

### 3.2.6 Metode van data insameling

Vir die insameling van die empiriese data is daar van semi-gestruktureerde onderhoude, sowel as natuurlike waarneming gebruik gemaak. Hierdie metode is volgens Greeff (2005:291) waardevol om `n geheelbeeld van `n situasie te verkry. Volgens Greeff (2005:292) word daar tydens semi-gestruktureerde onderhoude op spesifieke areas van belang gefokus, hoewel daar voldoende ruimte aan die respondent gelaat word om vrylik oor haar belewenis te praat. `n Skedule is slegs as hulpmiddel tydens die onderhoude gebruik om te verseker dat inligting oor die spesifieke areas van belang bekom sou word. (Sien addendum 3). Die onderhoud was baie buigsaam om die moeder toe te laat om self haar belewenis te beskryf en die proses te lei. Onderhoude is gevoer, totdat versadigingspunt bereik is. Soos verduidelik deur Seidman (in Greeff, 2005:294) word versadigingspunt bereik wanneer die inligting herhaaldelik vanaf verskeie respondente ontvang is en daar nie meer nuwe inligting na vore gekom het nie.

Die onderhoude is hoofsaaklik aan huis van die respondente gevoer ten einde ook waardevolle waarnemings te kon maak. Twee onderhoude is in die navorser se huis en een onderhoud by die respondent se spreekkamer gevoer weens praktiese reëlings. Die navorser is van mening dat die respondente in die kleuters se afwesigheid meer in diepte oor hul belewenisse kon praat, omdat hulle nie voortdurend deur die kleuter onderbreek was nie. Waar die kleuters tydens die onderhoud teenwoordig was, het die respondente meer gespanne voorgekom. Die navorser skryf dit toe aan die feit dat die kleuters voortdurend hul moeders se aandag opgeëis het en die moeders moontlik bewus was dat hul waargeneem word. Waardevolle waarnemings kon egter gemaak word oor die interaksie tussen respondente en kleuters wanneer die kleuters wel teenwoordig was.

Al die onderhoude is in `n tydperk van twee weke gevoer. Daar is een onderhoud per respondent gevoer en die tydsduur per onderhoud het gewissel van 45 tot 90 minute, afhangende van die respondent se behoefte en vermoë om oor haar belewenis te gesels. Daar is hoofsaaklik van oopvrae gebruik gemaak en waarnemings is gereflekteer en

geëksploreer. Die onderhoude is met die respondente se skriftelike toestemming op video opgeneem. Die hantering van die data sal vervolgens bespreek word.

### 3.2.7 Hantering van data

Nadat die data ingewin is, is dit op die volgende wyse hanteer

- Alle voltooide ingeligte toestemmingsvorms is geliasseer. Nadat die onderhoude gevoer is, is die videobande getranskribeer. Volgens De Vos (2005:336) is die transkribering van die onderhoude `n belangrike deel van data-analise en is dit nie slegs `n administratiewe taak nie. Die data op die vraelyste, notas en transkripsies van die videobande is gedupliseer om seker te maak dat waardevolle inligting nie verlore kon gaan nie. Die data is ontleed en belangrike data is van die onbelangrike data geskei. Dit is in `n hanteerbare formaat georganiseer.
- Hooftemas is geïdentifiseer deur herhaalde lees van die getranskribeerde data.
- Die kodering van temas en subtemas is met behulp van verskillende kleure en nommers gedoen. Volgens De Vos (2005:338) is kodering die toekenning van een of ander vorm van kode aan data, sodat verskillende kategorieë en temas van mekaar onderskei kan word en met mekaar vergelyk kan word. Verskeie veranderinge in die oorspronklike plan van kodering het voorgekom.
- Die relevansie en bruikbaarheid van die data ten opsigte van die studie is geëvalueer deur dit met die navorsingsvraag te vergelyk. Die data wat die navorsingsvraag beantwoord, is as relevant en bruikbaar beskou.
- Die navorser het die data wat ingewin is in onderafdeling 3.3 van hierdie hoofstuk in teksvorm weergegee. Aanhalings van die respondente is gebruik om begrip vir die respondent se belewenis en situasie te verkry.
- Hierna is `n literatuuroorsig gedoen om die bevindinge verkry uit die ondersoek te toets en te kontroleer. Dit is met bestaande literatuur vergelyk en in verband gebring.

## 3.3 Bespreking van die resultate

Vervolgens word die empiriese data van die studie weergegee. Die navorsingsverslag is saamgestel deur eers al die temas wat geïdentifiseer is, te lys. Die inligting van belang onder elke subtema is as aanhalings weergegee en met bestaande literatuur aangevul en gekontroleer. Die aanhalings van die respondente onder die subtemas gee `n aanduiding van die moeder se persepsie, belewenis en hantering, van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba.

Tydens die ontleding van die getranskribeerde onderhoude is verskeie temas en subtemas geïdentifiseer soos reeds bespreek. Die temas is geïdentifiseer uit die response van die respondente. Vervolgens word die hooftemas aan die leser voorgestel

Tema 1: Die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme.
Tema 2: Die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme.
Tema 3: Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme.

Die hooftema sal eers genoem en kortliks bespreek word, waarna elke subtema deur direkte aanhalings van die respondente, asook `n literatuurkontrole ondersteun sal word.

### 3.3.1 Tema 1: Die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme

Elke respondent het `n unieke situasie, asook persepsie van die situasie wat haar belewenis beïnvloed en daarom word dit van belang geag om na elke respondent se beskrywing van die aanpassingsprobleme te kyk. Persepsie verwys volgens Kritzinger en Eksteen (2002:376) na hoe die persoon iets waarneem. Die navorser beskou persepsie as die indrukke wat die moeder het ten opsigte van wat as aanpassingsprobleme beskou kan word. Van Loggerenberg en Roets (in Basson, 2001:10) bevestig dat die situasie en die betekenis wat die persoon aan die situasie heg, die persoon se belewenis bepaal. Die moeder se belewenis sal egter onder `n volgende tema bespreek word. Op grond van die nege respondente se verbale response is vyf aanpassingsprobleme geïdentifiseer wat as

subtemas onder tema 1 bespreek sal word. Verbale response van die respondente sal vervolgens onder elke subtema weergegee en met die literatuur in verband gebring word.

**Subtema 1.1 Voorkoms van aggressie**

Vyf van die respondente het aggressie by die kleuter as `n aanpassingsprobleem geïdentifiseer. Kritzinger en Eksteen (2002) beskryf aggressie as `n onuitgelokte aanval `n gewelddaad of `n vyandige optrede. Volgens Richardson (2006:84) is aggressie `n normale deel van die kleuter se ontwikkeling en kan slaan, skop, gooi, byt, hare trek, skree en woedeuitbarstings as aggressiewe gedrag beskou word. Dit kom volgens die outeur voor as gevolg van die kleuter se ontoereikende taalvermoë begeerte om onafhanklik te wees asook probleme met impulsbeheer. Aggressie word deur Meyer (2005:129) beskryf as die manier waarop uitdrukking gegee word aan woede. Woede is `n emosie wat volg op gevoelens van misnoeë, verontwaardiging, vyandigheid, toorn of wraaksug. Woede word volgens die outeur voortgebring deur onsekerheid, vrees vir konfrontasie en `n gevoel van magteloosheid. Volgens Howe en Recchia (2006:1) veroorsaak die ouer se verkeerde hanteringswyse van die kleuter se aggressie dat die kleuter fisies aggressiewer raak.

Hoewel die aggressie volgens die respondente na die geboorte van die baba ontstaan het, was die aggressie nie teen die baba gerig nie, maar teen die moeder die vader die ouma maatjies of objekte. Verskeie respondente maak hiervan melding.

**Respondent 4:** *Sy het die ander kinders se hande weggeslaan as hulle aan die baba of haar goed wou raak.*

**Respondent 5:** *Toe skop en klap sy vir ouma. By die skool slaan of skop en skree sy as hulle net wil kyk.*

**Respondent 6:** *As my man die baba vasgehou het, het hy so `n aggressiewe uitdrukking in sy oë gekry. Dit het gelyk asof hy wraak wil neem.*

**Respondent 9:** *Die skool het gekla dat sy begin het om die ander kinders te byt. Eendag het sy my ook gebyt. As sy kwaad word, sal sy baie hard begin skree. Sy raak baie aggressief en sal my slaan as ek haar probeer help.*

Dunn (in Douglas 1989:65) bevestig dat die kleuter vanaf tweejarige ouderdom geneig is om aggressie te toon, wat gewoonlik nie teen die baba gerig is nie, maar teenoor die moeder of iemand anders. Die aggressie kan openlik in verbale of fisiese aanvalle op die baba, die moeder, troeteldiere of maats uitgedruk word. Dit kan egter ook tot uitdrukking kom in minder samewerking aan die moeder of veeleisendheid.

Een respondent het gemeld dat die aggressie eers later ontwikkel het.

**Respondent 3:** *Die Juffrou het opgemerk dat die kleuter nou aggressief raak teenoor van die kinders in haar klas. Ek dink dit hou verband met die baba wat haar speelgoed neem.*

Dunn (in Douglas 1989:65) asook Dunn en Munn (1986: 587) bevestig dat aggressie by die kleuter soms toeneem of later tot uitdrukking kom, namate die baba ouer word en in die kleuter se ruimte in beweeg soos wanneer die baba begin kruip of loop.

Twee respondente maak melding dat die kleuter sy aggressie toon deur objekte te stamp, te stoot of te gooi.

**Respondent 6:** *Hy stamp of stoot die goed so hard weg. Hy sal dit nie breek nie, maar hy stoot dit so hard. Hy gooi ook goed neer en sal soms spring en skree en goed rond stamp.*

**Respondent 9:** *Sy wip haar ook nou baie en dan slaan sy haar kamerdeur toe.*

Volgens Dunn (in Douglas 1989:65) sal sommige kleuters objekte breek weens aggressie. Sawicki (1997:1) verduidelik dat aggressie `n algemene verskynsel by kleuters is na die geboorte van `n baba. Die veranderende verhoudings in die gesin as gevolg van die geboorte van die baba, lei volgens Sanders (2004:98) tot konflik tussen die kleuter en sy ouers. Hierdie konflik gee aanleiding tot aggressie by die kleuter. Aangesien die kleuter nie oor strategieë beskik om veranderende verhoudings of konflik te verstaan en te hanteer nie raak hy aggressief. Shaffer (2005:363) en Bee (1999:294) skryf die aggressie teenoor die moeder daaraan toe dat die kleuter verwerping beleef.

Die navorser is van mening dat hoewel aggressie as `n normale deel van `n kleuter se ontwikkeling beskou word, die intensiteit, asook voorkoms daarvan toeneem wanneer die kleuter onder stres verkeer soos na die geboorte van `n baba. Die meeste respondente

vind die aggressie van die kleuters onaanvaarbaar. Die moeder se hantering van die aggressie sal onder subtema 3.1 verder bespreek word. Aggressie kan dus as `n aanpassingsprobleem by die kleuter na die geboorte van `n baba beskou word.

**Subtema 1.2 Voorkoms van regressiewe gedrag**

Regressie kom voor wanneer `n kleuter terugkeer na `n vorige fase waar hy veilig gevoel het en openbaar dan weer gedrag wat gepas was in daardie stadium ten einde spanning te probeer verminder (Dunn & Kendrick, 1982:17). Volgens Booysen (1993:74) maak kleuters van vorige gedragspatrone gebruik ten einde troos te ontvang, om angs te verlig en om aandag op homself te probeer vestig soos hy daaraan gewoond was.

Nie al die kleuters maak van dieselfde vorm van regressie gebruik nie, hoewel al die respondente een of ander vorm van regressie gerapporteer het.

**Respondent 1:** *Ek moet haar nou help aantrek al kan sy dit self doen. Sy is meer huilerig as voorheen.*

**Respondent 3:** *Sy kom nou soms na my toe en sê vir my: "ek is nou `n baba". Dan klim sy op my skoot en lê soos `n baba. Sy wil ook melk drink soos die baba.*

**Respondent 7:** *Hy vra soms ook vir melk as ek vir die baba melk gee.*

**Respondent 9:** *Ons moet haar optel en vashou en dra in die winkel. Net soos `n baba.*

Louw *et al* (2003:297) bevestig dat regressiewe gedrag verskeie vorme kan aanneem en beskou die volgende gedrag as teken van regressie: klouerigheid, eliminasie versteurings, vra weer `n bottel en/of `n doek, gebruik van babataal, wil opgetel en gedra wees, suig duim, wil nie gaan slaap nie en huilerigheid. Volgens Shaffer (2005:464) reageer sommige kleuters deur meer veeleisend te word, baie te huil en aan die ma te klou. In `n studie deur Kayiatos, Adams en Gilman (in Sawicki,1997:2) het 93% van die moeders regressie by die kleuters na die geboorte van `n baba waargeneem.

Dit het voorgekom asof sommige kleuters in meer opsigte van regressiewe gedrag gebruik gemaak het as ander.

**Respondent 5:** *Sy het my net vasgehou en wou die heeltyd by my wees. Sy wou by my in die bed slaap. Was soms baie huilerig en weer soos `n baba. Sy wou self soos `n baba in haar stootwaentjie ry. Sy maak soms weer haar broek nat as sy huil. Sy het ook weer begin fopspeen suig. Ons sukkel nou om haar in die aand te laat gaan slaap.*

**Respondent 8:** *Nou wil sy by ons kom slaap. Sy wil ook weer `n bottel hê wanneer sy gaan slaap. Sy hou aan kerm, totdat sy haar sin kry, net soos `n baba.*

Regressie kom volgens Sawicki (1997:4) meer voor by kleuters jonger as drie jaar, aangesien hul nog konstante goedkeuring, leiding en ondersteuning van hul ouers benodig en hulle nie in staat is om behoefte uit te stel nie. Die betrokke kleuters was albei jonger as drie jaar. Die navorser maak dus die afleiding dat kleuters jonger as drie jaar soms van `n groter verskeidenheid van regressiewe gedrag gebruik sal maak. Jong kleuters sal dus telkens van regressie gebruik maak wanneer hulle behoeftes weens die moeder se betrokkenheid by die baba uitgestel moet word. Dit wil sê hulle sal op verskeie terreine soos eet, slaap, self aantrek, toiletroetine, ensovoorts regresseer.

Mendelson (1990:135) beskou regressie as `n nabootsing van die baba om die ouers se aandag te kry, maar kan ook `n positiewe teken wees dat die kleuter met die baba op die baba se vlak probeer identifiseer. Regressie word dus met reg deur die respondente as `n aanpassingsprobleem van die kleuter na die geboorte van `n baba beskou.

Die navorser is van mening dat dit belangrik is dat ouers kennis moet hê oor die ontwikkelingsfase van die kleuter en wat normale gedrag vir kleuters behels. Ouers wat oor die nodige kennis beskik vind dit makliker om probleme te identifiseer en realisties te beoordeel. Sommige respondente het `n foutiewe persepsie van die kleuter se regressiewe gedrag weens `n gebrek aan kennis en insig.

**Subtema 1.3 Die voorkoms van aandagsoekende gedrag**

Die respondente noem dat die kleuter enige iets sal doen om aandag te kry. Volgens die respondente sal die kleuter van positiewe, sowel as negatiewe gedrag gebruik maak of soms selfs negatiewe aandag verwelkom.

**Respondent 2:** *Hy sal selfs stout wees om die aandag op hom te vestig. In die bad sal hy die kleinste seerplekkie op sy lyf uitwys en onmiddellike aandag daaraan vereis. Hy sal oordryf hoe seer dit skielik is, net om aandag te verkry. Hy sal aangaan en aangaan oor iets onbenullig.*

**Respondent 6:** *Hy soek voortdurend my aandag. Hy probeer eers om positiewe aandag te ontlok, maar as dit nie slaag nie raak hy stout.*

**Respondent 7:** *Hy raak soms baie liefdevol en gee drukkies en soentjies as ek besig is met die baba. Hy doen dit om aandag te kry. Ander kere sal hy aspris hard skree as ons hom vra om sag te praat.*

Dunn (State of the art Siblings:244) bevestig dat die kleuters soms van aanvaarbare, sowel as onaanvaarbare gedrag gebruik maak om die moeder se aandag op hulself te probeer vestig. Volgens Deblinger en Heflin (1996:167) is ouerlike aandag die reaksie wat die kleuter deur sy gedrag wil bereik. Die kleuter kan vanweë sy fase van ontwikkeling nie sy behoeftes verwoord nie en maak daarom van gedrag gebruik om die ouer se aandag te bekom. Indien hy hul aandag nie verkry deur aanvaarbare gedrag nie sal hy van onaanvaarbare gedrag gebruik maak, omdat dit gewoonlik ouerlike reaksie verseker. Aandagsoekende gedrag kom juis voor, omdat die kleuter lief is vir sy ouers en hulle die belangrikste persone in sy lewe is.

Uit die volgende response kan afgelei word dat die kleuter dit nodig vind om te kompeteer vir aandag.

**Respondent 1:** *Sy doen dinge wanneer ek besig is met die baba om my aandag van die baba af te trek en op haar te fokus.*

**Respondent 2:** *Hy wil nie kleuterskool toe gaan nie net om by my te wees en my aandag te kry. Hy het op my skoot geklim en gesê: "dis altyd die baba se beurt nooit meer myne nie. Dis nou my beurt". Hy hou nooit op met gesels nie en hy wil die hele tyd weet dat jy luister. Terwyl ons met hom speel sê hy "julle praat nie meer met my nie". Hy soek my pa (oupa) ook alleen vir homself. Hy laat oupa belowe dat hy net met hom sal speel. Dan mag oupa nie met ons praat nie.*

**Respondent 5:** *Sy doen partykeer dinge om seker te maak sy kry aandag. Skree soms baie en wil dinge hê, veral as ek besig is met die baba.*

**Respondent 6:** *Hy soek baie aandag. As ek besig is met die baba soek hy goed wat hy dadelik wil hê.*

**Respondent 7:** *As die baba op my skoot sit dan wil hy ook. As ouma met die baba speel probeer hy hard om haar aandag te kry.*

**Respondent 8:** *Sy is nou so veeleisend en raak baie stout. Heeltemal `n ander kind as wat sy was. Sy soek die heeltyd aandag, veral haar pa se aandag, dan mag hy niks anders doen nie. As ek die baba voed dan soek sy iets om te eet of te drink. Dan raak sy baie ongeduldig en stout. Wanneer ek besig is met die baba sal sy die stort in plaas van die toilet gebruik.*

**Respondent 9:** *Sy skree, totdat sy haar sin kry. Sy skree en huil onnodig. Dan is haar toon seer en sy soek `n pleister, wanneer ek `n pleister wil opplak, soek sy nie meer `n pleister nie. Dan moet haar pa haar help, dan moet ek haar help. Sy sal selfs daarop aandring dat ons haar om verskoning moet vra as ons met haar geraas het anders hou sy nie op met huil en skree nie.*

Die kleuter se persepsie van ouerlike aandag staan volgens Le Poire (in Du Plooy 2007:61) bekend as die "naïve theory of affection". Volgens hierdie teorie redeneer die kleuter dat die hoeveelheid aandag wat die ouer vir sy kinders kan gee, beperk is en dat hy daarvoor moet kompeteer. Dit gee aanleiding tot aandagsoekende gedrag.

Die navorser is van mening dat die kleuter nog nie oor die vermoë beskik om sy behoefte aan liefde en aandag aan die ouer te kommunikeer nie en daarom van aandagsoekende gedrag gebruik maak.

**Subtema 1.4 Voorkoms van oormatig volwassenheid**

Verhoogde onafhanklikheid kom voor wanneer die kleuter ouderdomstoepaslike take vir homself begin verrig. Oormatige volwassenheid kom egter voor wanneer die kleuter take verrig wat nie ouderdomstoepaslik is nie weens die onrealistiese verwagtinge wat deur die ouers aan die kleuter gestel word (Mendelson,1990:39).

Die respondente maak melding dat sommige kleuters meer volwasse en onafhanklik opgetree het na die geboorte van die baba. Ander kleuters het eers later skielik meer volwasse begin optree. Van die kleuters het in sommige opsigte geregresseer, terwyl hul in ander opsigte oormatig volwasse opgetree het.

**Respondent 5:** *In seker opsigte het sy soos `n baba opgetree en in ander opsigte het sy meer volwasse opgetree. Skielik kry sy dinge reg wat sy nooit voorheen kon doen nie. Sy aanvaar nou haar kamer en wil self daar slaap. Sy het gesê die baba kan maar haar bedjie en stootwaentjie kry, want sy is nou groot. Sy drink nou maklik haar medisyne, vandat sy gesien het dat die baba sy medisyne so maklik drink. Sy loop nou self met haar tas na haar klas, terwyl ons die baba aflaai. Voorheen moes ons haar dra en het sy geskree wanneer ons haar afgelaai het.*

**Respondent 8:** *Ewe skielik het sy begin om self aan te trek en sy wil nie meer `n doek in die nag aansit nie. Sy het begin om meer dinge vir haarself te doen.*

Verhoogde onafhanklikheid kom by kleuters voor wanneer hulle beleef dat hulle groot is en hulle vaardighede soos aantrek, self eet en toilet roetine, aansienlik uitbrei. Dit blyk asof hul soms skielik vaardighede bemeester waarmee hul voorheen gesukkel het (Dunn & Kendrick, 1981:336). Hierdie vaardighede is egter ouderdomstoepaslik. Die ouer dra volgens Mendelson (1990:39) lank voor die geboorte van die baba die boodskap oor dat daar van die kleuter verwag gaan word om meer volwasse op te tree.

Die kleuter kan egter ook soms oormatig volwasse optree ten einde straf en negatiewe emosies te vermy. Dit volg op eise wat deur die ouer aan die kleuter gestel word, wat nie gepas is by die kleuter se ontwikkelingsfase nie. Carelse (Effective discipline for headstrong todlers:3 ) verduidelik dat volwassenes dikwels aan kleuters wat fisies groot gebou is, ontoepaslike verwagtinge stel. So `n kleuter sal byvoorbeeld vroeër as `n kleuter wat fisies kleiner is van die doek afgehaal word. Die navorser is van mening dat die moeder soms na die geboorte van `n baba ook onrealistiese verwagtinge wat nie ouderdomstoepaslik is nie, aan die kleuter stel. Oormatige volwassenheid by die kleuter kan daarop dui dat die ouer onrealistiese verwagtinge aan die kleuter stel. Oormatige

volwassenheid kan dus as `n aanpassingsprobleem gesien word, alhoewel die respondente dit nie as `n probleem ervaar het nie en dit eerder verwelkom het. (Vergelyk subtema 3.4)

**Subtema 1.5 Voorkoms van angstige gehegtheid**

Volgens Booysen (1993:74) kan `n kleuter soms buitengewoon huilerig en angstig wees en aan sy objekte vasklou en weier om dit onder sy oë te laat uitgaan. Woedebuie kan voorkom, indien hy geforseer word om sy besittings te laat gaan. Hy kan dit as `n verlies ervaar, indien sy besittings by hom geneem word. Verskeie respondente maak melding van hierdie gedrag van die kleuter.

**Respondent 3:** *Ek het aan haar gevra of ek haar kombersie vir die baba kon gebruik. Sy het toe vererg nee gesê. Sy het dit vinnig gegryp en vasgeklou.*

**Respondent 5:** *Sy wou nie haar stootwaentjie aan die baba afstaan nie al het sy hom lankal nie meer gebruik nie. Die baba mag ook nie in haar ou bedjie geslaap het nie.*

**Respondent 6:** *Ek het die babastoeltjie voor in die kar gesit vir die baba. Hy het daaroor begin huil en gesê dat die baba nou sy plek in die kar vat. Ons het die studeerkamer vir hom mooi gemaak en sy ou kamer vir die baba gegee omdat dit nog soos `n babakamer lyk. Hy het gevoel dat ons sy kamer vir die baba gegee het en hom nie meer lief het nie. Toe* ek *een van sy boekies vir die baba gelees het, het hy dit dadelik gegryp en gehuil.*

**Respondent 7:** *Hy sal sy goed gryp en vreeslik daaroor huil as ons dit vir die baba gebruik.*

Rowe (2007:8) verduidelik dat die kleuter soms beleef dat hy sy ouers aan die baba moes afstaan. Die veranderinge in die gesin skep by hom onsekerheid, maar `n mate van veiligheid en beheer word soms as gevolg van bekende besittings, wat hy as sy eie beskou, ervaar. Hierdie besittings word soms sonder sy toestemming of enige verduideliking vir die baba gebruik. Dan ervaar hy dat hy geen beheer het nie. Die navorser is van mening dat hy dan klouerig raak aan die objekte, omdat hy angstig is dat hy sy besittings ook sal verloor. Sommige ouers beskou hierdie gedrag as onaanvaarbaar, aangesien hulle nie insig daarin het nie.

Uit die response van die respondente, asook inligting uit die literatuur is dit duidelik dat verskeie aanpassingsprobleme by die kleuter kan voorkom na die geboorte van `n baba. Dit is belangrik dat ouers oor genoeg kennis rondom die ontwikkelingsfase van die kleuter moet beskik, sodat hulle kan weet wat normale en aanvaarbare gedrag vir hierdie fase is. Kennis stel ouers in staat om probleme te identifiseer en realisties en ouderdomstoepaslik te hanteer. Die navorser is van mening dat aanpassingsprobleme gesien kan word as die veranderinge in die kleuter se gedrag, emosies en verhoudings na die geboorte van die baba. Dit dui op die poging van die kleuter om hom na die nuwe omstandighede te probeer skik, terwyl hy ook probeer om nie te veel van die bekende prys te gee nie. Die kleuter se aanpassingsprobleme het `n invloed op die moeder se belewenis en hantering daarvan. Die volgende tema sal aandag skenk aan die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme by die kleuter.

### 3.3.2 Tema 2: Die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme

In hoofstuk een is verduidelik wat met belewenis bedoel word. (Vergelyk 1.12.5) Kortliks kan belewenis beskryf word as die emosionele reaksie op `n stimulus as gevolg van die betekenis wat aan die stimulus geheg word, wat aanleiding gee tot die persoon se optrede. Louw en Edwards (1998:493) bevestig dat die moeder se emosionele reaksie van haar waarneming, oordeel, oortuiging en gevolgtrekking van die spesifieke situasie afhanklik is. Die emosies wat deur die respondente beleef word is dus die gevolg van hul indrukke oor en die betekenis wat hul aan die kleuter se gedrag heg.

Daar sal nou vervolgens aandag geskenk word aan die moeder se emosionele belewenis van die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba. Hierdie emosionele belewenis van die moeder kan die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme beïnvloed. (sien tema 3) Die emosies wat deur die meeste respondente geverbaliseer is, is as subtemas aangehaal.

**Subtema 2.1 Die moeder ervaar woede**

Volgens De Klerk en Le Roux (2006:60) is woede `n sekondêre emosie wat volg op `n ander emosie soos frustrasie, teleurstelling, magteloosheid of skuldgevoelens. Verskeie respondente het woede teenoor die kleuter as gevolg van die aanpassingsprobleme ervaar. Aggressie word deur Meyer (2005:129) beskryf as die manier waarop uitdrukking gegee word aan woede. Woede is `n emosie wat volg op gevoelens van misnoeë, verontwaardiging, vyandigheid, toorn of wraaksug. Woede word volgens die outeur voortgebring deur onsekerheid, vrees vir konfrontasie en `n gevoel van magteloosheid.

Dit kom voor asof die moeder dit moeilik vind om empaties teenoor die kleuter op te tree wanneer sy woede ervaar, soos dit ook uit die volgende response blyk.
**Respondent 6:** *Ek word kwaad vir hom al probeer ek so hard om nie kwaad te raak nie.*
**Respondent 9:** *Ek word so kwaad vir haar. Sy dryf my teen die mure uit so klein as wat sy is. Niemand anders maak my so kwaad soos sy nie. Ek raak so ongeduldig met haar.*
Volgens `n studie deur Dunn en Kendrick (1982:197) was daar `n merkbare toename in konfrontasie tussen die moeder en die kleuter na die geboorte van die baba. Woede is volgens Le Roux en De Klerk (in Du Plooy, 2007:74) `n dreinerende emosie wat uitputtend en teenproduktief is.

Uit die response van sommige respondente het dit geblyk dat sommige moeders nie oor die nodige impulsbeheer beskik nie en dat hulle dadelik op hul emosies reageer.
**Respondent 5:** *Toe raak ek ongeduldig en kwaad vir haar, want ek was moeg en verleë. Ek slaan haar toe, maar dit het niks gehelp nie.*
**Respondent 6:** *Soms skree ek op hom of slaan hom met die paplepel. Ek word kwaad vir hom, want ek dink dit is onnodig van hom om so op te tree.*
Volgens De Klerk en Le Roux (2006:13) sal moeders wat geneig is om impulsief op hul woede te reageer, oormatige grense aan die kleuters stel, asook veroordelend en kritiserend wees. So `n moeder sal van straf, dissipline en teregwysings gebruik maak wanneer die kleuter aan sy emosies uiting gee. `n Woedende moeder sal soms poog om negatiewe emosies by die kleuter met straf te beheer as gevolg van haar foutiewe

persepsie daaroor. Die kleuter kan dan leer dat sy gevoelens verkeerd, onvanpas en ongeldig is.

Een respondent was bekommerd dat sy ook die kleuter sal mishandel soos wat sy mishandel was.

**Respondent 9:.....***ek is bang ek sal haar mishandel soos wat ek mishandel was. Ek raak so ongeduldig met haar. As sy my slaan, slaan ek terug. As sy my sleg sê of byt doen ek dieselfde aan haar. As sy my wegjaag, jaag ek haar weg. Ek raas nou baie meer met haar as ooit te vore, want sy maak my so kwaad. Ek dreig haar soms.*

Langley *et al.* (2007:3) is van mening dat die moeder se intense emosionele ervaring van die geboorte, asook haar belewenis van die aanpassingsprobleme by die kleuter, onopgeloste kindertyd ervarings na die voorgrond kan bring en die moeder se reaksie kan beïnvloed. Venter (2003:58), asook De Vaus (1992:13) stem saam dat die moeder se eie geskiedenis en opvoeding `n bepalende rol in die opvoeding en verhouding met haar eie kinders speel.

Volgens Deblinger en Heflin (1996:134) sal sommige ouers net op hul eie emosie van woede fokus sonder om `n oplossing vir die aanpassingsprobleme te bedink. Hulle besef soms nie die invloed wat hul woede op die kleuters of op die situasie het nie. Ouers benodig soms hulp om hul fokus te verskuif en om probleemoplossend te dink. Deblinger en Heflin (1996:135) verduidelik verder dat kleuters hul ouers se reaksies naboots en dus net so woedend soos hul ouers sal reageer op situasies. Kleuters, wat konstant aan hul ouers se woede blootgestel word, sal leer om met aggressie te reageer op allerlei situasies en emosies. Suksesvolle hanteringstrategieë word dus nie van hul ouers aangeleer nie. Die moeder kan ook haar woede as gevolg van die aanpassingsprobleme op verskillende persone soos die kleuter, die vader, haarself, of iemand anders rig.

**Subtema 2.2 Kommer by die moeder**

Kritzinger en Eksteen (2002:236) beskryf kommer as `n sinoniem vir besorgdheid, kwelling, verdriet en angs. Die navorser het opgemerk dat die respondente se kommer oor

`n lang termyn strek, aangesien hulle bekommerd is oor die toekoms. Tog blyk dit nie asof hulle stappe neem om iets aan hulle kommer te doen nie.

**Respondent 1:** *Ek is bekommerd dat dit gaan toeneem as ek weer begin werk.*

**Respondent 2:** D*it maak my baie bekommerd dat dit hom sal terugsit en dat hy nie gereed sal wees vir skool volgende jaar nie. Ek is bekommerd, omdat dit ook nou `n invloed op sy maats by die skool het. Ek voel bekommerd dat ek te min weet om `n goeie ma te kan wees.*

**Respondent 5:** *Kinders het so baie liefde en dinge nodig en ek bekommer my of ons in staat is om dit alles vir hulle te kan gee.*

**Respondent 6:** *Dit het my baie bekommerd en hartseer gemaak oor my kind. Ek is baie bekommerd oor my kind en ek soek hulp, want ek weet nie of dit normaal is nie en of dit tot permanente probleme aanleiding kan gee nie.*

**Respondent 8:** *Ek is baie bekommerd oor haar, want ek kan sien sy kry swaar. Ek is bekommerd dat sy sal dink ek verwerp haar nou. Ek is soms bekommerd of ek genoeg liefde het vir al my kinders. Hoe gaan ek hul groot kry.*

**Respondent 9:** *Ek is baie bekommerd oor hoe erg dit gaan wees as my kraamverlof verby is. Hoe gaan ek alles gedoen kry en hoe erg gaan sy dan wees.*

Volgens Meyer (2005:76) is dit vir sommige moeders noodsaaklik om hul lewens haarfyn te beplan. As dinge dan nie volgens hul beplanning uitwerk nie, raak hulle angstig, rusteloos, senuweeagtig en bekommerd. Du Plooy (2007:74) meld dat die ouer `n verlammende emosie van kommer aangaande die kleuter se regressiewe gedrag kan ervaar. Net soos woede word kommer deur Le Roux en De Klerk (in Du Plooy, 2007:74), as `n dreinerende emosie beskou wat die moeder uitput en wat teenproduktief is deurdat dit die ouer verhoed om die probleme konstruktief te hanteer. Volgens Deblinger en Heflin (1996:122) lei negatiewe of pessimistiese gedagtes by die moeder tot `n gevoel dat probleme oorweldigend is. Die probleem word dan as permanent, oorheersend en persoonlik ervaar. Die moeder verloor dus perspektief dat die probleem tydelik van aard is en sy raak negatief.

Die moeder se denke bepaal volgens Deblinger en Heflin (1996:122) tot `n groot mate haar emosies. Onakkurate denke en onproduktiewe denke moet deur produktiewe denke

vervang word en die moeder moet gehelp word om probleemoplossend te dink sonder om net teen die probleem vas te kyk.

Die navorser is van mening dat die moeder angstig raak, omdat sy nie emosioneel in beheer voel nie. Die moeder voel oorweldig, magteloos en onseker en kan daarom nie probleemoplossend dink nie. Sy raak bekommerd dat die probleme nie net tydelik van aard is nie, maar dat dit erger gaan word. Die negatiewe emosie van kommer kan as kragtige motivering gebruik word om veranderinge in haar lewe te weeg te bring en haar behoeftes te vervul. Sy kan haarself motiveer om nie net bloot te reageer op wat gebeur nie maar om te beplan en `n doel na te streef. `n Moeder moet verwag dat nie alle pogings gaan slaag nie, maar dit moet haar nie laat tou opgooi nie.

**Subtema 2.3 Die moeder beleef frustrasie**

Frustrasie word deur Kritzinger en Eksteen (2002:137) beskryf as teleurstelling of nederlaag. `n Persoon voel, volgens die bron, gefrustreerd wanneer hy gedwarsboom word. Volgens Meyer (2005:79) raak `n persoon gefrustreerd wanneer hy sukkel of misluk. Dan raak die persoon siek en sat vir alles en voel deurmekaar, verslae en sonder vreugde en vrede. Hawkins (2003:183) sluit hierby aan dat frustrasie ontstaan wanneer `n persoon verhoed word om suksesvol te wees. Die navorser het tydens die onderhoude frustrasie by sommige moeders in hul liggaamshouding en stemtoon waargeneem wanneer hulle met die kleuters besig was. Van die respondente het hul frustrasie soos volg geverbaliseer

**Respondent 1:** *Ek raak soms geïrriteerd en gefrustreerd met haar. Dan raak ek baie ongeduldig.*

**Respondent 2:** *Ek raak gefrustreerd, omdat ek graag daar wil wees vir hom en ek dit nie kan doen nie as gevolg van my werk.*

**Respondent 5:** *Ek raak gefrustreerd, omdat ek niks tyd vir myself het nie; dan haal ek dit op haar uit.*

**Respondent 7:** *Ek beleef frustrasie, omdat ek as gevolg van my werk so min tyd het om met my kinders te spandeer. Die vreeslike roetine om deur alles te kom wat gedoen moet word, frustreer my.*

**Respondent 8:** *Ek raak so gefrustreerd, want ek kan niks vir myself doen nie.*

Frustrasie is volgens Du Plooy (2007:74) `n verlammende ervaring wat te veel energie verbruik en wat veroorsaak dat die ouer nie helder kan dink nie. Die kleuter se foute en ongehoorsaamheid word soms, volgens De Vaus (1992:127), deur die moeder gesien as `n refleksie op haar rol as moeder wat tot frustrasie by die moeder aanleiding gee. Hierdie emosie is teenproduktief .

Die navorser is van mening dat sommige moeders beleef dat húlle sukkel of misluk as gevolg van die aanpassingsprobleme van die kleuter. Dit gee aanleiding tot `n gevoel van frustrasie. Die navorser is van mening dat die moeder se frustrasie rondom haar eie onvervulde behoeftes en baie verantwoordelikhede, asook min tyd, haar minder sensitief en simpatiek vir die kleuter se behoeftes kan maak en in haar hantering van die aanpassingsprobleme waargeneem kan word.

**Subtema 2.4 `n Gevoel van magteloosheid word ervaar**

`n Persoon wat volgens Kritzinger en Eksteen (2002:293) oor mag beskik, het die sterkte, vermoë, die reg en die verlof om iets te kan doen. Wanneer magteloosheid ervaar word beteken dit dus dat die persoon ervaar dat hy nie meer die beheer het nie. Een respondent beskryf dit as volg

**Respondent 6:** *Dis vir my baie belangrik om in beheer te wees. Dit voel nou vir my ek is nie meer in beheer nie en ek weet nie hoe om weer in beheer te kom nie. Ek voel so magteloos.*

In die moeder-kind verhouding is die moeder die persoon wat oor die vermoë beskik om albei partye se standpunt in te sien en om `n oplossing uit te werk wat tot albei se voordeel kan wees. Omdat sy verantwoordelik is vir albei se behoeftes, het sy ook die mag. Wanneer die moeder egter onder druk verkeer weens probleme wat sy nie kan hanteer nie, kan sy `n gevoel van magteloosheid ervaar (De Vaus, 1992:103).

Van die respondente voel onttroon deur die kleuter. Hulle beleef dat die kleuter hulle van die beheer ontneem.

**Respondent 5:** *Ek het nie geweet wat om te doen nie. Niks wat ek gedoen het, wou werk nie. Sy het my so magteloos laat voel. Dit voel soms soos "mother abuse", maar wat kan ek doen? Ek moet maar net aangaan, al voel ek hoe magteloos.*

**Respondent 9:** *Sy wil nou altyd in beheer wees. Sy laat my so magteloos voel. Ek wil teen die mure uitklim, want sy laat my magteloos moedeloos voel. Ek kan net nie teen haar wen nie.*

`n Moeder wat onder druk verkeer weens probleme wat sy nie kan hanteer nie, kan `n gevoel van magteloosheid ervaar. Sy kan dan soos `n slagoffer voel en optree en begin om die kind as die onderdrukker te beskou en te hanteer (De Vaus, 1992:103). Volgens Meyer (2005:126) kan moeders wat self nie geborge voel nie, ervaar dat hulle deur hulle kinders verontreg word. Die navorser is van mening dat die kleuter ook `n verlies aan beheer ervaar na die geboorte van die baba. Die moeder kan die kleuter help om `n mate van beheer terug te kry deur aan hom ouderdomstoepaslike keuse en verantwoordelikhede te gee. Die moeder kan egter die kleuter se soeke na beheer as `n bedreiging sien wat tot `n magstryd tussen haar en die kleuter kan lei. Die moeder wat sukkel om haar eie gedagtes en gevoelens te beheer kan die kleuter blameer. Die moeder se interpretasie van die situasie kan tot hierdie gevoelens aanleiding gee. Die moeder leer die kind soms om op onvanpaste maniere sy sin te kry deur toe te gee aan sy manipulerende gedrag. Sy kan dan voel asof sy mishandel word.

Die moeder moet volgens Minnaar (2006:71) aangemoedig word om haarself as `n aktiewe agent in haar eie lewe te herken. Indien sy haarself as `n slagoffer ervaar, lei dit tot lae selfwaarde en ander negatiewe emosies. Dit dreineer haar energie en staan in die weg van beplanning en doelgerigte aksie en kan haar oorweldig. Dit bring ook emosionele afstand tussen haar en die kleuter. Die navorser is van mening dat die moeder bewus gemaak moet word van haar eie krag en vermoëns, sodat sy haarself kan ondersteun of ondersteuning uit die omgewing kan verkry sonder om gebruik te maak van klagtes, blamering en beskuldigings. Die moeder moet bewus raak van haar behoeftes en

haar vaardighede ontwikkel om in haar eie behoeftes te voorsien, sonder om ander of haarself te benadeel.

Uit die volgende respons het die navorser bewus geraak dat daar ook ander faktore kan wees wat tot `n gevoel van magteloosheid kan lei, wat die moeder se totale funksionering kan beïnvloed.

**Respondent 8:** *Ek kan net nie meer nie. Ek voel so magteloos, want ek het nie meer krag nie. Ek kry net te min slaap. Nou laat ek haar alles toe, want ek het nie krag om te baklei nie. Ek is eintlik heeltemal magteloos moeg. Ek is nie in beheer nie, want ek is so doodmoeg. Ek is totaal magteloos in die situasie. Niemand sal verstaan waardeur ek gaan nie.*

Parker (1995:168) is van mening dat die moeder se betrokkenheid by die kleuter en die baba, asook haar isolasie van ander volwassenes, haar meer bewus van die kind in haarself maak. Parker (1995:92) beklemtoon dat spanning en `n verlies aan beheer daartoe lei dat die moeder dadelik op haar gevoelens reageer sonder om die situasie te evalueer. Regressiewe gedrag kom dan by die moeder voor, waar sy soos `n kleuter op haar emosies reageer. Innerlike konflik ontstaan in die moeder, tussen haar volwasse self wat sê hoe sy as volwasse moeder veronderstel is om op te tree en haar innerlike kind wat vereis dat sy impulsief moet reageer. Hierdie innerlike konflik by die moeder lei tot onsekerheid en skuldgevoelens. Dit laat haar ervaar dat sy nie `n goeie moeder is nie, omdat sy beleef dat sy nie in beheer van die situasie is nie.

Die navorser is van mening dat die meeste moeders vandag weens ekonomiese redes moet werk. Baie eise word deur die werkgewer, asook die gesin aan die moeder gestel. Die moeder kan `n gevoel van magteloosheid ontwikkel as sy ervaar dat sy nie alles gedoen kry soos wat sy sou wou nie. Sy kan ervaar dat sy sonder beheer net voort beur om alles gedoen te kry. Die moeders vra nie altyd hulp wanneer hulle dit benodig nie en onderdruk hulle eie behoeftes. Moeders moet goed wees vir hulle self, sodat hulle goed kan wees vir ander.

**Subtema 2.5 Die moeder ervaar skuldgevoelens**

Volgens Kritzinger en Eksteen (2002:457) hou skuldgevoelens verband met `n gevoel dat `n fout begaan is of `n sonde gedoen is. Die aard van skuldgevoelens word volgens Louw en Edwards (1998:427) bepaal deur `n persoonlike evaluering van die situasie. Volgens Louw en Edwards (1998:44) ontstaan skuldgevoelens wanneer die moeder beskuldig word of sy haar verbeel dat ander haar sal beskuldig. Van die respondente ervaar skuldgevoelens, omdat hulle bekommerd is oor wat ander mense van hulle dink.

**Respondent 4:** *Ek voel soms baie skuldig oor die kinders. Veral as hulle siek is. Ek dink altyd ander mense sal dink dit is my skuld as iets verkeerd is.*

**Respondent 5:** *Ek dink altyd alles is my skuld en daarom wil ek altyd verduidelik, omdat ek skuldig voel. Ek dink altyd almal sal dink dit is my skuld.*

Volgens Van Niekerk (2000:31), asook De Vaus (1992:116) en Venter (2003:58) speel die moeder se eie kinderjare `n primêre rol in die ontstaan van skuldgevoelens. Hierdie moeders is afhanklik van ander se goedkeuring weens hul vrees vir verwerping. Hulle voel selfs soms skuldig oor dinge wat buite hul beheer is. Langley *et al.* (2007:3) is van mening dat die intense emosionele ervaring van die geboorte van die baba, asook die aanpassingsprobleme by die kleuter, die onopgeloste kindertyd ervarings na die moeder se voorgrond kan bring en dat dit die moeder se belewenis van skuldgevoelens kan beïnvloed.

Feitlik al die respondente het geverbaliseer dat hul skuldgevoelens ervaar as gevolg van die aanpassingsprobleme by die kleuter.

**Respondent 1:** *Ek kom nie by alles uit nie en voel baie skuldig oor die kleuter. Ek wil `n goeie ma wees.*

**Respondent 2:** *Ek moes dit anders hanteer het. Ek voel so skuldig as ek sien my kind kry swaar. Ek voel skuldig, want dit het alles begin toe ek weer begin werk het. Ek moet werk, wat anders kan ek doen? Ek voel ook skuldig teenoor die baba, want hy kry nou soveel minder aandag as wat die kleuter gekry het toe hy `n baba was. Ek voel skuldig, omdat ek nog nie al die reëlings vir volgende jaar getref het nie.*

**Respondent 8:** *Ek voel so skuldig teenoor haar. Dit voel of ek haar in die steek gelaat het. Ek weet haar probleme is my skuld, omdat ek nie nou genoeg aandag aan haar kan gee nie. Ek voel skuldig omdat ek nou so min vir haar doen.*

Moeders koester dikwels onrealistiese hoë verwagtinge en ideale vir hulself en probeer om almal tevrede te stel. Wanneer hierdie ideale nie verwesentlik word nie, of hulle nie daarin slaag om almal tevrede te stel nie, ervaar hulle skuldgevoelens wat kan lei tot selfverwerping. Van die respondente sien hulself as slegte ma's en sien probleme by die kleuters as `n refleksie op hul moederskap. Die moeder se vrees vir verwerping speel `n kardinale rol in die instandhouding van haar skuldgevoelens. Skuldgevoelens is `n destruktiewe emosie en die omvang daarvan moet nie onderskat word nie (Van Niekerk, 2000:38).

De Vaus (1992:116) onderskei tussen opregte skuldgevoelens en valse skuldgevoelens. Opregte skuldgevoelens kom voor by die persoon wat berou het oor sy optrede of `n fout wat hy begaan het, en wat dan tot aksie oorgaan om die saak reg te stel. Valse skuldgevoelens hou verband met introjekte en keer dat verandering oorweeg word. Die meeste skuldgevoelens wat by die moeders teenwoordig is, is valse skuldgevoelens wat spruit uit hul kinderdae. Moeders wat sedert hul kinderdae angstig was om ander tevrede te stel, sal hul eie behoefte bevrediging uitstel, omdat hulle skuldgevoelens ervaar wanneer hulle iets vir hulself doen. Die vrees vir verwerping strek uit hul kinderdae en word as skuldgevoelens ervaar. Skuldgevoelens hou dus verband met vrese wat by die moeder voorkom.

`n Respondent ervaar skuldgevoelens wanneer sy die kleuter teëgaan.

**Respondent 5:** *Ek voel baie gou skuldig en dink alles is my skuld. Soms as ek met haar raas en moedeloos raak, dink ek aan al die mense wat so graag kinders sou wou gehad het en dan voel ek so skuldig. Ek voel altyd skuldig oor die werk as ek by my kinders is en skuldig oor my kinders as ek by die werk is.*

Volgens De Vaus (1992:116) voel sommige moeders skuldig wanneer hulle, hul kinders teëgaan uit vrees dat hulle die kinders se liefde sal verloor. Die navorser het tydens die

gesprek met die respondent agtergekom dat die respondent skuldig voel, omdat sy kinders het terwyl haar suster kinderloos is. Hierdie skuldgevoel kom telkens na vore wanneer sy die kleuter straf. Dan dink sy dat haar suster `n beter moeder as sy sou gewees het.

Sommige respondente neem aanpassingsprobleme by kleuters persoonlik op en besef nie dat dit `n algemene verskynsel by kleuters is nie.
**Respondent 6:** *Ek voel skuldig dat ek nou so min tyd het om met hom te spandeer. Ek voel skuldig, omdat ek moet werk en hom vir die hele dag by die skool moet aflaai. Ek voel veral skuldig dat ek toegelaat het dat die band tussen my en hom beskadig is. Ons verhouding sal seker nooit weer dieselfde wees nie en ek sal vir altyd voel ek moes dit anders hanteer het. Ek voel te skuldig teenoor my kinders om tyd aan myself te spandeer.*
**Respondent 8:** *Ek voel so skuldig teenoor haar. Dit voel of ek haar in die steek gelaat het. Ek weet haar probleme is my skuld, omdat ek nie nou genoeg aandag aan haar kan gee nie. Ek voel skuldig, omdat ek nou so min vir haar doen.*

Volgens Langley *et al*.(2007:2) kan die moeder probleme wat voorkom, as straf op haar foute beskou. Die navorser is van mening dat die respondente ook skuldig voel, omdat hulle moet werk en soms nie alles gedoen kry nie. Volgens Deblinger en Heflin (1996:125) moet die moeder gehelp word om haar denkpatroon te verander deur bewus te raak dat hierdie skuldgevoelens teenproduktief is. In stede daarvan om tyd en energie op selfblamering te vermors moet die moeder eerder op probleemoplossende denke fokus. Inligting oor die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook oor aanpassingsprobleme kan hier `n rol speel.

Die ingeligte respondent toon insig dat haar hantering van haar eie skuldgevoelens tot skuldgevoelens by die kleuter kan lei.
**Respondent 3:** *Ma's voel oor die algemeen maklik skuldig; ek waak daarteen om nie skuldgevoelens by die kleuter te skep nie.*
Weens hierdie respondent se agtergrond was sy bewus van haar eie onvanpaste skuldgevoelens. Sy meld dat sy stellings vermy wat tot skuldgevoelens by die kleuter aanleiding kan gee. Dit is belangrik dat die moeder nie die verantwoordelikheid van haar

emosies na die kind moet verplaas nie. De Klerk en Le Roux (2006:16) noem dat die volgende stellings tot skuldgevoelens by die kleuter kan lei “Jy het my in die skande gesteek” “Ek is teleurgestel in jou” “Hoekom doen jy dit aan my?” “Moenie my dwing om .......” ensovoorts.

Die navorser is van mening dat skuldgevoelens by die moeder ontstaan wanneer sy ervaar dat sy `n fout begaan het of as sy vermoed dat ander dit as haar fout sal bestempel. Verskeie respondente voel gevolglik dat sy die oorsaak van die aanpassingsprobleme by die kleuter was. Skuldgevoelens gaan gewoonlik gepaard met straf en daarom ervaar die moeder die verwerping deur die kleuter as haar straf. Hierdie skuldgevoelens by die moeder spruit gewoonlik uit haar kinderjare. Die moeder kan egter ook haar skuldgevoelens op ander projekteer deur ander te blameer vir alles wat verkeerd gaan.

**Subtema 2.6 Onsekerheid by die moeder**

Volgens Kritzinger en Eksteen (2002:431) kan onsekerheid beskryf word met verwarring, twyfel en om nie oortuig te wees nie. Ouers wat onsekerheid beleef, twyfel dus in hul vermoë om die probleme te kan hanteer of om effektiewe ouers te wees. Briesmeister en Schaefer (2007:210) verwys na ouerlike geskiktheid as die ouer se geloof in homself om bepaalde probleme te kan oorkom of te kan hanteer. Verskeie respondente het aangetoon dat hulle onsekerheid ervaar in hul rol as moeder.

**Respondent 2:** *Ek voel baie onseker. Ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. Daar is so baie besluite om te neem en ek is so bang ek neem die verkeerde besluite. Ek voel so onseker, want `n mens kry nie `n handboek saam met `n baba nie en niemand leer jou hoe om `n goeie ma te wees nie.*

**Respondent 6:** *Ek voel baie onseker oor hoe om dit te hanteer. Dit laat my angstig voel as ek so onseker is. Ek voel soms so in die duister. Ek weet nie wat om te doen nie, want hy was nooit so voor die baba se geboorte nie.*

**Respondent 9:** *Ek voel baie onseker hoe om haar te hanteer. Ek dink ek maak baie foute. Ek weet nie hoe om haar te hanteer nie. Ek het nie die kennis om te weet wat om te doen nie.*

Die gebrek aan duidelike aanwysings van wat van moeders verwag word, asook `n gebrek aan terugvoer en beloning kan volgens Birns en Hay (1988:269) tot onsekerheid by die moeder lei. De Vaus (1992:125) stem saam dat die meeste moeders nie identiteitsondersteuning in hul rol as moeder ervaar nie. Van die respondente twyfel in hul ouerlike geskiktheid weens `n behoefte aan kennis. `n Moeder se kennis, houding en vaardighede het volgens Venter (2003:57) `n invloed op die wyse waarop sy haar rol sien en vervul. Volgens Van Loggerenberg en Roets in Basson (2001:10) kan kennis van `n situasie die belewenis en reaksie op die situasie bepaal. Ingeligte moeders kan met meer selfvertroue optree.

Die navorser het bewus geword dat verskeie moeders onseker voel weens `n gebrek aan kennis en insig in die ontwikkelingfase van die kleuter, asook die hantering van die aanpassingsprobleme wat by die kleuter kan voorkom.

Twee respondente het aangevoer dat gesprek met ander tot meer sekerheid kan lei.

**Respondent 3:** *Wanneer ek onseker of bekommerd voel, bespreek ek dit met my man en dan maak ons saam `n plan.*

**Respondent 4***:* *Ek is bang om die verkeerde ding te doen. Ek weet nie wat om te doen nie. Niemand sê vir my wat om te doen nie en ek weet nie waar om raad te kry nie. Ek voel oningelig. Ek het soms `n behoefte om net met iemand te kan praat wat `n mens raad kan gee.*

Die behoefte aan selfagting word vervul wanneer respek en waardering van ander ontvang word. Indien hierdie behoefte nie vervul word nie, kan dit volgens Minnaar (2006:66) lei tot gevoelens van minderwaardigheid, onsekerheid en hulpeloosheid wat `n invloed het op die moeder se rolvervulling. Die navorser is van mening dat `n ondersteuningsnetwerk hier `n positiewe rol kan speel. Moeders wat ondersteuning kry deur raad en hulp van ander te aanvaar, sal minder onseker voel. Verskeie moeders het geverbaliseer dat hulle `n behoefte ervaar aan terugvoer ten opsigte van hul moederskap. `n Gebrek aan terugvoer laat hulle twyfel in hul vermoë en onseker oor hul rolvervulling voel.

Die navorser is van mening dat `n gebrek aan kennis tot onsekerheid by van die moeders lei. Onkunde by die moeder lei tot spanning en angstigheid wat haar rolvervulling en belewenis van haar rol negatief beïnvloed. Die moeder kan dan twyfel in haar ouerlike geskiktheid. Kennis stel die moeder in staat om aanpassingsprobleme realisties en empaties te beoordeel en te hanteer. `n Ingeligte moeder is in staat om bewus te raak van probleme en dit aan te spreek om agterstande te voorkom. `n Onseker moeder sal met gebrek aan beslistheid optree en dit kan ook tot onsekerheid by die kleuter lei.

**Subtema 2.7 Die moeder ervaar `n gevoel van jammerte**

Jammerte word deur Kritzinger en Eksteen (2002:201) beskryf as medelye of droefheid. Louw en Edwards (1998:493) bevestig dat die moeder se emosionele reaksie afhanklik is van haar waarneming van die situasie en die betekenis wat sy daaraan gee. Dit het dus `n persoonlike dimensie. Die moeder wat ontroer word deur die kleuter se situasie kan `n gevoel van jammerte teenoor hom ontwikkel soos deur die volgende respondente geverbaliseer is.

**Respondent 1:** *Ek kry haar regtig jammer, want ek weet dit is nie vir haar maklik nie.*

**Respondent 6:** *Ek is so jammer vir my kind en so bang dat hy seerkry.*

**Respondent 8:** *Ek kry myself soms baie jammer en dan huil ek vreeslik. As sy saans aan die slaap raak, kry ek haar so jammer dan huil ek sommer. Ek kry haar regtig baie jammer, want sy voel nou so onbelangrik en verwerp.*

Indien die moeder die kleuter jammer kry, kan sy dit nodig vind om die kleuter teen sy eie emosies te beskerm. Die moeder poog dan volgens De Klerk en Le Roux ( 2006:13) om die negatiewe emosies by die kleuter vinnig te laat verdwyn. Sy sal dan sy aandag van sy emosies aftrek sonder om sy behoeftes of emosies aan te spreek. Die kleuter se emosies word dan onderdruk of ontken en sy probeer hom troos deur speelgoed te koop of `n lekker te gee of hom te kielie. Die kind leer dan nie om sy eie oordeel te vertrou en sy emosies te erken en te reguleer nie. Simbiose tussen moeder en kind kan na vore tree. Indien die kind ongelukkig is, voel die moeder ongelukkig en bekommerd. Sy voel dat sy

iets verkeerd gedoen het of `n slegte moeder is en dat sy verantwoordelik is om die kind weer beter te laat voel (De Vaus 1992:111). (Vergelyk 2.4.3 simbiose)

Richardson (2006:96) waarsku dat moeders wat jammer voel vir die kleuter soms sal oorkompenseer deur die kleuter gedurig sy sin te gee. De Klerk en Le Roux (2006:12) beveel aan dat die moeder gelei moet word om die kleuter se gevoelens te help verwoord en te bekragtig sonder om verward en angstig te raak oor die kleuter se uitdrukking van sy emosies. Sy moet insig ontwikkel dat sy nie die kleuter se emosies moet probeer verander om hom beter te laat voel nie. Negatiewe emosies moet nie slegs deur positiewe emosies vervang te word nie. Alle gevoelens van die kleuter is aanvaarbaar, maar nie alle gedrag nie daarom moet aanvaarbare reaksies op gevoelens aangeleer word. Die moeder moet gehelp word om gepaste uitlaatkleppe vir die kleuter se emosies aan die hand te doen.

Die navorser is van mening dat die gevoel van jammerte vir die kleuter die moeder lam kan lê en soms daartoe aanleiding kan gee dat sy te veel toegewings maak en nie ouderdomstoepaslike grense aan die kleuter stel nie. Die moeder kan ook oor-emosioneel hierop reageer.

**Subtema 2.8 Die moeder beleef verwerping**

Verwerping word deur Meyer (2005:162) beskryf as om iets te weier of om as waardeloos weg te gooi. Persone wat voortdurend afhanklik is van ander se goedkeuring sal volgens Meyer (2005:165) `n vrees vir verwerping ontwikkel as gevolg van hul diep gewortelde onsekerheid. Van die respondente het verwerping beleef.

**Respondent 2:** *Ek voel baie verwerp deur die kleuter. Sy pa is nou alles in sy lewe, wat ek altyd was. Dit maak my seer as hy nou sy pa bo my verkies. Dis vir my baie swaar. Ek mis my kind.*

**Respondent 6:** *Ek het nooit voor die baba se geboorte gedink dat dit so sal raak tussen my en hom nie. Ek het altyd so baie tyd saam met hom spandeer. Nou voel dit ons doen niks meer saam nie. Ek voel verwerp as hy nou kies om by sy pa te wees.*

Volgens Van Niekerk (2000:40) gee die moeder se skuldgevoelens aanleiding tot `n gevoel dat sy verwerp word. Skuldgevoelens gaan gewoonlik gepaard met straf en daarom ervaar die moeder die verwerping deur die kleuter as haar straf. Volgens Everingham (1994:20) speel die emosionele volwassenheid van die moeder `n rol by haar evaluering, belewing en hantering van die situasie. `n Emosioneel onvolwasse moeder beleef verwerping wanneer die kleuter gedrag openbaar wat vir haar onaanvaarbaar is of as hy begin om minder afhanklik van haar te funksioneer. Sy is bang vir mislukking en ervaar aanpassingsprobleme by die kleuter as teken van haar mislukking en dat sy verwerp word.

Van die respondente meld dat hul verwerp voel en die kleuter terug verwerp.
**Respondent 4***: Soms voel ek verwerp. Sy huil oor die baba en oor haar pa, maar nie oor my nie. Dan voel dit asof ek haar terug wil verwerp.*
**Respondent 9:** *Ek dink nie sy is meer lief vir my nie. Dis nou net haar pa wat alles vir haar moet doen. As ek haar probeer help, jaag sy my weg. Dit is eerlikwaar baie sleg vir my. Ek dink sy verwerp my nou. Dit maak my seer en daarom doen ek dit ook aan haar.*

Die moeder kan, volgens Van Niekerk (2000:40), van `n verdedigingsmeganisme gebruik maak om haarself te beskerm deur die kleuter terug te verwerp. Volgens Meyer (2005:166) kan vrees vir verwerping veroorsaak dat ander verwerp word. Selfverwerping kan egter ook by die moeder voorkom. Die moeder se belewenis van skuldgevoelens en verwerping deur die kleuter kan aanleiding gee tot depressie by die moeder (Van Niekerk, 2000:39).

Die navorser is van mening dat die moeder se vrees vir verwerping ontstaan in haar kinderjare, omdat sy voortdurend die goedkeuring van ander gesoek het. Die moeder kan uit vrees vir verwerping, haar liefde van haar kind weerhou en sodoende sy emosionele welstand benadeel deurdat sy haar van hom isoleer. Die moeder kan egter ook poog om verwerping te voorkom deur haarself onmisbaar te maak in haar kind se lewe. Vermyding van verwerping kan dan die dryfveer agter baie van die moeder se besluite wees.

**Subtema 2.10 Positiewe emosionele belewenisse**

Tydens die onderhoude was daar twee respondente wat uitgestaan het weens hul oorwegende positiewe response.

**Respondent 7:** *Ek dink ons het dit reg hanteer. As ek so na alles kyk, voel ek gelukkig en dink ek, ek vaar goed as ma. Ons is `n goeie span. Ek voel in beheer van die situasie. Dit is vir my wonderlik om `n ma te wees.*

Volgens Booysen (1993:60) sal die kleuter se aanpassing en die tydsduur van aanpassing afhang van die hoeveelheid ondersteuning wat hy van die belangrike persone in sy lewe, wat opreg omgee en hom help om sin te maak uit die veranderinge in sy lewe, ontvang. Veral die moeder se ondersteuning beïnvloed die kleuter se aanpassing. Murphy (in Sawicki, 1997:4) verduidelik dat die moeder `n positiewe rol kan speel in die aanpassing van die kleuter deur hom op `n empatiese manier bewus te maak van die baba se behoeftes, gedrag en gevoelens sonder om op die evaluering van die kleuter se gedrag en optrede te fokus. Die navorser is van mening dat hierdie respondent weens die ondersteuning wat sy vanaf haar eggenoot en ander ontvang. asook haar kennis, in staat is om die aanpassingsprobleme by die kleuter op `n positiewe wyse te kan hanteer. Dit gee aanleiding tot `n oorwegend positiewe belewenis oor haar rol as moeder.

**Respondent 3:** *Ek voel tevrede dat dit goed gaan in ons gesin. Ek dink my agtergrond en my man se betrokkenheid is deurslaggewend. Ons is baie gelukkig en probeer baie hard. Ons besluit saam hoe ons die probleme gaan hanteer. Ek betrek my man by alles, want dit is belangrik dat ons dit op dieselfde manier verstaan en hanteer.*

Die navorser is van mening dat hierdie respondent weens haar agtergrond en kennis die aanpassingsprobleme realisties kan beoordeel en hanteer en ook haar eggenoot bemagtig en by die kleuter betrek. Sy ontvang daarom ook die nodige ondersteuning van haar eggenoot.

Uit die verbale response van hierdie respondente het dit geblyk dat kennis en insig in die kleuter se ontwikkeling en situasie `n positiewe invloed op hul belewenis en hantering

van die aanpassingsprobleme het. Hierdie respondente het gemeld dat hulle spesiale moeite doen om aandag aan die kleuter te gee en het die verhouding as positief beskryf. Hierdie respondente het besef dat die aanpassingsprobleme tydelik van aard is en dat daar aan die behoeftes van die kleuter inplaas van die gedrag aandag gegee moet word. Uit die response van hierdie twee respondente het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat kennis en ondersteuning `n positiewe belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter moontlik maak.

Uit die hierdie tema het dit duidelik geword dat elke respondent `n unieke situasie het wat deur elkeen op hul eie unieke manier beleef word. Die respondent se persepsie van haar situasie en die aanpassingsprobleme (vergelyk tema 1), asook hoe sy die situasie beskou en beoordeel, het `n invloed op haar belewenis van die aanpassingsprobleme. Die respondente het elkeen verskeie emosionele belewenisse rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba gehad. Dit het ook duidelik geword dat verskeie faktore hierdie belewenis versag of vererger het, soos die ondersteuning van die eggenoot en ander, gebrek aan slaap, die moeder se eie kinderdae, die emosionele volwassenheid van die moeder, kennis en insig by die moeder, die verhouding tussen die moeder en die kleuter voor die baba se geboorte, ensovoorts. Die respondent se belewenis van die aanpassingsprobleme het `n invloed op haar hantering van die aanpassingsprobleme. Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme sal vervolgens in tema 3 beskryf word.

### 3.3.3 Tema 3: Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme

Vir die doel van die bespreking van hierdie tema sal hantering verwys na die wyse waarop die moeder op die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba reageer. Dit wil sê haar optrede teenoor die kleuter as gevolg van die aanpassingsprobleme.

Die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba (soos bespreek in tema 2) kan haar hantering van die probleme beïnvloed. `n

Realistiese belewenis stel die moeder in staat om probleme raak te sien en aan te spreek tot voordeel van die kleuter. Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme kan die mate van aanpassing, asook tydsduur van die aanpassing by die kleuter bepaal. Haar hantering het ook `n invloed op die verhouding tussen haar en die kleuter (Dunn en Munn, 1986: 588).

Volgens Deblinger en Heflin (1996:166) word die kleuter se positiewe, sowel as negatiewe gedrag deur die gevolge van sy gedrag in stand gehou en aangemoedig. Die moeder is gewoonlik die persoon wat op sy gedrag reageer en dus die gevolg bepaal. Durand (in Deblinger en Heflin, 1996:166) maak melding van vier gevolge wat `n kleuter se gedrag kan motiveer, naamlik:

1) Die kleuter ervaar `n behoefte aan ouerlike aandag en poog om deur sy gedrag te verseker dat hy die aandag bekom.
2) Die kleuter ervaar `n verlies aan beheer en poog om deur middel van sy gedrag weer beheer te verkry.
3) Die kleuter probeer om deur sy gedrag van `n angsvolle situasie te ontsnap of om dit te vermy.
4) Die kleuter het `n behoefte om goed te voel. Hy gee `n drukkie ten einde `n drukkie te kry. Dit kan egter ook gedrag soos masterbasie of snuif van gom insluit.

Die gevolge waarna die kleuter soek, is gewoonlik redelik, maar as gevolg van sy kognitiewe ontwikkeling kan die wyse waarop hy dit probeer verkry, problematies wees. Daarom is dit belangrik dat die moeder die kleuter se ontwikkelingsfase, asook behoeftes sal verstaan en op die behoefte sal reageer en nie op die gedrag nie. Die moeder is verantwoordelik om pro-sosialegedrag vir die kleuter aan te leer, waarmee hy, sy behoeftes op `n gesonde manier kan uitdruk en bevredig.

Die volgende subtemas handel oor die respondente se hantering van die aanpassingsprobleme van die kleuter (soos beskryf in tema 1). Dit word ook met aanhalings van die respondente toegelig en met literatuur in verband gebring.

**Subtema 3.1 Die moeder se hantering van aggressie**

Soos reeds bespreek (vergelyk subtema 1.1) kom aggressie algemeen voor by kleuters wat aanpassingsprobleme ondervind na die geboorte van `n baba. Verskeie respondente het die kleuter se aggressie as onaanvaarbaar bestempel en het gemeld dat hulle die kleuter as gevolg van die aggressie gestraf het. Hulle het egter ervaar dat straf die kleuter meer aggressief maak, maar het nogsteeds van straf gebruik gemaak om die aggressie te hanteer.

**Respondent 4:** *Dan het sy kwater geword en my ook geklap as ek haar wou keer. Ek weet nie hoe om dit te hanteer nie.*

**Respondent 5:** *Sy kry toe `n pakslae, maar dit het haar net erger gemaak. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Niks wat ek probeer het, wou help nie. Pakslae maak haar net kwater en kwater.*

**Respondent 6:** *Ek het geskrik vir sy aggressie. Ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. Dit raak vir my net al hoe erger. Hoe meer ek met hom daaroor raas, hoe meer aggressief raak hy.*

**Respondent 9:** *Toe byt ek haar terug. Sy slaan my ook nou as sy nie haar sin kry nie, maar ek het besluit ek slaan haar terug. Dit help nie regtig nie, want sy word net nog kwater.*

Volgens Sanders (2004:47) asook Dunn en Munn (1986:587) bestaan daar `n verband tussen die kleuter se aggressie en die konflik tussen hom en sy ouers as gevolg van sy aanpassingsprobleme. Die outeur bevestig dat die ouers se hantering van die aggressie, die aggressie kan laat toeneem. Honig (in Booysen, 1993:76) waarsku dat kleuters volwassenes se pogings tot aanpassing naboots. Ouers wat vloek, skree en slaan wanneer hulle gefrustreerd raak, kan verwag dat hul kleuters tuis of by die kleuterskool soortgelyke gedrag sal toon. Howe en Recchia (2006:1) beklemtoon dat die ouer se verkeerde hantering van die kleuter se aggressie daartoe lei dat die kleuter fisies meer aggressief raak. Die outeurs wys verder daarop dat fisiese aggressie in volwassenes teruggevoer kan word na die kleuterjare. Volgens die outeurs moet alternatiewe vir fisiese aggressie reeds in die kleuterfase aangeleer word.

Die navorser is van mening dat die kleuter uit sy moeder se hantering van die aanpassingsprobleme kan leer dat sy emosies verkeerd, ongeldig en onvanpas is, indien hy oor sy emosies gestraf word. Sommige moeders sien aggressie as ontoelaatbaar en probeer om dit weg te straf in plaas daarvan om die kleuter te help om sy aggressie te erken en op `n effektiewe, aanvaarbare manier tot uitdrukking te bring. Volgens Blom (2006:23) leer `n kleuter om emosies weg te steek deur dit te onderdruk of te ontken, indien hy daaroor gestraf word. Hy begin dan om verdedigingsmeganismes te benut om emosionele pyn te hanteer.

`n Respondent het geverbaliseer dat sy die kleuter terug byt of slaan omdat hulle dink dat dit die gedrag sal laat ophou.

***Respondent 9:*** *Toe byt ek haar terug. Sy slaan my ook nou as sy nie haar sin kry nie, maar ek het besluit ek slaan haar terug. Dit help nie regtig nie, want sy word net nog kwater. Ek is bang ek sal haar ook mishandel. Dis net een groot gejaag en bakleiery van die more tot die aand. Sy dryf my absoluut teen die mure uit so klein as wat sy is. Niemand anders kry dit reg om my so kwaad te maak nie. Sy laat my magteloos, moedeloos voel. Ek weet nie hoe om teenoor haar op te tree nie, want sy is my altyd een voor. Sy weet altyd beter as ek. Ek is moedeloos en raadop gestry met die kind. Ek weet nie hoe om haar te hanteer nie. Ek het nie die kennis om te weet wat om te doen nie.*

Volgens Volling (2005:542) kan aggressie by die kleuter toeneem, indien die moeder oormatige beheer uitoefen of wanneer daar nie `n hegte binding tussen die kleuter en die moeder is nie. Volgens Richardson (2006:85) is byt `n uitdrukking van erge frustrasie en woede. Sy raai moeders aan om nooit terug te byt nie, maar om eerder baie aandag aan die slagoffer te skenk. Sy beveel afkoeltyd aan vir die oortreder, aangesien hy sensories oorlaai kan wees. Die moeder moet ook wanneer die kleuter weer gekalmeer het, die saak en sy emosies met hom bespreek. Die outeur is van mening dat die moeder die gevaarligte betyds moet sien flikker en dit moet hanteer, voordat die kleuter byt. Richardson (2006:62) verduidelik dat dissipline nooit vrees by die kleuter vir sy ouer moet inboesem nie, maar dat dit die kleuter vaardighede moet leer om selfbeheersing te ontwikkel en om self verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar. Dissipline behels die

vasstelling en toepassing van ouderdomstoepaslike reëls, maar daar is ook reëls waarby die ouer in die verband moet hou.

Die navorser is van mening dat die konfrontasie tussen hierdie respondent en die kleuter `n magstryd kan word. Die moeder se hantering van aggressie deur die kleuter terug te slaan of te byt kan die probleem vererger of tot meer probleme aanleiding gee. Die kleuter leer nie dat die gedrag onaanvaarbaar is, as die ouer dit ook doen nie. Die moeder se hantering kan `n gevoel van verwerping by die kleuter laat ontstaan wat tot verhoogde aggressie kan lei. Dit kan ook daartoe lei dat die kleuter die ouer begin vrees. Die kleuter kan ook leer dat die persoon wat die hardste kan byt of slaan as wenner uit die stryd tree.

Die navorser is van mening dat die gevolge op die kleuter se aggressie deur die moeder se reaksie bepaal word. Haar reaksie kan dus die aggressie in stand hou en aanmoedig. Die kleuter, wat ervaar dat hy deur aggressie sy moeder se aandag verkry, sal leer om dit as strategie te gebruik, indien hy aandag benodig. Indien die kleuter ervaar dat aggressie aan hom `n mate van beheer gee as hy magteloos voel of dat hy ná `n aggressiewe uitbarsting toegelaat word om te onttrek van die situasie waarvan hy nie hou nie, sal leer om aggressie as strategie te gebruik om sy behoeftes te bevredig. Die navorser is van mening dat die kleuter strategieë aanleer as gevolg van die ouer se hantering van sy aggressiewe gedrag. Daarom is dit belangrik dat die moeder die kleuter se ontwikkelingsfase, asook behoeftes sal verstaan en op die behoefte sal reageer en nie op die gedrag nie. Die moeder is verantwoordelik om pro-sosialegedrag vir die kleuter aan te leer, waarmee hy sy behoeftes op `n gesonde manier kan uitdruk en bevredig.

**Subtema 3.2 Die moeder se hantering van regressiewe gedrag**

Die kleuter ervaar angs, indien hy geforseer word om aan te pas by `n situasie waarvoor hy nog nie gereed is nie. Hy sal dan poog om na `n vorige ontwikkelingsfase terug te keer waar hierdie situasie nie teenwoordig was nie, sodat hy van die situasie kan ontvlug. Die regressiewe gedrag kan ook die kleuter se angsvlakke verlaag, omdat hy kan terugkeer na `n stadium toe hy minder angs ervaar het. (Vergelyk subtema 1.2)

Die meeste respondente se persepsie van regressie lei daartoe dat hulle van straf gebruik maak om dit te hanteer.

**Respondent 1:** *Sy doen dit net om aandag te soek. Dan ignoreer ek haar, want anders sal sy altyd soos `n baba op tree om my aandag te kry.*

**Respondent 5:** *Sy is sommer net stout. Ek straf haar daaroor maar dit help nie. Slaan maak dit erger. Nou maak ek haar bang met "die lelike oom" en "Sakkaboela". Sy skrik dadelik. Dis al wat werk.*

**Respondent 8:** *Dis net stout. Ek laat haar maar toe terwille van die vrede. Wat anders kan ek doen?*

**Respondent 9:** *Sy is net stout en lui om te loop. Nou tree sy weer soos `n baba op om aandag te kry. Sy laat my magteloos voel.*

Die literatuur bevestig dat sommige moeders `n foutiewe persepsie oor regressiewe gedrag het. Volgens Nader (in Du Plooy, 2007:69) kan regressiewe gedrag verkeerdelik geïdentifiseer word as luiheid, ongehoorsaamheid, stoutigheid of aandagsoekende gedrag. Volgens Du Plooy (2007:69) is regressie deel van die kleuter se ontwikkeling en het die kleuter nie beheer oor die regressiewe gedrag nie, aangesien dit op `n onbewuste vlak voorkom.

Die navorser is van mening dat `n gebrek aan kennis by sommige moeders daartoe kan lei dat regressiewe gedrag verkeerd geïnterpreteer word. Die boodskap wat die kleuter probeer kommunikeer, of trauma wat manifesteer, kan dan misgekyk word. Die moeder se hantering van die regressie deur die kleuter te straf, kan die kleuter se emosionele welsyn in gedrang bring.

Twee respondente toon insig in die kleuter se regressiewe gedrag en hanteer die behoefte van die kleuter.

**Respondent 3:** *Min dinge gooi my van balans af as gevolg van my agtergrond. Ek het gedink hoe ons dit moet hanteer om te voorkom dat dit `n probleem raak en saam met my man beplan. Hy moet ook weet hoe om die situasie te hanteer. As sy op my skoot klim, sê sy eintlik net sy het behoefte om by my te wees en dan laat ek haar toe om by my te wees, solank as wat dit vir haar nodig is, sonder om daarvan `n "issue" te maak. Ek speel*

*saam sonder om te bevestig dat sy `n baba is of om te sê dat sy eintlik groot is, want ek weet mos waarom dit eintlik gaan. Ek weet mos wat sy regtig nodig het en hoekom sy dit doen. Ek reageer op die behoefte agter die gedrag.*

**Respondent 7:** *Hy soek die aandag. Hy was gewoond om al die aandag die hele tyd te kry. Daarom probeer ek hom betrek by die baba en maak ek spesiale tyd net vir hom om sy behoefte te bevredig.*

Die navorser is van mening dat kennis en insig daartoe lei dat hierdie respondente die kleuter se regressiewe gedrag reg interpreteer en hanteer. Die boodskap wat die kleuter probeer kommunikeer, word raakgesien en verstaan. Die moeders hanteer die regressie deur die kleuter se behoefte aan te spreek. Die moeder raak bewus van die kleuter se behoeftes en probeer dan om in die behoefte te voorsien deur spesiale tyd net vir die kleuter in te ruim. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat kennis en insig nodig is ten einde die regressiewe gedrag reg te kan hanteer.

**Subtema 3.3 Die moeder se hantering van die aandagsoekende gedrag**

Die respondente se persepsie van aandagsoekende gedrag is reeds onder subtema 1.3 beskryf. Die respondente se hantering van die gedrag sal nou aandag ontvang. Al die respondente het aandagsoekende gedrag by hul kleuters gerapporteer.

Sommige respondente ignoreer die kleuter wanneer hulle van aandagsoekende gedrag gebruik maak.

**Respondent 1:** *Ek probeer om dit te ignoreer, maar soms sal sy enige iets doen om my aandag te kry. Soms moet ek ingee ter wille van die vrede en om klaar te kry. Ek raak baie ongeduldig met haar, want sy sal net aanhou en aanhou, totdat sy haar sin kry.*

Volgens Richardson (2006:63) kan `n moeder negatiewe gedrag ignoreer wanneer positiewe gedrag versterk word. Indien die ouer egter die kleuter ignoreer, kan hy dink dat hy onaanvaarbaar is. Hy kan dit as verwerping beleef. Sy beveel aan dat moeders met hulle kinders praat en erkenning gee aan en hul bewus maak van hul behoeftes, maar ook

aan hulle alternatiewe aanbied hoe hul behoeftes bevredig kan word. Negatiewe gedrag word versterk, indien ouers soms daaraan toegee ter wille van vrede.

Die navorser is van mening dat indien die kleuter se behoefte aan aandag geïgnoreer word, dit deur die kleuter as verwerping beleef kan word. Die kleuter kan onbelangrik voel en verskeie probleme kan ontwikkel. Die feit dat die moeder soms ter wille van vrede ingee, kan die kleuter se negatiewe gedrag versterk, omdat sy daardeur tog soms aandag verkry. Sy sal dus leer dat aanhouer wen.

Sommige respondente maak van redenering gebruik ten einde aandagsoekende gedrag te hanteer.

**Respondent 2:** *Ek het mooi vir hom probeer verduidelik dat hy vandat hy `n baba was nooit nodig gehad het om beurte te maak nie. Dit was altyd net hy wat al die aandag gekry het. Nou moet die baba, wat nog klein is, heeltyd beurte maak met hom en hy is al groot. Die baba kan niks vir homself doen nie en hy kan al. Hy moet dit probeer verstaan. Ek probeer hard om dit aan hom te verduidelik, maar dit lyk nie asof hy dit verstaan nie. Ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. Ek voel magteloos. Daar moet iets wees wat ek kan doen, maar ek weet nie wat nie. Die hele gesin lei hieronder.*

Richardson (2006:61) verduidelik dat die moeder nooit terwyl die uitbarsting aan die gang is, moet pleit, smeek of onderhandel nie, aangesien dit die kleuter die boodskap gee dat die moeder angstig is en nie in beheer is nie. Die outeur beveel aan dat die ouer eerder die kleuter se gevoel moet erken en verwoord en dan `n alternatief moet verskaf. Dit moet op so `n manier gedoen word dat die kleuter die boodskap kry dat wat hy ervaar, nie verkeerd of gevaarlik is nie, maar op `n ander manier uitgedruk en hanteer kan word. Die navorser is van mening dat die kleuter as gevolg van sy kognitiewe ontwikkeling nie in staat is om sy moeder se redenasie te verstaan nie. Die moralisering van die kleuter kan tot skuldgevoelens by die kleuter lei.

Sommige kere sukkel die respondente om kalm te bly weens die aandagsoekende gedrag.

**Respondent 5:** *Toe raak ek ongeduldig en skree op haar. Ek kon dit net nie meer hanteer nie. Wat moes ek gedoen het? Ek het so magteloos gevoel. Ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. Ek kan dit nie verstaan nie. Ek dink dis stoutigheid. Soms lyk dit of sy wil hê ek moet met haar raas. Sy raak ook ongeduldig met my en skree op my.*

Richardson (2006:61) beklemtoon dat die moeder kalm moet bly wanneer die kleuter `n uitbarsting kry. Deur toe te gee en self `n uitbarsting te kry, vererger en verstrek die ouer die negatiewe gedrag van die kleuter. Jy leer hom dat die een wat die hardste skree sy sin kry. Indien die moeder skree wanneer die kleuter skree, maak sy van regressie gebruik en kan sy die situasie nie reg hanteer nie. Die moeder moet die kleuter help om sy ongelukkigheid te beperk deur die oorsaak van sy frustrasie raak te sien en op `n alternatiewe manier te hanteer. Die kleuter moet voortdurend van die moeder se liefde en nabyheid verseker word.

Die navorser is van mening dat die moeder in ag moet neem dat indien sy ongeduldig met die kleuter is, die kleuter by haar leer dat dit aanvaarbaar is om ongeduldig op te tree. Indien sy op die kleuter skree, sal die kleuter ook leer om te skree. Moeders ignoreer soms positiewe gedrag, maar reageer onmiddellik op negatiewe gedrag. Dit versterk die kleuter se gebruik van negatiewe gedrag en ontmoedig positiewe gedrag.

Van die respondente maak melding dat die kleuter se aandagsoekende gedrag tot skuldgevoelens by die respondente lei. Hulle verbaliseer ook dat hulle `n gebrek aan kennis en insig in die gedrag ervaar.

**Respondent 6:** *Ek word soms kwaad vir hom, omdat hy dit nie verstaan nie en omdat hy so baie aandag op sulke vreemde maniere soek. Ek voel magteloos en skuldig, want ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. Ek het nie die antwoorde nie. Ek raak moedeloos met hom, want soms is hy regtig stout. Hy doen enige iets om aandag te kry. Hoekom doen hy dit? Kan hy nie verstaan nie? Dis onnodig om so op te tree. Dit help nie om aan hom te verduidelik nie. Hy verstaan nie hoe moeilik dit vir my ook is nie. Hy doen regtig lastige dinge. Ek verduidelik, raas, vra mooi, maar niks help nie. Soms skree ek egter op hom of slaan hom met die paplepel. Dit help ook nie. Ek voel regtig in die duister. Ek weet nie*

*wat om te doen nie. Miskien is dit nie net die baba nie, maar ook sy ouderdom. Ek weet nie.*

**Respondent 8:** *Ek voel so skuldig teenoor haar dat ek baie keer die baba neersit om haar eers te help. Nou soek sy die heeltyd aandag en verwag dat ek die baba altyd moet neersit. As sy aandag wil hê wanneer ek besig is met die baba, gebruik sy die stort inplaas van die toilet, want sy weet as ek dit hoor, kom ek dadelik.*

Volgens Deblinger en Heflin (1996:125) moet die moeder gehelp word om haar denkpatroon te verander, deur bewus te raak dat hierdie skuldgevoelens teenproduktief is. In stede van tyd en energie te vermors op selfblamering moet die moeder eerder fokus op probleemoplossende denke. Richardson (2006:62) beveel aan dat ouers altyd prys en erkenning moet gee wanneer kleuters moeilike situasies goed hanteer het of beter hanteer het as die vorige keer. Die outeur stel voor dat goeie gedrag beloon word, terwyl negatiewe gedrag grotendeels geïgnoreer moet word. Sodoende sal positiewe gedrag versterk word. Indien die moeder egter opmerk dat `n uitbarsting of negatiewe manier van aandag soek op pad is, kan sy die kleuter help om sy gevoelens te verwoord en `n alternatief te probeer en hom dan prys, omdat hy daarin geslaag het om dit positief te hanteer.

Respondente versterk soms die negatiewe gedrag van die kleuter deur hul hantering van die aandagsoekende gedrag.

**Respondent 9:** *Dan word ek vir haar kwaad en straf haar. Ek voel ek kan dit nie net toelaat nie. Daar is perke. Dan raas en dreig ek haar. Sy raak met tye nou baie gefrustreerd en dan skree sy op my of slaan my. Soms moet ek ingee, want wat moet die bure van ons dink. Sy hou aan, totdat sy haar sin kry. Ek is moedeloos gestry. Ek kan net nie wen nie.*

Volgens Deblinger en Heflin (1996:167) is dit belangrik dat die ouer moet bepaal watter behoefte die kleuter met sy gedrag wil bevredig en dan op daardie behoefte, en nie op die gedrag self nie, moet reageer. Ouers is die belangrikste persone in die kleuter se lewe, daarom sal die kleuter enige negatiewe aandag van die ouer soos raas en skree verkies bo geen aandag nie. Ouerlike aandag word beskou as die magtigste motiveerder en

versterker van `n kleuter se gedrag. Daarom is dit belangrik dat kleuters gesonde maniere aanleer om voorspelbare positiewe ouerlike aandag te bekom. Ouers moet kleuters aanmoedig om positiewe maniere te gebruik ten einde hulle behoeftes te bevredig.

Die navorser het tydens die onderhoude bewus geword dat sommige ouers nie weet dat hul reaksie op hierdie aandagsoekende gedrag juis die gedrag van die kleuter kan versterk nie. Ouers neem ook nie in ag dat indien hulle ongeduldig met die kleuter is, die kleuter by hulle leer om ook ongeduldig op te tree nie. Die kleuter beskik nog nie oor die vermoë om sy behoefte aan liefde en aandag aan die ouer verbaal te kommunikeer nie daarom maak die kind van aandagsoekende gedrag gebruik. Sanders (2004:56) verduidelik dat die kleuter wat die middelpunt van die gesin se aandag voor die geboorte van `n baba was, onttroon voel na die geboorte. Hy kan dan op enige moontlike manier probeer om weer die middelpunt van sy ouers se aandag te word.

Die volgende respondent het insig getoon in die kleuter se gedrag en het die kleuter se behoefte aangespreek en nie die gedrag nie.

**Respondent 7:** *As hy ook op my skoot wil sit wanneer die baba op my skoot sit dan laat ek die baba opskuif en ons maak `n speletjie daarvan. Ek probeer hom leer om op `n positiewe manier aandag te soek en om sy behoefte uit te spreek. Hy kom gee baie keer drukkies en soentjies as hy aandag soek. Ons het die familie en vriende ingelig hoe ons van hulle verwag om hom en die nuwe baba te hanteer. Ons dink dit was die regte ding om te doen en dit het gewerk. Ek was baie bewus van hoe hy dit kon beleef en hoe dit hom kon affekteer. Ons het baie gelees en raad gevra voor die baba gebore is. Ek het geweet dit is belangrik dat sy roetine nie versteur moet word nie en daarom het ons alles rondom sy roetine ingepas. As ek so na alles kyk, dink ek ons het dit goed hanteer, want hy het nie aanpassingsprobleme gehad nie. Elke Vrydag het ek en hy `n afspraak om iets lekker te gaan doen. Dis dan net ons tyd. Ek sit die motorradio af as ek hom oplaai, sodat ons kan gesels. Dit is vir my belangrik om hom steeds belangrik te laat voel. Hy raak soms `n klein bietjie jaloers as ek met die baba speel, maar ek verstaan dit en hanteer dit. Ek maak hom deel van alles en laat hom toe om besluite te neem en keuses te maak.*

Volgens Louw *et al* (2003:297) kan die ouers aandagsoekende gedrag minimaliseer deur gereeld tyd saam met die kleuter te spandeer in die afwesigheid van die baba soos wat die vorige respondent gedoen het.

Dit het tydens die studie duidelik geword dat die meeste respondente vinnig reageer op negatiewe gedrag en sodoende die gedrag kan versterk, omdat dit onmiddellike reaksie ontlok. Die meeste moeders is geneig om nie op positiewe gedrag te reageer nie. Sommige respondente hanteer die gedrag sonder om bewus te wees van die kleuter se behoefte agter die gedrag. Van die respondente het geverbaliseer dat hulle onkundig en magteloos voel en nie weet hoe om dit te hanteer nie. Van die respondente doen moeite om individuele aandag aan die kleuter te gee met positiewe gevolge.

**Subtema 3.4 Die moeder se hantering van oormatige volwassenheid**

Die voorkoms van oormatige volwassenheid en verhoogde onafhanklikheid is reeds beskryf. (Vergelyk tema 1.4) Dit het daaruit duidelik geword dat verhoogde onafhanklikheid positief is, indien dit ouderdomstoepaslik is. Oormatige volwassenheid kom egter voor wanneer die kleuter nie ouderdomstoepaslike gedrag openbaar nie ten einde straf te vermy of erkenning van die ouer te verkry. Die kleuter tree dan nie in ooreenstemming met sy werklike ouderdom op nie.

Die volgende respons het gedui op verhoogde onafhanklikheid

**Respondent 8:** *Sy wil nou sonder `n doek gaan slaap. Dit spaar my baie geld en maak dit baie makliker.*

Die volgende respons dui op oormatige volwassenheid by die kleuter

**Respondent 5:** *Ons is so bly dat sy nou skielik so grootgeword het. Dit maak dit baie makliker. Ons moedig haar aan om groot te wees.* (Hierdie kleuter doen afstand van al haar besittings en speel soms vir lang tye alleen in haar kamer)

Die ouer dra lank voor die geboorte van die baba volgens Mendelson (1990:39) die boodskap oor dat daar van die kleuter verwag gaan word om meer volwasse op te tree.

Volgens Carelse (Effective discipline for headstrong todlers) kan moeders wat onder stres verkeer, eise aan die kleuter stel wat nie ouderdomstoepaslik is nie. Sy kan byvoorbeeld verwag dat die kleuter skielik pynlik netjies in sy slaapkamer moet wees, omdat sy nie tyd het om weer alles te bêre nie. Indien hy dan speelgoed rondgooi, word hy gestraf. Die kleuter kan dan begin om oormatig volwasse op te tree deur op te hou speel of om heeltyd alles netjies te pak ten einde straf te vermy. Die kleuter tree dan oormatig volwasse op ten einde negatiewe emosies en straf te vermy en positiewe terugvoer van die moeder te verseker. Al is sy gedrag nie ouderdomstoepaslik nie, beleef die oningeligte moeder dit as positief. Die navorser het ook gevind dat respondente hierdie gedrag van die kleuter as positief ervaar het, terwyl dit eintlik `n aanpassingsprobleem is. Dit kan `n strategie wees van die kleuter om homself te beskerm teen die gevolge van sy emosies en om positiewe terugvoer vanaf die ouers te verseker. Volgens Deblinger en Heflin (1996:168) kan die kleuter poog om deur middel van oormatige volwassenheid `n mate van beheer oor die situasie te verkry. Dit is dus juis `n teken dat die kleuter voel dat hy nie in beheer is nie. Die ouer kan aan die kleuter `n gevoel van beheer teruggee deur aan hom keuses en ouderdomstoepaslike verantwoordelikhede te gee. Realistiese verwagtinge moet aan die kleuters gestel word. Volgens Carelse (Effective discipline for headstrong todlers) kom oormatige volwassenheid veral by kleuters voor wat fisies groot gebou is, omdat volwassenes oor die algemeen meer volwasse gedrag van hulle verwag.

**Subtema 3.5 Die moeder se hantering van angstige gehegtheid**

Die respondente se persepsie van angstige gehegtheid is reeds beskryf. (Vergelyk subtema 1.5). Die kleuter klou soms angstig aan sy besittings soos speelgoed, stootwaentjie, kombersie, boekies, ensovoorts vas en weier dat dit vir die baba gebruik mag word. Van die respondente het gemeld dat hulle nie die gedrag verstaan nie en sommiges het selfs die kleuter gestraf vir "jaloerse" gedrag.

**Respondent 5:** *Sy moet maar net leer om te deel. Hoe gouer hoe beter. Ek straf haar as sy so selfsugtig is.*

**Respondent 6:** *Eers het ek gedink hy is baie jaloers en wou hom leer om te deel. Ek het baie sleg begin voel, toe ek besef het hoe hy daaroor moet voel. Hy dink hy is nou nie meer belangrik nie. Ek weet nie hoe om dit beter te maak nie.*

**Respondent 7:** *Ek dink dit is onaanvaarbaar en baie selfsugtig van hom. Ek verstaan dit nie, want hy het mos baie goed. Toe gee ek sy goed aan hom terug en sê dan mag hy ook nie meer ons goed gebruik nie. Dan mag hy nie televisie kyk of op my goed sit nie, want dis myne. Hy moes toe afklim van my kombers af. Dan los ek hom as hy huil, want hy moet maar leer om te deel.*

Angstige gehegtheid word deur Rowe (2007:8) verduidelik as die kleuter se ervaring dat hy sy ouers aan die baba moes afstaan. Verskeie veranderinge in die gesin laat die kleuter onsekerheid ervaar, aangesien hy geen keuse of beheer oor al hierdie veranderinge het nie. Hy ervaar wel `n mate van veiligheid en beheer as gevolg van die bekende besittings wat hy as sy eiendom beskou. Soms word hierdie besittings sonder sy toestemming of enige verduideliking vir die baba gebruik. Hy voel dan dat hy geen beheer het nie en dat hy verwerp word. Weens die kleuter se kognitiewe ontwikkeling toon hy nog geen insig in die behoeftes van die baba nie daarom kan daar nie van hom verwag word om homself in die baba se posisie in te dink nie.

Richardson (2006:93) verduidelik dat kleuters die beste leer uit die moeder se voorbeeld. Daarom beveel sy aan dat die moeder die kleuter leer om te deel en beurte te maak wanneer sy en die kleuter alleen saamspeel. Deur met die moeder te deel en beurte te maak, raak dit vir hom aanvaarbaar en lekker. Die moeder moet die kleuter baie prys wanneer hy iets met haar deel en erkenning gee wanneer dit vir die kleuter moeilik is om te deel of om beurte te maak. Die outeur beveel aan dat die kleuter se vrees en bekommernis om sy besittings te deel, erken en bespreek moet word en nie gespot of geïgnoreer moet word nie. Straf en raas moet sover as moontlik vermy word, omdat die kleuter weens sy ontwikkelingfase dikwels nog nie in staat is om te deel of om van meer gevorderde vorme van spel gebruik te maak nie.

Vanuit die response het die navorser afgelei dat moeders oor die algemeen nie die kleuter se oormatige gehegtheid aan objekte verstaan, reg beoordeel en toepaslik hanteer nie.

Sommige respondente het hierdie gedrag van die kleuter as onaanvaarbaar en baie selfsugtig beskou en die gedrag gestraf. Die navorser skryf die moeders se reaksie op die kleuters se gedrag toe aan `n gebrek aan kennis oor die ontwikkelingsfase, asook die fase van spel waartoe die kleuter in staat is. Kennis behoort die moeder in staat te stel om hierdie probleem op `n realistiese, empatiese en ouderdomstoepaslike wyse te hanteer.

Die volgende respondent kon weens haar agtergrond en kennis, dadelik die kleuter se behoefte agter die gedrag verstaan en hanteer.

**Respondent 3:** *Sy is bang sy verloor iets wat haar eie is. Ek het dadelik besef ek sal versigtig moet wees. Ek het haar gerus gestel dat dit haar kombersie is en het opgestaan en een van die baba se eie kombersies gaan haal. Later het sy self weer die baba met haar kombersie toegegooi en het ek haar baie daaroor geprys.*

Die navorser is van mening dat insig by die moeder as gevolg van haar kennis oor die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme, haar belewenis en hantering van die probleme positief beïnvloed.

Vanuit die bespreking van hierdie tema het die navorser bewus geword dat die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme (soos beskryf in tema 1), asook die moeder se belewenis (soos beskryf in tema 2), `n invloed op haar hantering van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van die baba het. Dit het ook geblyk dat die moeder se kennis en insig rakende die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme, dit vir die moeder moontlik maak om probleme op `n realistiese en ouderdomstoepaslike manier te hanteer. Moeders verbaliseer onsekerheid in hul rol as moeder en stel soms nie ouderdomstoepaslike verwagtinge aan die kleuter nie. Sommige moeders is geneig om op die gedrag van die kleuter te reageer en nie die behoeftes van die kleuter agter die gedrag te verstaan en aan te spreek nie. Die moeder se reaksie op die kleuter se gedrag, kan die gedrag versterk of laat verdwyn. Dit is belangrik dat die kleuter se emosies erken en bekragtig word en dat die kleuter toepaslike wyses aanleer om hul emosies uit te druk en hul behoeftes bekend te maak. Spesiale tyd, alleen met die kleuter, sal hom ook verseker van sy moeder se liefde en nabyheid.

## 3.4 Samevatting

Hierdie hoofstuk het die beskrywing van die empiriese ondersoek en navorsingsbevindings ten doel gehad. Ten einde die deursigtigheid van die studie te verseker en om die agtergrond te verskaf, was die omstandighede en prosedure rondom die insameling van data eers beskryf. Tydens die ontleding van die getranskribeerde onderhoude was drie temas met subtemas geïdentifiseer. Die temas was geïdentifiseer uit die response van die respondente. Die data uit die empiriese studie was weergegee in die vorm van aanhalings uit die transkripsies wat met literatuur gekontroleer was. Die resultate van die ondersoek het gelei tot `n beskrywing van die belewenis van die moeder rondom die aanpassingsprobleme by die kleuter na die geboorte van `n baba. Daar was baie ooreenkomste tussen die respondente se belewenisse, maar die uniekheid van elke respondent en haar situasie het telkens opgeval. Die navorser is van mening dat die lees van die beskrywing van die moeder se belewenis en hantering tot insig en begrip vir die aanpassingsprobleme by die kleuter kan lei, wat van hulp tydens terapie aan die moeder en die kleuter kan wees. `n Samevatting asook gevolgtrekkings en aanbevelings sal in hoofstuk vier beskryf word.

## HOOFSTUK 4

# 4 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

## 4.1 Inleiding

Hoofstuk drie het ten doel gehad om die resultate van die studie weer te gee, te analiseer en met toepaslike literatuur te kontroleer. Persepsies, belewenisse en hanteringswyses van die respondente, aangaande die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba, is geïdentifiseer en onder temas en subtemas gegroepeer en bespreek. In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die bereiking van die doelstelling en doelwitte van die studie. Daarna sal gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van die empiriese data gemaak word. Leemtes in die studie, asook moontlike temas vir verdere navorsing sal voorgehou word.

## 4.2 Navorsingsvraag, doelstelling en doelwitte

Vervolgens sal die navorsingsvraag, doelstelling en doelwitte wat in hoofstuk een van die studie gestel was, oorsigtelik beskou en geëvalueer word. Dit is belangrik om vas te stel of die navorsingsvraag beantwoord is, aangesien dit verband hou met die bereiking van die doel van die studie. Die navorsingsprobleem vir hierdie studie was die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba. Hierdie kwalitatiewe studie was gerig deur die navorsingsvraag wat soos volg geformuleer was: ***Wat is die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba?***

Ten einde hierdie navorsingsvraag sinvol te kon beantwoord, is `n doelstelling vir hierdie studie gestel. ***Die doelstelling van hierdie studie was om die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba te verken en te beskryf.*** Hierdie doelstelling is bereik deur die uitvoering van die onderskeie doelwitte wat gestel was en wat vervolgens geëvalueer sal word.

- Om `n teoretiese verkenning van die literatuur te doen ten einde die aspekte in die ontwikkelingsfase van die kleuter wat aanleiding kan gee tot die aanpassingsprobleme, die manifestasie van die aanpassingsprobleme by die kleuter, asook die moeder se belewenis, te ondersoek en te beskryf.

*Hierdie doelwit is in hoofstuk twee bereik. Dit het as konseptuele raamwerk gedien waarin hierdie inligting verskaf en die agtergrond geskets is van wat die navorser in die studie wou ondersoek. Hierdie inligting is ook gebruik om `n skedule saam te stel vir die semi-gestruktureerde onderhoude. Die navorser is van mening dat literatuur oor die moeder se belewenis onvoldoende is en dat daar `n leemte bestaan wat verder nagevors kan word.*

- Om gesprekke met kundiges, wat gereeld in kontak met ouers van kleuters is, te voer ten einde vas te stel of ouers hulle geraadpleeg het oor hul belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba.

*Hierdeur wou die navorser vasstel of dit ook deur kundiges as `n probleem beskou word. Die kundiges was almal bewus van die ouers se behoefte aan leiding in hierdie verband en was almal al deur ouers hieroor geraadpleeg. Hierdeur het die navorser dus bevestig dat daar `n behoefte in die verband by moeders bestaan.*

- Om semi-gestruktureerde onderhoude met moeders te voer ten einde hul belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba te kan bepaal.

*Semi-gestruktureerde onderhoude is met nege moeders gevoer. `n Skedule het as hulpmiddel tydens die onderhoude gedien ten einde te verseker dat al die inligting ingewin word. Aanhalings uit die getranskribeerde onderhoude is in hoofstuk drie weergegee.*

- Om temas en subtemas uit die semi-gestruktureerde onderhoude te identifiseer.

*Die volgende temas is uit die getranskribeerde, semi-gestruktureerde onderhoude geïdentifiseer.*

***Tema 1:*** *Die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme.*

***Tema 2:*** *Die moeder se belewenis van die aanpasingsprobleme.*

***Tema 3:*** *Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme.*

- Om die data te analiseer, te kontroleer en te beskryf.

*Die data is geanaliseer en met bestaande literatuur gekontroleer en in hoofstuk drie beskryf. Vanuit die empiriese data is verskeie aspekte rondom die moeder se belewenis geïdentifiseer en met bestaande literatuur in verband gebring.*

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak wat van waarde kan wees tydens ouerleiding.

*Gevolgtrekkings en aanbevelings wat van waarde kan wees is tydens hierdie hoofstuk gemaak.*

Uit die voorafgaande hersiening van die doelstelling en doelwitte is dit duidelik dat die doelstelling en doelwitte bereik is. Vervolgens sal aandag geskenk word aan die gevolgtrekkings wat na afloop van die empiriese studie gemaak is.

## 4.3 Gevolgtrekkings

Hierdie gevolgtrekkings berus op die literatuurstudie, sowel as die empiriese ondersoek. Die gevolgtrekkings is slegs van toepassing op die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het en kan dus nie veralgemeen word nie. Gevolgtrekkings sal vervolgens ten opsigte van elke tema wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, gemaak word.

### 4.3.1 Tema 1 : Die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme

- Elke moeder se situasie, asook persepsie van die situasie is uniek. Daarom is elke moeder se beskrywing, belewenis en hantering van die aanpassingsprobleme uniek. Die betekenis wat die moeder heg aan die aanpassingsprobleme van die kleuter op grond van haar kennis bepaal haar belewenis en hantering daarvan.
- Die volgende aanpassingsprobleme is deur die meeste respondente geïdentifiseer, naamlik: aggressiewe gedrag, regressiewe gedrag, aandagsoekende gedrag, oormatige volwassenheid en angstige gehegtheid aan objekte.
- `n Wan-persepsie bestaan by sommige respondente dat die aanpassingsprobleme op bewuste vlak voorkom en deur die kleuter gebruik word om die moeder te manipuleer.

- Aggressie as aanpassingsprobleem kom by die kleuter voor, maar word nie noodwendig teen die baba gerig nie. Dit kan teen die moeder, ander belangrike persone in sy lewe, `n troeteldier of objekte gerig word. Moeders het `n persepsie dat die aggressie van die kleuter onaanvaarbaar is en gestraf behoort te word.
- Die aanpassingsprobleme ontwikkel soms eers later of kan toeneem, wanneer die baba begin om in die kleuter se ruimte in te beweeg soos wanneer die baba begin kruip of loop. Dit veroorsaak dat sommige respondente die persepsie het dat aanpassingsprobleme erger raak en nie net tydelik van aard is nie.
- Sommige moeders se persepsie van die aanpassingsprobleme dui op onkunde wat daartoe lei dat ouers die kleuter straf sonder om die oorsaak van gedrag vas te stel en te hanteer.
- Sommige moeders ervaar wel dat die kleuter van aanpassingsprobleme gebruik maak ten einde sy behoeftes te kommunikeer.

### 4.3.2 Tema 2: Die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme

- Die moeder se emosionele belewenis van die aanpassingsprobleme gee `n aanduiding van haar persepsie van die probleme. Teenstrydige of ambivalente emosies word soms deur die moeder ervaar in reaksie op die aanpassingsprobleme by die kleuter.
- Die moeder se belewenis word beïnvloed deur haar kennis en begrip vir die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme wat by die kleuter na die geboorte van `n baba kan voorkom. Kennis maak dit vir die moeder moontlik om die probleme op `n empatiese, realistiese en ouderdomstoepaslike wyse te beoordeel en te hanteer.
- Sommige moeders ervaar aanpassingsprobleme by die kleuter as `n refleksie op haarself of haar rol as moeder. Sy is gevolglik bang vir wat die mense oor haar sal sê. Innerlike konflik by die moeder lei daartoe dat die moeder onseker is en soms skuldgevoelens ervaar of beleef dat sy nie `n goeie moeder is nie. Skuldgevoelens is teenproduktief en die moeder se eie ervaring as kind hou gewoonlik verband met skuldgevoelens.

- Die moeder se belewenis van haar eie kinderdae speel `n bepalende rol in haar emosionele belewenis, hantering van die aanpassingsprobleme van die kleuter, asook die opvoeding en verhouding met haar eie kinders.
- `n Behoefte aan positiewe terugvoer oor hul rol as moeder bestaan. Moeders het `n behoefte om te weet hoe hul as moeders vaar. Hulle beleef dit negatief dat hul geen erkenning kry vir wat hul doen nie.
- Moeders wat by kleuters betrokke is, beleef oor die algemeen `n behoefte aan ondersteuning. Hier is die vader se betrokkenheid en ondersteuning aan die moeder onontbeerlik. Sy betrokkenheid het `n positiewe invloed op die moeder se gemoedstoestand en die hantering van die aanpassingsprobleme van die kleuter.
- Die meeste respondente het hul mans se ondersteuning as onontbeerlik uitgesonder. Die vaders is op verskeie wyses betrokke by die kinders en neem mede-verantwoordelikheid ten opsigte van verskeie take in die huis. Dit wil voorkom asof die rol van die vader baie verander het gedurende die laaste dekade.
- Die meeste respondente verbaliseer `n behoefte aan ander ondersteuningssisteme soos iemand wat na hulle siek kinders kan omsien wanneer hulle moet werk, asook `n persoon wat na hulle probleme kan luister, en hulle van raad kan bedien.
- Sommige moeders reageer onmiddellik op hul gevoelens sodra hulle verlies aan beheer ervaar. `n Gebrek aan impulsbeheer word waargeneem en regressiewe gedrag kom by die moeder voor waar sy soos `n kleuter op haar emosies reageer.
- Indien die aanpassingsprobleme by die kleuter, na die geboorte van die baba negatief beleef word deur die moeder kan dit tot konfrontasie met die kleuter lei.
- Die meeste moeders verbaliseer dat hul oorweldig voel deur al die eise wat daar aan hul as moeders gestel word. Dit het `n negatiewe effek op die moeder se belewenis en hantering van die aanpassingsprobleme van die kleuter.
- Die moeder vind dit moeilik om probleemoplossend te dink wanneer sy oorweldig, magteloos en onseker voel. Sy raak ook dan bekommerd dat die probleme permanent van aard is en dat dit vererger.
- Die moeders ervaar verliese as gevolg van die geboorte van die baba en die aanpassingsprobleme van die kleuter. Verlies aan slaap, onafhanklikheid, vryheid,

volwasse geselskap, tyd, stimulasie, finansiële sekuriteit en beheer word ervaar. Hierdie verliese het `n invloed op haar emosionele belewenis.

- Sommige moeder beleef verwerping indien die kleuter gedrag openbaar wat vir haar onaanvaarbaar is. Sy reageer soms deur hom ook te verwerp.
- Verskeie faktore kan die moeder se belewenis beïnvloed soos, die gesondheid van die baba en die moeder, emosionele volwassenheid van die moeder, die verhouding tussen haar en die kleuter, haar belewenis van haar onderskeie rolle, haar eie kinderdae, die mate waartoe haar eie behoeftes bevredig word, asook die mate van ondersteuning wat sy verkry.
- Die moeder se belewenis en hantering van die aanpassingsprobleme het `n invloed op die atmosfeer in die gesin. Haar belewenis kan dus die hele gesin negatief raak.
- Die moeder is soms geneig om die kleuter of ander te blameer vir haar gedagtes en emosies terwyl dit haar interpretasie van die situasie is wat tot haar emosionele belewenis aanleiding gee.
- Die rol as mede-broodwinner stel baie eise aan die moeder, wat haar tyd saam met die kleuter beperk. Aanpassingsprobleme van sommige van die kleuters het toegeneem met die moeder se terugkeer na haar werk. Respondente beleef gevolglik magteloosheid, opstandigheid, skuldgevoelens en spanning as gevolg van hul werk.
- Die meeste respondente sou graag meer tyd by hul kinders wou deurbring maar weens hoë lewenskoste kan hul dit nie doen nie. Hulle spandeer gevolglik al hul vrye tyd aan die gesin en ruim nie spesiale tyd vir hulself in nie.
- Daar bestaan `n neiging by moeders om hulle eie behoeftes te onderdruk en op te offer. Van die moeders voel in twee geskeur tussen hul eie behoeftes en die behoeftes van hul kinders. Hulle beleef gevolglik frustrasie oor hul eie behoeftes.
- Die aanpassingsprobleme van die kleuter met die geboorte van `n baba beïnvloed die emosionele belewenisse van die moeder. Emosies soos woede, frustrasie, bekommernis, magteloosheid, skuldgevoelens, onsekerheid, jammerte, verwerping, asook geluk en tevredenheid, is geïdentifiseer.

### 4.3.3 Tema 3: Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme

- Die moeder se persepsie van die aanpassingsprobleme het `n invloed op haar belewenis van die aanpassingsprobleme wat weer haar hantering van die aanpassingsprobleme sal bepaal.
- Die kleuter se positiewe sowel as negatiewe gedrag word deur die gevolge daarvan in stand gehou en aangemoedig. Aangesien die moeder gewoonlik die persoon is wat op sy gedrag reageer bepaal haar reaksie die gevolg en dus ook sy gedrag.
- Die moeder se hantering van die aanpassingsprobleme kan die mate van aanpassing, asook tydsduur van die aanpassing by die kleuter bepaal. Die verhouding tussen haar en die kleuter word ook direk deur haar hantering van die probleme beïnvloed.
- Die kleuter se aanpassing hou verband met die ondersteuning wat hy van sy moeder en die ander belangrike persone in sy lewe verkry, wat opreg omgee en hom help om sin uit die veranderinge in sy lewe te maak. Die moeder speel `n belangrike rol tydens die aanpassing en daarom behoort sy betrokke te wees wanneer terapie aan die kleuter benodig word. Sy behoort leiding te ontvang in die hantering van die aanpassingsprobleme van die kleuter.
- Aggressie kom algemeen voor by kleuters en neem toe na die geboorte van `n baba. Daar bestaan `n verband tussen die kleuter se aggressie en die konflik tussen hom en sy ouers as gevolg van die aanpassingsprobleme. Die ouers se hantering van die aggressie kan dit laat toeneem.
- Die kleuter se aggressie word deur sommige moeders as onaanvaarbaar gestempel en die kleuter word as gevolg daarvan gestraf. Ten spyte van die feit dat daar ervaar word dat straf die kleuter meer aggressief maak, word straf steeds deur die moeders gebruik in die hantering van aggressie.
- Die moeder se foutiewe persepsies aangaande regressiewe gedrag lei tot die foutiewe hantering daarvan. Regressie word as bewustelike manipulerende gedrag gesien en hanteer, terwyl die kleuter nie werklik beheer oor die gedrag het nie. Die boodskap wat die kleuter probeer kommunikeer, of trauma wat manifesteer,

word dan misgekyk. Die moeder se straf op die regressiewe gedrag kan die kleuter se emosionele welsyn in gedrang bring.

- Die kleuter maak van aanvaarbare sowel as onaanvaarbare gedrag gebruik om die moeder se aandag op homself te vestig. Negatiewe aandag van die moeder word verkies bo geen aandag. Die moeders ignoreer soms positiewe gedrag maar reageer onmiddellik op onaanvaarbare gedrag en versterk sodoende negatiewe gedrag, omdat dit onmiddellike reaksie van die moeder verseker.
- Ouerlike aandag motiveer en versterk `n kleuter se gedrag. Daarom is dit belangrik dat ouers, die kleuter moet help om gesonde maniere aan te leer om voorspelbare positiewe ouerlike aandag te bekom om sy behoeftes te bevredig.
- Indien die kleuter se behoefte aan aandag geïgnoreer word, kan dit deur die kleuter as verwerping beleef word. Die kleuter kan onbelangrik voel en selfbeeldprobleme en introjekte kan as gevolg hiervan ontwikkel.
- Verskeie moeders toon nie insig in die kleuter se aanpassingsprobleme nie en daarom word die probleme ontoepaslik beoordeel en hanteer. `n Gebrek aan kennis oor die ontwikkelingsfase van die kleuter, die aanpassingsprobleme, asook die fases van spel waartoe die kleuter in staat is maak dit vir die moeder onmoontlik om die probleme empaties te hanteer.

Van uit die gevolgtrekkings sal daar nou aanbevelings gemaak word.

## 4.4 Aanbevelings

Die belangrikste aanbevelings wat uit hierdie studie voortvloei, sal vervolgens beskryf word. Die navorser sal fokus op wat gedoen kan word om die moeder se belewenis meer positief te maak. Aanbevelings ten opsigte van moontlike verdere navorsing sal kursief aangedui word.

- Die moeder behoort van inligting rondom die ontwikkelingsfase, asook die aanpassingsprobleme van die kleuter voorsien te word. *Verdere navorsing oor die moeder se kennis en watter inligting benodig word kan van waarde wees.*

- Indien die kleuter vir terapie inskakel word dit aanbeveel dat die moeder by ouerleiding inskakel. *Navorsing ten einde `n handleiding vir terapeute saam te stel vir gebruik tydens terapie aan kleuters en hul moeders kan van waarde wees.*
- Die moeder se onverwerkte gevoelens uit haar kinderdae behoort tydens terapie aangespreek te word, aangesien dit haar belewenis en funksionering as moeder beïnvloed.
- Die moeder moet gehelp word om emosies in haarself en in die kleuter te herken, te verstaan, te beheer en om emosies te kan kommunikeer. Sy moet empatie ontwikkel vir die kleuter se emosies en die kleuter se emosies bekragtig. So sal die moeder die kleuter kan ondersteun om sy emosies op `n aanvaarbare manier tot uitdrukking te bring. *Die emosionele intelligensie van die moeder en hoe sy gehelp kan word om emosioneel intelligente kleuters groot te maak kan as tema dien vir verdere navorsing.*
- Die terapeut kan die moeder bemagtig deur alternatiewe te vind vir foutiewe en teenproduktiewe denke en om probleemoplossend te begin dink. Sy moet gelei word om die verband tussen denke, emosies en gedrag verstaan.
- Die vader behoort ook by ouerleiding betrek te word aangesien hy ook betrokke is by die opvoeding van die kleuter . *Navorsing oor die belewenis by die vader ten opsigte van sy rol kan van waarde wees, aangesien dit blyk dat die vader se rol in die gesin aansienlik verander het. Navorsing oor die veranderende rol van die vader kan sinvol wees.*
- Die gesin se roetine en rolle behoort sover as moontlik onveranderd te bly na die geboorte van die baba ten einde die aanpassing vir die kleuter te vergemaklik. Die moeder moet ook gereeld, alleen tyd met die kleuter deurbring om hul verhouding te versterk en aandagsoekendegedrag te voorkom. *Daar bestaan `n behoefte by die moeder aan riglyne wat die voorkomming en hantering van aanpassingsprobleme by die kleuter kan aanspreek.*
- Die gesin moenie geïsoleerd wees nie en behoort reeds voor die geboorte van die baba hul ondersteuningsnetwerk uit te brei. Die moeder moet betrokke bly by vriendinne of aansluit by groepe of verenigings, waar haar selfwaarde versterk kan word; sy haar belewenisse met ander kan deel; en waar sy ondersteuning,

positiewe terugvoer, asook leiding kan ontvang. *Die rol wat die kleuterskool kan speel in die leiding en ondersteuning aan moeders kan `n waardevolle studie wees.*

- Werkgewers behoort sensitief te wees vir die moeder se behoeftes en probleme en meer begrip en ondersteuning aan die moeder bied. *Verdere navorsing oor die werkgewer se houding en gesindheid teenoor die moeder van jong kinders en die invloed daarvan op die moeder se belewenis kan van waarde wees.*
- Dit is belangrik dat die moeder sal omsien na haar eie behoeftes. Sy moet goed wees vir haarself sodat sy goed kan wees vir haar gesin. *Navorsing oor die moeder se belewenis en vervulling van haar eie behoeftes en die invloed daarvan op haar rol as moeder kan sinvol wees.*

Die navorser het tydens die studie leemtes in die studie geïdentifiseer wat vervolgens bespreek sal word.

## 4.5 Leemtes in die studie

Die belangrikste bydrae wat die navorser met hierdie studie wil maak is om terapeute bewus te maak dat moeders hulp en leiding nodig het om die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba te hanteer. Dit was egter `n studie van beperkte omvang en daar bestaan uit die aard van die beperkings sekere leemtes in die studie. Die leemtes in die studie sal vervolgens uitgewys word en aanbevelings ten opsigte van die leemtes sal kursief aangetoon word.

- Die steekproef was beperk tot Afrikaanssprekende blanke moeders wat by een kleuterskool gewerf was. Dit was dus nie verteenwoordigend van alle bevolkingsgroepe en sosio-ekonomiese omstandighede nie. Gevolglik kan die bevindings nie veralgemeen word nie. Dit was egter `n studie van beperkte omvang. *`n Uitgebreide studie kan egter hierdie leemte aanspreek en word aanbeveel.*

- Al die moeders behalwe een het beroepsarbeid verrig. Belewenisse van werkende- en voltydse moeders kan verskil aangesien daar nie dieselfde eise aan hulle gestel word nie. *`n Vergelykende studie ten opsigte van die aanpassingsprobleme van die kleuter, kan van waarde wees.*
- Uit die literatuur, asook die empiriese studie het dit duidelik geword dat aanpassingsprobleme op verskeie stadiums na vore kan tree of kan vererger. Die respondente se babas was nie ewe oud nie en dus was die gesinne in verskillende fases van aanpassing. *Dit kan dus van waarde wees om voor die geboorte van die baba met die studie te begin en dan met gereelde intervalle onderhoude met die respondente te voer ten einde `n deurlopende beeld te verkry en verskillende fases met mekaar te kan vergelyk.*
- Die moeders kon baat gevind het by `n fokusgroep, aangesien hulle mekaar kon leer ken en kon beleef dat ander dieselfde bekommernisse, vermoeienis en probleme as hulle het. Hulle kon na die fokusgroep `n ondersteuningsnetwerk vir mekaar gevorm het. Die navorser is egter van mening dat respondente moontlik nie al die waardevolle inligting tydens `n fokusgroep bekend sou gemaak het nie. *Dit kan dus van waarde wees om dieselfde ouers ook by `n fokusgroep te betrek en waar te neem in hoe `n mate hul bereid is om persoonlike inligting in `n groep te deel en of hulle wel `n ondersteuningsnetwerk vir mekaar sal vorm na die studie voltooi is. Hierdie inligting kan van waarde wees vir toekomstige studies.*

## 4.6 Samevatting

Hierdie hoofstuk het as `n samevatting van die studie gedien. Die doelstelling van die studie is bereik deur die uitvoering van die onderskeie doelwitte. Daar is uit die literatuur, sowel as die empiriese studie gevolgtrekkings gemaak. Aanbevelings ten opsigte van hulp aan die moeder, asook verdere navorsing en die leemtes in die studie is gemaak.

Daar kan oor die algemeen merkbare veranderings in kleuters se gedrag, emosies en verhoudings na die geboorte van `n baba waargeneem word. Die moeder het soms `n

foutiewe persepsie van die aanpassingsprobleme, wat haar belewenis, asook hantering van die aanpassingsprobleme negatief beïnvloed. Die moeder se gebrek aan kennis oor die ontwikkelingsfase van die kleuter, asook die aanpassingsprobleme, kan aanleiding gee tot hierdie foutiewe persepsie. Onkunde lei daartoe dat die boodskap wat die kleuter probeer kommunikeer, en trauma wat manifesteer, misgekyk word en dat die kleuter se behoeftes nie bevredig word nie. Straf op die aanpassingsprobleme, bring sy emosionele welsyn en selfbeeld ontwikkeling in gedrang en laat die kleuter beleef dat hy verwerp word en dat hy nie meer belangrik is nie. Selfblamering, skuldgevoelens en introjekte kan by die kleuter ontstaan en hy leer om van verdedigingsmegsnismes gebruik te maak en sy emosies te onderdruk, om homself te beskerm.

Die belangrikste bydrae wat die navorser met hierdie studie wou maak is om terapeute bewus te maak dat moeders hulp en leiding nodig het om die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba te hanteer. Die moeder se gebrek aan kennis, asook haar belewenis van haar eie kinderdae, kan haar funksionering as moeder belemmer en die kleuter se aanpassing negatief raak. Daarom behoort dit tydens terapie aangespreek te word. Die navorser hoop dat die resultaat van hierdie studie van waarde sal wees vir terapeute, sodat hul moeders kan bemagtig om kleuters empaties en ouderdomstoepaslik deur hierdie aanpassingsperiode te begelei.

## BIBLIOGRAFIE

Akhtar, S. & Kramer, S. 1999. *Brothers and Sisters Developmental, Dynamic, and Technical Aspects of the Sibling Relationship.* Londen: Jasson Aronson INC.

Almaas, A.H. 2006. *Simbiosis- Symbiotic phase- Relationship.* Beskibaar: www.ahalmaas.com/glossary/s/symbiosis. [2008, 8Sept]

Arkava, M.L.,Lane, T.A.1983. *Beginning social work research*. Boston: Allyn & Bacon.

Ariganjoye, R., Daigneault, R. 2007. *Early Childhood Development.* Beskikbaar: http://yourtotalhealth.ivillage.com/early-childhood-development.print.html.[2008,3April]

Babbie, E. 2002. *The basics of social research.* 2de Uitgawe. Australië: Wadsworth/ Thomson Learning.

Basson. H. 2001. *Die belewinge van die adolessent in die enkelouergesin as gevolg van egskeiding.* MA- tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Bee, H.1999. *The growing Child. An Applied Approach.* 2de uitgawe. New York: Longman.

Bekker, G. 2003.*`n Spelterapeutiese program vir die emosioneel beseerde Pre-Adolessent: `n Gestalt benadering*. Doktorale-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Berk, L.E.1996. *Infants, Children and Adolescents.* USA: Allyn & Bacon.

Berk, L.E.1994. *Child Development*. USA: Allyn & Bacon.

Birns, B. en Hay, D.F. 1988. *The different Faces of Motherhood.* New York: Plenum Press.

Blom, R. 2006. *Terapeutiese begeleiding van jong kinders. `n Christelike perspektief.* www.gksa.co.za/Kerkblad/januarie2006 p22-26 Beskikbaar [2008, 22 Oktober]

Boer, F. en Dunn, J. 1992. C*hildren's Sibling Relationships: Developmental and Clinical Issues.* London: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

Booysen, M.I. 1993. *Die identifisering van stres by die kleuter*. Doktorale-Tesis. Pretoria: Universiteit Van Suid Afrika.

Botha, D.M., Van Ede, A.E., Louw, A.E., Louw, D.A. & Ferns, I. 2003. *Die Kleutertydperk.* In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. Menslike Ontwikkeling. 3de Uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. 237 - 322

Bouma, G.D. en Ling, R. 2006. *The Researce Process. 5de Uitgawe. Australië: Oxford University Press.*

Boyse, K. 2007. *New Baby Sibling- University of Michigan.* Beskikbaar: http://www.med.umich.edu/1libr/yourchild/newbaby.htm [ 2007, 12 Desember]

Briesmeister, M.J., Schaefer, C. 2007. *Handbook of Training: helping parents prevent and solve problem behaviour in children, developmental issues*. London:
Guildford Press.

Campbell, S. B. 1990. *Behavior Problems in Preschool Children. Clinical and developmental issues.* London , New York: The Guilford Press.

Carelse, M. *Effective discipline for headstrong todlers. www.remedies4.com Beskikbaar [2008, 7 November]*

Chafin, S. 2008 *Helping Siblings Cope with the birth of Twins. Brothers and sisters of twins.* Beskikbaar:
http://multiples.about.com/od/familyissues/a/siblingtwin_2.htm [2008, 12 Sept]

Charlesworth, R. 2008. *Understanding Child Development.* 7de Uitgawe. USA: Thomson Delmar Learning.

Chandler, L.A. 1985. *Children Under Stress: Understanding Emotional Adjustment Reactions.* 2de Uitgawe. USA: Charles C Thomas Publishers.

Cicirelli, V.G. 1995. *Sibling relationship across the Life span.* London: Plenum Press.

Deblinger, E. & Heflin, A.H. 1996. *Treating sexually abused children and their nonoffending parents.* London: Sage.

De Jager, C.E. 1998. *Die Leefwêreld van die Substituut-ouer.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2006. *Emosionele Intelligensie vir kinders en tieners. `n Praktiese gids vir ouers en onderwysers.* Kaapstad: Human en Rousseau.

De Vaus, J.E. 1992. *Mothers Growing up. Understanding the heartaches of motherhood*. Australia: Allen & Unwin.

De Villiers, M., Smuts, J. & Eksteen, L.C. 1982. *Nasionale Woordeboek: `n Afrikaanse Woordverklaring.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions. 3*de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 333 - 349

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions. 2*de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

De Vries, R. 2003. *Kleur as hulpmiddel in die uitdrukking van emosie by die vyfjarige kind: `n Gestalt terapeutiese benadering*. MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Douglas, J. 1989. *Behavior problems in young children. Assessment and management*. London and New York: Tavistock/ Routledge

Dunn, J. & Kendrick, C. 1982. *Siblings: Love, Envy & Understanding.* London: Grant McIntyre

Dunn, J. & Kendrick, C. 1981. Social behaviour of young siblings in the family context: differences between same-sex and different-sex dyads. *Child Development*, 52: 1265-1273.

Dunn, J. & Munn, P. 1986. Sibling quarrels and maternal intervention: Individual differences in understanding and aggression. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 27:583-595.

Dunn, J. State of the art Siblings. http://www.thepsychologist.org.uk/archive.home.cfm/volumeID-13-editionID31 articleID72getfile-get PDF/the psychlogist%5 p.244-249 [2008, 6 Februarie].

Du Plooy, J. M. 2007. *Persepsies van ouers aangaande regressiewe gedrag by die kleuter.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Ellis, L. 1994. *Research Methods in the Social Sciences.* USA.: Brown & Benchmark Publishers.

Everingham, C. 1994. *Motherhood and Modernity.* Great Britain: Open University Press.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 267 -273

Fouché, C.B.& De Vos, A.S. 2005. Problem Formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.100 - 110

Fouché, C.B.& De Vos, A.S. 2005. Quantitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.132 - 143

Fouché, C.B.& Delport, C.S.L. 2005. *Introduction to the research process.* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. R*esearch at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.71- 85

Greeff, M. 2005. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions. 3de Uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 286 - 313

Hames, P. Babycentre, UK. *Sibling Rivalry: Why it happens and what to do to about it.* http//www.babycentre.co.uk/toddler/development/socialemotional/siblingrivalry. [2007,12 Februarie]

Hawkins, J.M. 2003. *The South African Oxford School Dictionary*. 6 de Uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press SA.

Howe, N. & Recchia, H. 2006. Sibling Relations and Their Impact on Children's Development. *Centre for Research in Human Development, Concordia University, Canada.* Beskikbaar: www.child-encyclopedia.com [2008, 6 Feb]

Kritzinger, M.S.B., Eksteen, L.C. 2002. *Beknopte Verklarende Woordeboek. 8ste* Uitgawe 3de druk. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Langley, H. Carpenter, M. Brittz, H. 2007. *Ouerskapfokus, uitgawe 1, 2007. Immergroen Ouerskap. Wanneer die wiegie val. Nageboortedepressie.* Beskikbaar www.immergroenouerskap.co.za [2008, 7 September]

Liversage, M. D. E. 2003. *Die Moeder se Perspektief, belewenis en hantering van die Etiket Leergestremd vir haar kind.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Lourens, A. 2004. W*etenskaplike skryfvaardighede. Riglyne vir die skryf van Tesisse en Proefskrifte.* Stellenbosch: Sun Press.

Louw, D. 2006. *Sibbe van kinders met outisme se belewenis van die gesin.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Louw, D.A., Edwards, D.J.A. 1998. *Sielkunde. `n Inleiding vir studente in Suid Afrika.* 2de Uitgawe. Johannesburg: Heinemann.

Louw, D.A., Louw, A.E. & Van Ede, D.M. 2003. Die Neonatale Fase en babajare. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2003. *Menslike Ontwikkeling* 3de Uitgawe. Kaapstad: Kagiso. 151 – 233

Louw, D.A., Van Ede, D.M., Louw, A.E. 2003. *Menslike Ontwikkeling* 3de Uitgawe. Kaapstad: Kagiso.

Louw, M. 2005. *Gestaltspelterapeutiese riglyne om die kind wat angs ervaar vir skooltoetrede voor te berei.* MA-tesis Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Mendelson, M. J. 1990. *Becoming a Brother. A child learns about life, family and self.* London: The MIT Press.

Meyer, J. 2005. *Oorwin jou behoefte om almal tevrede te stel.* Kaapstad: Struik Christelike boeke.

Meyer, W.F. 2003. Basiese Konsepte van die Ontwikkelingsielkunde. In Louw, D.A., Van Ede, D.M.& Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling* 3de Uitgawe. Kaapstad: Kagiso. 3 – 38

Meyer, W. F. & Van Ede, D.M. 2003. Ontwikkelingsteorieë, in Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling.* 3de Uitgawe. Kaapstad: Kagiso 43 – 98

Minnaar, H. J. 2006. *`n Studie van die belewenis van die vrou, wie se man werksverlies ervaar het.* MA- Tesis. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.

Monette, D.R., Sullivan, T.J., De Jong, C.R. 2005. *Applied Social Research. A Tool for the Human Services. Canada:* Thomson Brooks.

Murphy, S.O. 1993. *Siblings and the new baby: Changing perspectives. Journal of Pediatric Nursing,* 8(5) 277 -288.

Myers, R. 1998-2007 Play & Child Development. *Child Development Institute – California. Beskikbaar:* http://childdevelopmentinfo.com [2008, 3 April].

Myers, R. 1998-2007 Forms of Play. *Child Development Institute – California. Beskikbaar:* [http://childdevelopmentinfo.com](http://childdevelopmentinfo.com) [2008, 3 April].

Neuwman, W.L. 2003. *Social research methods: Qualitative and Quantitative approaches,* 5de Uitgawe. Boston: Allyn & Bacon.

Odendaal, F.F., Gouws, R.H. 1994. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Pearson Education.*

Parker, R. 1995. *Torn in two. The Experience of Maternal Ambivalence.* London: Virago Limited.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. V*erklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek.* Johannesburg: Heinemann.

Richardson, A. 2006. *Koester jou kleuter. Verstaan jou kleuter se sensoriese wêreld- die sleutel tot `n gelukkige kind.* Welgemoed: Meltz Press.

Roets, A. 2003. *`n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers om optimale ontwikkeling by kleuters te bevorder.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Rossouw, C. 2003. *Die invloed van Jaloesie tussen kinders in `n gesin op die kind se selfkonsep.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Rowe, D. 2007. *My Dearest Enemy, My Dangerous Friend. Making and breaking sibling bonds.* London: Routledge.

Sanders, R. 2004. *Sibling relationships. Theory and Issues for Practice.* New York: Palgrave Macmillan.

Sawicki,J.A. *Sibling rivalry and the new baby: anticipatory guidance and management strategies.* University of Liverpool. Pediatric Nursing May–June, 1997. http://www.findarticles.com/p/articales/mi mOFSZ/is n3 [2007, 11Des.]

Schoeman, D.E. 2007. *Ouers se belewing van die invloed van `n serebraal gestremde kind op die huweliksverhouding.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Schoeman, J.P. 2005: *Spelterapie: Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind.* Ongepubliseerde kursushandleiding. Wellington: Hugenote Kollege.

Shaffer, D.R. 2005. *Social and Personality Development.* 5de Uitgawe. USA: Thomson Wadsworth.

Spagnola, M. & Fiese, B.H. 2007. Family Routines and Rituals: a Context for Development in the Lives of Young Children. *Infants & Young Children. 20(4):284-299.* Beskikbaar:http://iycjournal.com/pt/re/iyc/abstract.[2008,25 Maart]

Stewart, L.H. 1992. *Changemakers. A Jungian Perspective on sibling position and the family Atmosphere.* London: Routledge.

Stewart, R.B. 1990. *The Second Child. Family Transition and Adjustment*. London: Sage

Strydom, H. 2005. *Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions.* In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 56 -70

Strydom, H. 2005. The pilot study. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 205 – 215

Strydom, H. & Venter, L. 2002. *Sampling and sampling methods*. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions. 2*de uitgawe. Pretoria. Van Schaik.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2002. Sampling and pilot study in qualitative reseach. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions. 2*de uitgawe. Pretoria. Van Schaik.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2005. *Sampling and pilot study in qualitative research*. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 327 -332

Strydom, H. 2005. *Sampling and sampling methods*. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 192 -204

Swanepoel, G. 2004. *Voorbereiding van die Pre-Premêre kind op Hospitalisasie.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van Niekerk, K. 2000. *`n Retrospeksie op onderbewustelike skuldgevoelens se dinamiese verloop van kindwees tot volwassenheid.* Doktorale Tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Van Wyk, M.E. 2004. *Belewenis van die Moeders van ATHV-Leerders.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Venter, B.H. 2003. *`n Ondersoek na die behoeftes aan ouerleiding by moeders van kleuters in die Frankfort -Landdrosdistrik*. MA- tesis. Pretoria. Universiteit van Pretoria.

Volling, L. B. 2005. The Transition to Siblinghood: A Developmental Ecological systems Perspective and Direction for Future Research. *Journal of Family Psychology*.2005.Vol.19,No4.542-549Beskikbaar:
http://www.sitemaker,umich.edu/volling/files/5 JFP.pdf. [2008. 6 Februarie].

Vosloo, S.E. 2002. Rolkonflik in die organisasie-konteks met spesiale verwysing na die werkende moeder. *Sabinet* Volume 26, Issue 2. 42-65. Beskikbaar:
www.sabinet.co.za/abstracts/labour_v26_n2_a3.xml [2008.9 September]

Walsh, M. 2001. *Research Made Real. A Guide for Students*. Cheltenham UK: Nelson Thornes Ltd

Wilson, L. 2006. *Riglyne vir die hantering van die seksuele misbruikte kind in die middelkinderjare.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Zaayman, H.J. 2002. *Persoonlike belewenisse van die Leergeremde Kind binne die gesin.* MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

**ADDENDUM 1**

**Inligtings brief**

Hester Joubert
Reg no: 10-09294
Sel: 083 653 1076
12 Augustus 2008

Geagte Ouers

Ek is `n geregistreerde Maatskaplike Werker wat vir tien jaar as `n onderwyseres by Kleutergenot gewerk het. Tans is ek besig met nagraadse studies in Spelterapie (MDiac) deur die Hugenote Kollege in samewerking met UNISA.

Ek beplan om navorsing oor die moeder se belewenis van aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba te doen. Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat 93% van alle kleuters aanpassingsprobleme ondervind na die geboorte van `n baba. Moeders van kleuters wat vanaf September 2007 tot Augustus 2008 `n baba gehad word benodig vir die studie. `n Gesprek sal met die moeders gevoer word waar tydens die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba, asook die moeder se belewenis daarvan bespreek sal word. Geen aanpassingsprobleme hoef teenwoordig te wees om deel te kan wees van die studie nie. Vanuit die inligting wat ingewin word sal aanbevelings gemaak word, wat van waarde kan wees in ouerleiding en terapie aan kleuters en hul moeders.

Geliewe asseblief die aangeheg stuk te lees, die vorm te voltooi en na die skool terug te stuur. U betrokkenheid by die studie sal van onskatbare waarde wees en sal hoog op prys gestel word.

Kontak my gerus indien u enige navrae het.

Geteken: Hester Joubert

**ADDENDUM 2**

**Ingeligte toestemming**

Naam van navorser: Hester Joubert (Maatskaplike Werker)
Kontak besonderhede: Sel: 083 653 1076

Studie rigting: MDiac Spelterapie
Hugenote Kollege. In samewerking met UNISA

Naam van respondent:__________________________________________
Adres: ____________________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________
Tel no.__________________________ Sel no.________________________
Ouderdom van respondent:_______________________________________
Hoogste kwalifikasie:____________________________________________
____________________________________________________________
Huidige beroep:________________________________________________
Geslag van kleuter:__________Ouderdom van kleuter:__________________
Geslag van baba:___________Geboorte datum van baba:_______________

Neem asb. kennis van die volgende

1. **Titel van die studie**

*Die moeder se belewenis van die aanpassingsprobleme van die kleuter na die geboorte van `n baba.*

2. **Doel van die studie**

Om die probleem te verken en insig en begrip in die moeder se belewenis rondom die aanpassingsprobleme van die kleuter te ontwikkel ten einde `n bydrae te kan lewer om terapeutiese dienslewering aan moeders en kleuters te kan verbeter.

3. **Navorsingsprosedure**

Daar sal `n gesprek met die moeder gevoer word op `n datum, tyd en plek wat vir haar geskik sal wees. Die duur van die gesprek sal tussen 30 tot 45 min wees.

**4. Risiko's en ongemak**

Daar bestaan geen ooglopende risiko's of ongemak waaraan u blootgestel sal word nie. Die navorser sal alles moontlik doen om u te ondersteun en die moontlikheid van leed of risiko's uit te skakel.

**5. Die betroubaarheid en bekwaamheid van die navorser**

Die navorser werk onder leiding van Dr. Munita Dunn. Sy tree as studieleier op en is benoem deur die Sentrum vir Spelterapie en Opleiding, verbonde aan Hugenote Kollege in Wellington. Sy sal dus omsien na die navorser se bevoegdheid en aksies.

**6. Voordele**

Die betrokkenheid by die studie hou geen persoonlike voordeel vir u in nie, maar kan `n bydrae maak in toekomstige dienslewering aan ander moeders en kleuters wat aanpassingsprobleme ondervind.

**7. Regte van die respondent**

Die respondent is bewus dat sy enige tyd aan die studie mag onttrek en onder geen verpligting staan om deel te neem nie.

**8. Vertroulikheid**

Vertroulikheid van inligting sal te alle tye gehandhaaf word en die privaatheid van respondente sal te alle tye gerespekteer word. Bespreking van inligting met die studieleier asook verwysing daarna in die navorsingsverslag sal anoniem hanteer word. Geen name sal bekend gemaak word nie. Informasie sal vir geen ander doel as vir die navorsing ingewin of bekend gemaak word nie.

**9. Video opname**

Aangesien die navorser nie op haar geheue alleen kan staat maak nie sal daar `n video opname van die gesprek gemaak word, ten einde te verseker dat alle belangrike inligting vasgelê word. Die video materiaal sal slegs deur die navorser hanteer word en sal toegesluit wees, sodat niemand anders daarna sal kyk nie.

**Ek is bewus en verstaan**

- my regte as respondent en gee vrywillig my toestemming tot deelname aan die navorsing.
- wat die ondersoek behels en waarom die studie uitgevoer word.
- dat die gesprek op video opgeneem sal word, en dat alle inligting streng vertroulik hanteer sal word.
- dat inligting anoniem in die verslag vervat sal word.
- dat ek geen persoonlike voordeel uit deelname sal trek nie maar dat ek ook nie leed a.g.v. die studie sal ervaar nie.

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ____________________ |
| **Handtekening van respondent** | **Datum** |
| ______________________________ | ____________________ |
| **Handtekening van navorser** | **Datum** |

## ADDENDUM 3

**Skedule vir die semi-gestruktureerde onderhoud**

- Vertel vir my hoe julle die kleuter voorberei het op die koms van die baba?
- Watter aanpassings in die gesin was nodig na die geboorte van die baba?
- In watter opsig moes die gesinsroetine verander om aan te pas by die baba?
- Is pa nou meer betrokke as voor die geboorte?
- Op watter wyse is pa meer betrokke?
- Vertel vir my van die aanpassingsprobleme wat by die kleuter voorkom?
- Hoe het jy verwag sou die kleuter reageer?
- Wat sien jy as redes vir die kleuter se reaksie?
- Toon die kleuter meer aggressie of woedebuie na die baba?
- Voel jy soms dat die kleuter se aggressie teen jou gerig is? Dat hy kwaad is vir jou?
- Hoe laat dit jou voel?
- Waar en hoe word die aanpassingsprobleme waargeneem? Bv. net by die huis, skool, maatjies ens.
- Wat dink jy is die mees gepaste manier om die gedrag te hanteer?
- Beskryf vir my die emosies wat jy dink deur die kleuter ervaar word rondom die baba en die aanpassings in die gesin?
- Hoe beoordeel jy dit? Watter betekenis heg jy aan die probleme? Hoe dink jy daaroor?
- Hoe ervaar jy dit op emosionele vlak? D.w.s. hoe laat dit jou voel? Watter emosies ervaar jy as gevolg daarvan?
- Het die aanpassingsprobleme by die kleuter jou siening van jouself as ma beïnvloed? Hoe het dit verander?
- Hoe beïnvloed dit jou gevoel teenoor jou kleuter?
- Hoe dink jy beïnvloed jou emosionele belewenis van die probleme jou denke oor die aanpassingsprobleme?
- Hoe reageer jy as jy so daaroor voel en dink? Bv. onttrek, huil, skree, ens.
- Dink jy jou belewenis het `n invloed op hoe jy die kleuter hanteer?

- Watter invloed het jou belewenis van die probleem op jou hantering van die aanpassingsprobleme?
- Hoe hanteer jy die probleem. Bv. straf kind, verduidelik, betrek kleuter, gee spesiale aandag ens.
- Het die verhouding tussen jou en die kleuter verander na die geboorte van die baba?
- Beskryf die verhouding tussen jou en die kleuter voor die geboorte van die baba?
- Beskryf die verhouding tussen jou en die kleuter na die geboorte?
- Hoe beïnvloed jou belewenis van die aanpassingsprobleme die verhouding tussen jou en die kleuter?
- Hoe beïnvloed jou hantering van die probleme jul verhouding?
- Hoe beïnvloed die aanpassingsprobleme die algemene atmosfeer in die huis?
- Hoe bemagtig jy jouself? Waar soek jy hulp? Kry jy hulp?
- Met wie praat jy as jy bekommerd is of onseker voel oor jou kinders?
- Watter ander faktore beïnvloed jou belewenis van die aanpassingsprobleme?
- Dink jy jou selfbeeld (hoe jy jouself as ma sien) speel `n rol in jou belewenis?
- Hoe dink jy beïnvloed jou ouerskap styl jou belewenis?
- Voel dit vir jou asof jy ander maniere moet vind om die aanpassingsprobleme te hanteer omdat jou vorige manier van probleem oplossing nie meer werk nie.
- Dink jy daar is genoeg hulp beskikbaar aan moeders oor die hantering van aanpassingsprobleme? Waar sou jy hulp kon soek?
- Van wie kry jy ondersteuning en maak dit `n verskil aan jou belewenis? Sien jy weer kans vir die probleme as iemand jou `n bietjie ondersteun?
- Het jy kennis van die ontwikkelingsfase van die kleuter in die algemeen?
- Watter kennis het jy t.o.v. aanpassingsprobleme by kleuters?
- Dink jy meer kennis oor die kleuter se ontwikkelingsfase en aanpassingsprobleme `n invloed sou gehad het op jou belewenis, betekenisgewing en hantering van die aanpassingsprobleme?